# Afrikaans

## Huistaal en Lewensvaardigheid

# 3

Kwartaal 2



Onderwysersgids

3

Kwartaal 2

# Afrikaans

## Huistaal en Lewensvaardigheid

Onderwysersgids



**Erkennings**

Hierdie geïntegreerde program vir Huistaal en Lewensvaardigheid is deur 'n Funda Wande-span ontwikkel, in oorleg met individue van die kurrikulumdirektorate van die Departement van Onderwys in die Wes-Kaap, Oos-Kaap en Limpopo, akademici en onderwysers.

Die ontwikkeling van hierdie boeke is moontlik gemaak deur die finansiële ondersteuning van die Allan Gray Orbis Foundation Endowment, die FEM Education Foundation, die Michael & Susan Dell Foundation en die Zenex Foundation.

**Illustrasies:**
Baie dankie aan Anja Stoeckigt vir haar bydrae tot die meeste illustrasies in hierdie boek.

Omslag: **Anja Stoeckigt**

Ander illustrasies is verskaf deur:
**Alex Latimer:** bl. 30, 101, 111, 114, 127–129, 131 en 133;
**Patrick Latimer:** bl. 29, 31, 43, 51, 53, 77, 79, 81, 83, 85, 101, 123, 125 en 127;
**Crazy Cat:** bl. 58, 66, 68 en 102;
**Jiggs Snaddon-Wood:** bl. 55, 65, 69, 75, 79, 103, 105, 115, 163 en 175;
**Rassie Erasmus:** bl. 29, 31, 113 en klankwoorde.

---

**Foto-erkennings**
Funda Wande Media Team: alle foto's geneem in skole en klaskamers;
**iStock:** Bladsy 32: **Jenhung Huang** (koringkriek),
Bladsy 33: Татьяна Санина (bidsprinkaan),
Bladsy 37: **RHJ** (kakkerlakke),
Bladsy 41: **Jan Rozehnal** (liewenheersbesie wat plantluise vreet),
Bladsy 41: **Darkdiamond67** (muskiet wat bloed suig),
Bladsy 45: **Dharmapada Behera** (skoenlapper wat nektar suig),
Bladsy 45: **marc ouliana** (vlieg),
Bladsy 45: **defun** (miskruier),
Bladsy 49: **Stefano Barzellotti** (mopaniewurms),
Bladsy 57: **Ekaterina Kreker** (baleinwalvis),
Bladsy 59: **nechave-kon** (nabyskoot van vrugtevlieg),
Bladsy 59: **PaulinaKon** (vrugtevlieë op piesangs),
Bladsy 61: **supitchamcsdam** (koningprotea),
Bladsy 81: **koosen** (plastiekkoeldrankbottel),
Bladsy 81: **epantha** (plastiekmedisynebottel),
Bladsy 81: **LanaLanglois** (melkhouer),
Bladsy 81: **George tsartsianidis** (kartonomhulsel van bevrore groente),
Bladsy 81: **tolisma** (plastiekroomyshouer),
Bladsy 103: **Anastasila Stiahailo** (vrou wat burger en skyfies eet),
Bladsy 115: **bonchan** (jam),
Bladsy 117: **marietjieopp** (pap in bak);
**WikiCommons**: Bladsy 49: **TimCowley** (rysmiere),
Bladsy 53: **The Minnich Collection The Ethel Morrison Van DerLip Fund/ Maria Sibylla Merian** (*Metamorphosis Insectorum Surinamensium*),
Bladsy 55: **Kevstan** (Jonathan die skilpad),
Bladsy 77: **Darren Glanville** (beeldhoukuns deur Marco Cianfanelli and Jeremy Rose);
**Gallo Images**: Bladsy 105: **Sunday Times/Esa Alexander** (Siba Mtongana),
Bladsy 107: **JOHANN HATTINGH BEELD** (Reuben Riffel),
Bladsy 109: **Trevor Kunene** (Katlego Mlambo).

Alle ander foto's is verskaf met toestemming van
**Freepik**, **Rawpixel** en **Pexels**

www.fundawande.org

ISBN: 978-1-998960-30-9

Version 1: 2024

**Enigiemand is vry om die materiaal te deel (die materiaal in enige manier of in enige vorm te reproduseer of te versprei) of aan te pas (die materiaal vir enige doel te vermeng, te verander en uit te brei), mits jy die werk soos volg erken:**
***Funda Wande, Afrikaans Huistaal en Lewensvaardigheid, Onderwysersgids, Graad 3, Kwartaal 2, CC BY 4.0.***

**Geen bepalings of maatreëls mag bygevoeg word om ander te beperk om enigiets te doen wat deur die wet volgens die lisensie ooreengekom is nie.**

**Vir meer inligting: https://creativecommons.org/licenses/by/4.0/**

# Inhoud


**Ikone en afkortings** ........ **iv**

**Geïntegreerde Huistaal en Lewensvaardheidsprogram** ........ **1**

Weeklikse rooster, Kwartaal 2 ........ 1

Inhoud, Kwartaal 2 ........ 2

Assesseringsplan, Kwartaal 2 ........ 4

**Geïntegreerde leer – die Funda Wande-benadering** ........ **5**

**Onderrig Huistaal** ........ **6**

Luister en Praat ........ 6

Klanke ........ 7

Handskrif ........ 8

Lees en Skryf Fokustyd ........ 10

Leeslesse ........ 10

Skryflesse ........ 18

**Onderrig Lewensvaardigheid** ........ **21**

Aanvangskennis ........ 21

Skeppende Kunste ........ 23

Liggaamsopvoeding ........ 24

**Week 1** Insekte ........ 26

**Week 2** Insekte ........ 38

**Week 3** Lewensiklusse ........ 50

**Week 4** Lewensiklusse ........ 62

**Week 5** Herwinning ........ 74

**Week 6** Herwinning ........ 86

**Week 7** Eet gesond ........ 98

**Week 8** Eet gesond ........ 110

**Week 9** Meer oor insekte ........ 122

**Week 10** Vaslegging en hersiening ........ 134

**Assessering Kwartaal 2** ........ **136**

Geletterdheid – Huistaal: Beplanning vir deurlopende en formele assessering, Kwartaal 2 ........ 136

Luister en Praat Assesseringsrubrieke en Kontrolelyste ........ 138

Klanke Assesseringsrubrieke en Kontrolelyste ........ 139

Lees en Begrip Assesseringsrubrieke en Kontrolelyste ........ 140

Handskrif Assesseringsrubrieke en Kontrolelyste ........ 141

Skryf Assesseringsrubrieke en Kontrolelyste ........ 142

Huistaal Kwartaal 2 Puntestaat ........ 143

Lewensvaardigheid: Beplanning vir deurlopende en formele assessering, Kwartaal 2 ........ 144

Aanvangskennis en PSW Assesseringsrubrieke en Kontrolelyste ........ 146

Visuele Kunste Assesseringsrubrieke en Kontrolelyste ........ 147

Uitvoerende Kunste Assesseringsrubrieke en Kontrolelyste ........ 148

Liggaamsopvoeding Assesseringsrubrieke en Kontrolelyste ........ 149

Lewensvaardigheid Kwartaal 2 Puntestaat ........ 150

# Ikone en afkortings

| Huistaal | |
|---|---|
|  | Hardoplees of Mondeling |
|  | Lees |
|  | Klanke |
|  | Skryf |
|  | Groepbegeleide Lees |
|  | Onafhanklike Werk |

| Lewensvaardigheid | |
|---|---|
|  | Aanvangskennis en PSW en Welsyn |
|  | Skeppende Kunste |
|  | Liggaamsopvoeding |

**Ikone in die LAB**

|  |  |  |
|---|---|---|
| Skryf | Kleur in of teken | Knip uit |

Onderwysersgids – OG
Leerderaktiwiteitsboek – LAB
Groepbegeleide Lees – GBL
Persoonlike en Sosiale Welsyn – PSW
Aanvangskennis – AK
Huistaal – HT
Lees in Pare – PL
Onafhanklike Werk – OW
Departement van Basiese Onderrig – DBO

**Geïntegreerde Huistaal en Lewensvaardheidsprogram**

| Tyd per dag | Maandag | Dinsdag | Woensdag | Donderdag | Vrydag |
|---|---|---|---|---|---|
| **10 min** | **Admin.-periode: Register/kalendar/verjaarsdae/aankondigings** | | | | |
| **1 uur 30 min** | **WISKUNDEBLOK** | | | | |
| | | | | | |
| **1h 35 min** | **GELETTERDHEIDSBLOK** | | | | |
| **15 min** | Mondeling: Nuus | Luister en Praat | Luister en Praat | Luister en Praat | Mondeling: Hersiening van week |
| **OORGANGSTYD: Skerpmaak van potlode, uitdeel van boeke, handoefeninge** | | | | | |
| **10 min** | Klanke | Klanke | Klanke | Klanke | Klanke |
| **10 min** | Handskrif | Handskrif | Handskrif | Handskrif | Handskrif |
| **OORGANGSTYD: Aksierympie/-liedjie** | | | | | |
| **15 min** | Lees: Die onderwyser Hardop lees | Gedeelde lees: Begrip | Gedeelde Lees: Woordeskat | Gedeelde Lees: A. Taal B. Vlotheids-oefening | Lees: Onafhanklike werk hersiening |
| **15 min** | E-klaskamer | Skryf: Begrip | Skrif: Woordeskat | Skryf: Taal | Onafhanklike Skryf |
| **OORGANGSTYD: Strek en skud. Groep beweeg na die mat vir GBL** | | | | | |
| **15 min** | GBL | GBL | GBL | GBL | GBL |
| **15 min** | GBL | GBL | GBL | GBL | GBL |
| **(30 min parallel met GBL)** | Onahanklike Werk | Onahanklike Werk | Onahanklike Werk | Onahanklike Werk | Onahanklike Werk |
| **45 min** | **EAT-BLOK** | | | | |
| | | | | | |
| **1 uur 25 min** | **LEWENSVAARDIGHEIDSBLOK** | | | | |
| **30 min** | Aanvangskennis en PSW | Aanvangskennis en PSW | Aanvangskennis en PSW | Aanvangskennis: Hersiening van konsep | DBO-werkboek Lewens-vaardigheids-bladsy Huistaal-bladsy |
| **OORGANGSTYD: Asemhalingsoefening, uitdeel van materiaal** | | | | | |
| **30 min** | Visuele Kunste: Visuele Geletterdheid/ Prakties | Visuele Kunste: Prakties | Uitvoerende Kunste | Uitvoerende Kunste | |
| **OORGANGSTYD: Verklee, beweeg na buite, voorsien apparaat** | | | | | |
| **25 min** | Opstel van Liggaams-opvoeding: Aktiwiteitstasies **(30 min)** | Liggaams-opvoeding: Aktiwiteitstasies | Liggaams-opvoeding: Aktiwiteitstasies | Liggaams-opvoeding: Aktiwiteitstasies | Liggaams-opvoeding: Aktiwiteitstasies |

## Inhoud, Kwartaal 2

| Week | Tema | Hardoplees storie | Gedeelde Leesstorie | Onafhleeswerk | Klanke |
|---|---|---|---|---|---|
| 1 | Insekte | Insekte | Nombulelo en die grillerige insekte | Is dit 'n insek? (Verskillende vraagtipes) | Hersien woorde met twee medeklinkers aan die einde van 'n woord |
| 2 | Insekte | Die mier en die sprinkaan | Nombulelo en die grillerige insekte | Meer oor insekte (Met verskillende vraagtipes) | Woorde met twee medeklinkers aan die begin en einde van 'n woord |
| 3 | Lewensiklusse | Lewensiklusse | Die raaselagtige verdwyning van die paddavisse | Lang en kort lewensduurtes | Woorde wat eindig op oop lettergrepe (a, e, i, o en u) |
| 4 | Lewensiklusse | Feeverhaal (Sprokie): Die Prinses en die padda | Die raaselagtige verdwyning van die paddavisse | Storie in hoofstukke: Die blou eiers. (Voorspelling) | Woorde wat begin met drie medeklinkers |
| 5 | Herwinning | Mandla, Maya en die rommel | Die goedhartigste reus in die wêreld | Vloeidiagramme: Uitwerking van rommel in verskillende omgewings (NF grafiek) | Woorde wat eindig met 'n "d" wat soos 'n "t" klink |
| 6 | Herwinning | Die handelaar leer 'n les | Die goedhartigste reus in die wêreld | Storie in hoofstukke: Jakkals en Leeu (tradisionele storie) | Woorde wat begin met be- ge-, ver- |
| 7 | Eet gesond | 'n Gebalanseerde dieet | Koning Midas | Etes weg van die huis in Suid-Afrika | Woorde wat eindig op -le, -se, -te, -we, -pe, -de |
| 8 | Eet gesond | Klipsop | Koning Midas | Stapelvoedsel | Woorde met die middelklanke -ng- en -nk- |
| 9 | Meer oor insekte | Mandla en die klein swart spinnekop | Gedigte | Khanya se daaglikse dagboek | Samestellings |
| 10 | Vaslegging | | | | |

| Taal en Begrip | Skryf | Aanvangskennis en PSW | Skeppende Kunste: VK | Skeppende Kunste: UK | Liggaams-opvoeding |
|---|---|---|---|---|---|
| Niefiksie en fiksie. Taal in 'n inligtingsverslag: opskrifte, onderhofie, teenwoordige tydsvorme. | Feitelike skryf (Bidsprinkaan) | KWL: Insekte<br>Pas byskrifte by liggaamsdele<br>Neem waar en teken 'n insek | Simmetrie | Dramatiseer 'n storie | Onderwyser kies 4 aktiwiteite vir die week |
| Uitleg van 'n inligtingsverslag. | Inligtingsverslag: Bidsprinkaan | Insekte wat ons help en ander wat ons skade aandoen; definisies en pas; klassifikasies | 'n Skoen-lapper skildery | Bewegings op musiek | |
| Bronne vir navorsings-inligting. Verstaan klassifikasie en definisies. | Feitelike skryf (Kakkerlak) | KWL: Lewensiklusse<br>Lewensiklus van 'n skoenlapper<br>Teken 'n lewensiklus | Kunsgallery: Natuurlike tekeninge | Sing 'n Suid-Afrikaanse liedjie | |
| Terugvoering van navorsing. Storie-opsomming. Storiestruktuur. | Kies 'n dier om oor te skryf<br>Inligtingsverslag: 'n Dier van eie keuse | Lewensiklus van 'n padda<br>Voltooi 'n tabel<br>Vergelyk twee verskillende lewensiklusse | Neem waar en teken 'n blaar | Beweging: Beweeg soos verskillende kreature | |
| Regverdiging van 'n mening. Doel van leestekens wanneer hardop gelees word. Woordsoorte: selfstandige naamwoorde. | Mening oor 'n storie: Die goedhartigste reus | KWL: Herwinning<br>Sortering – watter vullisdrom?<br>Herwin plastiek | Kunsgalery: Foelie-beeld-houwerk | Ritmiese speletjies | |
| Storiestruktuur en storie-opsomming. | Storie-opsomming<br>Storieresensie: Die goedhartigste reus | Maak speelgoed uit afvalmaterial<br>Volg instruksies<br>Verminder, hergebruik herwin | Foelie beeld-houwerk – diorama | Groep-dramatisering | |
| Hoofgedagtes. Storiestruktuur. | Storie-opsomming: Hansie en Grietjie | KWL: Gesonde kos<br>Die voedselpiramide | Balans in kuns | Kring-speletjies<br>Sensoriese bewustheid | |
| Luisterbegrip. Storie-opsomming in cloze-formaat. | Voorbereiding en storieresensie: Hansie en Grietjie of storie van eie keuse | Enige-tyd- en af-en-toe kosse<br>Gevolge van swak voedselkeuses – tande | Stillewe – bak met vrugte | Groep-dramatisering | |
| Gedigresensie (gebaseer op 'n storieresensie) | Daaglikse dagboek<br>Dagboek-inskrywing vir die week | KWL: Nog wesens<br>Interessante feite oor insekte | 3D-boks-beeld-houwerk – insekte | Poësie en musiek | |

## Assesseringsplan, Kwartaal 2

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Week 4** | Vr. | Skryf 1: Inligtingsverslag | PRAKTIES | OG bl. 72 |
| **Week 6** | Di.–Vr. (vervolg in Week 7) | Luister en Praat 1: Storieresensie | MONDELING | OG bl. 90, 92, 94 |
| | Ma.–Di. | Visuele Kunste 1: Foelie-beeldhouwerk – diorama | PRAKTIES | OG bl. 89, 91 |
| | Do. | Uitvoerende Kunste 1: Groepdramatisering | PRAKTIES | OG bl. 95 |
| | Vr. | Physical Education 1: Games | PRAKTIES | OG bl. 97 |
| **Week 7** | Di.–Do. (vervolg van Week 6) | Luiter en Praat 1: Storieresensie | MONDELING | OG bl. 102, 104, 106 |
| | Di. | Klanke 1: Skryf klanke | LAB bl. 139 | OG bl. 102 |
| | Di. | Lees 1: Leesegrip | LAB bl. 140 | OG bl. 102 |
| | Di.–Vr. | Liggaamsopvoeding 2: Ritme en koördinasie | PRAKTIES | OG bl. 103, 105, 107, 109 |
| | Wo. | Aanvangskennis 1: ’n Gebalanseerde dieet | LAB bl. 146 | OG bl. 105 |
| **Week 8** | Ma.–Vr. | Lees 2: Mondelinge hardoplees | MONDELING | OG bl. 113, 115, 117, 119, 121 |
| | Di. | Luister en Praat 2: Luisterbegrip | LAB bl. 157 | OG bl. 114 |
| | Wo. | Aanvangskennis 2: Maak goeie voedselkeuses | LAB bl. 163 | OG bl. 117 |
| | Vr. | Klanke 2: Diktee | LAB bl. 167 | OG bl. 120 |
| | Vr. | Handskrif 1: Hoofletters in lopende skrif, en verbindings van hoof- en kleinletters | LAB bl. 152 | OG bl. 120 |
| | Vr. | Skryf 2: Storieresensie | PRAKTIES | OG bl. 120 |



# Geïntegreerde leer – die Funda Wande benadering

Die Funde Wande-program integreer Geletterdheid: Huistaal en Lewensvaardigheid. Dit word gedoen deur algemene temas en geïntegreerde lesplanne te gebruik en sleutelwoordeskat te herhaal.

## Hoekom?

- Verbeter en gee diepte aan albei vakke.
- Verseker dat alle taalvaardighede in die **betekenisvolle konteks** van 'n relevante onderwerp aangeleer word.
- **Inhoud- en konsepkennis** van die Lewensvaardigheid-onderwerp word verdiep.
- Verbreed, verdiep en herhaal **sleutelwoordeskat**.
- Dieper begrip van konsepte en hoe hulle met mekaar verband hou, verbeter **leesbegrip** en algehele akademiese bevoegdheid.
- Alle leer is dieper, meer betekenisvol en meer relevant.

## Hoe?

- Die onderwyser doen navorsing oor die onderwerpe wat in die kurrikulum uiteengesit word om te verseker dat nuwe leer nie oppervlakkig is nie.
- Sy verstaan die **sleutelkonsepte** en die uitkomste of **doel** van die onderwerp.
- Die onderwerp word in 'n Lewensvaardigheid-les bekendgestel, hetsy mondeling of deur 'n niefiksie-leesteks te gebruik.
- Hardoplees-, Gedeelde Lees- en Selfstandige lees-tekste word gekoppel aan die onderwerp, en word voorsien vir leesoefening.
- Lewensvaardigheid-lesse ontwikkel nuwe konsepte, nuwe woordeskat en vaardighede wat verband hou met die onderwerp verder.
- Geletterdheid-lesse ontwikkel mondelinge, lees-, skryf- en taalvaardighede in hierdie konteks verder.
- Lees- en skryfaktiwiteite in albeid vakke herhaal en versterk nuwe woordeskat.

## GEÏNTEGREERDE LEERSIKLUS

1. Onderwyser verdiep eie kennis van onderwerp deur navorsing te doen. →
2. Onderwyser volg die lesplanne wat rondom die onderwerp gebou is. →
3. In Lewensvaardigheid word nuwe konsepte, vaardighede en woordeskat aangeleer. →
4. In Geletterdheid lees kinders tekste wat verband hou met die onderwerp. Alle taalwerk is op hierdie tekste gebaseer. →
5. In albei vakke word belangrike konsepte en woordeskat herhaal en versterk. →
6. Vaardighede in albei vakke word verbeter.

# Onderrig Huistaal



## LUISTER EN PRAAT 15 min

### Hoekom?

- Om luistervaardighede te ontwikkel.
- Om praatvaardighede te ontwikkel.

### Hoe?

Naweeknuus (Maandag) →
Luister- en Praatvaardighede (Dinsdag) →
Luister- en Praatvaardighede (Woensdag) →
Luister- en Praatvaardighede (Donderdag) →
Hersiening van die week se werk (Vrydag)

### Dink-pare-deel metodiek

- Die leerders is op die mat (verkieslik).
- Die onderwyser stel die probleem of taak bekend.
- **Dink:** Dink *in stilte*. (1 min)
- **Pare:** Die leerders deel hul gedagtes met ’n maat. Hulle luister na ’n maat se gedagtes. (5 min)
- **Deel:** Kies ’n paar die leerders en laat hulle hul gedagtes met die klas deel. (5 min)
- **Reageer:** Die onderwyser demonstreer hoe om antwoorde te bevestig en hoe om hoflik te vra indien iets onduidelik is. Die leerders leer en oefen hierdie vaardighede.

### Inhoud

Gedurende hierdie kwartaal sal daar in Week 9 gefokus word op die luister na en aanbieding van gedigte. In Week 1–8 word daar gefokus op besprekings en aanbiedings oor persoonlike ervarings, maniere om iets uit te vind (navorsing), hoe om na ’n storie uit meer as een oogpung te kyk, die oorvertelling van ’n storie, hoe om ’n storie op te som, die aanbieding van ’n mondelinge storieresensie en die gee van menings oor stories en gedigte, asook die regverdiging van ’n eie mening. Behalwe die onderrig van mondelinge vaardighede, sluit die lesse nou aan by lees- en skryfaktiwiteite.



## KLANKE 15 min

### Hoekom?

- Om kennis van letter-klank-verhoudings in die konteks van woorde te ontwikkel.
- Om hierdie kennis te gebruik om klanke te meng en klanke te segmenteer wanneer hulle lees en skryf.
- Om elke week te leer om 10 nuwe woorde te spel.
- Om op sig hoëfrekwensiewoorde/algemene woorddele te herken deur spoedlees van woorde.

### Klankekurrikulum Graad 3

Hersien die klanke wat reeds aangeleer is, in Kwartaal 1.

| | Week 1 | Week 2 | Week 3 | Week 4 | Week 5 | Week 6 | Week 7 | Week 8 | Week 9 | Week 10 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Kw. 1 | Hersien: enkel-letters en -klanke | Hersien: aa, ee, oo, uu | Hersien: ie, oe, ui | Hersien: ou, eu, ei | Hersien: aai, eeu | Hersien: ooi, oei | Hersien: bl, br, dr, dw, fl, fr, gl, gr | Hersien: kr, kw, pl, pr, sk, sl, sm, sn, sp | Hersien: st, sw, tw, tr, vl, kl, vr | Hersien |
| Kw. 2 | Hersien woorde met twee mede-klinkers aan die einde van ’n woord | Woorde met twee mede-klinkers aan die begin en aan die einde van ’n woord | Woorde wat eindig op oop lettergrepe (a, e, i, o en u) | Woorde met drie mede-klinkers | Woorde wat eindig met ’n “d” wat soos ’n “t” klink | Woorde wat begin met be-ge-, ver- | Woorde wat eindig met -le, -se, -te, -we, -pe, -de | Woorde met -ng- en -nk- in die middel | Same-stellings | Hersien |
| Kw. 3 | Dubbel mede-klinker in middel, Mve.: oop letter-grepe | Mve.: woorde met “d” wat soos “t” klink | Mve. wat met “we” eindig<br>Woorde wat eindig op “e”, maar klink soos “i” | Dubbel mede-klinkers in middel | Woorde wat met “v” begin<br>Woorde wat met “f” begin | Woorde wat eindig op “f”<br>Woorde met “f” in die middel | Woorde wat eindig op: -ig, -ik, -ige, -ike | Woorde met ’n kappie<br>Woorde met ’n deelteken<br>Woorde met “ae” | Vk.we.: -tjie en -jie | Hersien |
| Kw. 4 | Vk.we.: met -ie, -kie, -tjie | Vk.we.: met -ie | Vk.we.: met -pie en -etjie | Vk.we.: wat eindig op -ng | Hersien vk.we. | Drieletter-grepige woorde<br>Dae en maande van die jaar | Her-siening | Hersiening | Her-siening | Hersien |

### Hoe?

**Vinnige klankherkenning (Alternatiewe dae – vir 2 minute)**

- Die doel is om automatiese en akkurate klankherkenning te ontwikkel.
- Wys teen ’n vinnige pas die flitskaarte of klanke wat alreeds aangeleer is (of wys na hulle op die muur of bord).
- Individuele die leerders, groepe of die klas sê die klanke.

**Hoëfrekwensiewoorde (tydens GBL)**

- Skryf die **hoëfrekwensiewoorde** op die bord of flitskaarte.
- Onderrig die **hoëfrekwensiewoorde** as **volle woorde**.
- Lees gereeld, byvoorbeeld, op flitskaarte. Gaan elke keer ’n bietjie vinniger. Verander die volgorde.

**LAB-aktiwiteite (daagliks)**

- In die LAB is daar aktiwiteitsbladsye om klanke wat alreeds aangeleer is, te oefen.
- Loop deur die klas en ondersteun die leerders. Voorsien verdere instruksies gedurende GBL, indien nodig. Merk die leerders se sinne.
- Kontroleer antwoorde as ’n klas.

### Spoedlees woorde (elke tweede Vrydae)

- Vorm pare. Elke maat kry 'n beurt om die woorde vir 1 minuut te lees.
- Die onderwyser hou tyd en sê "begin"en "stop".
- Die leerders omkring die woord wat laaste gelees is.
- Die onderwyser lees ná die tyd al die woorde.
- Die leerders kontroleer en tel die woorde wat korrek gelees is. (Trek woorde wat verkeerd gelees is, af.)
- Daag die leerders uit om hul telling te verbeter.

### Diktee (elke tweede Vrydae)

- Diktee toets die leerders se vermoëns om klankwoorde korrek te spel en om sinne te skryf.
- Sê elke woord of sin duidelik en stadig. Herhaal slegs een keer.
- Gee die leerders tyd om elke woord in hul beste handskrif te skryf.
- Sien na en korrigeer: Skryf die woorde of sinne op die bord vir die leerders om te merk.
- Indien 'n woord verkeerd gespel is, skryf die leerders die korrekte woord met 'n potlood bokant die verkeerde woord.






## HANDSKRIF 15 min

### Hoekom?

- In Kwartaal 2 gaan die leerders voort om te leer om lopende skrif te skryf.
- Die eerste fokus is op die vorming van die hoofletters.
- Die tweede fokus is die vaslegging van die vorming van die kleinletters.
- Die derde fokus is op die verbindingslyne tussen letters asook die korrekte verbindings onder en bo die lyne.
- Handskrifpatrone word ook voorsien.
- Hoofletters, verbindings en die skryf van kort woorde in lopende skrif sal in Kwartaal 2 aangeleer word.
- Vanaf Kwartaal 3 is die fokus op die spoed en leesbaarheid van lopende skrif.

### Hoe?

- Daar is vir elke week een LAB-bladsy vir handskrif, wat 'n les vir elke dag van die week insluit, aangedui in verskillende kleure.
- Elke dag trek die leerders die letter of patroon vir die dag in hul LAB na, en doen dan verdere oefening in hul handskrifoefenboeke.

### Voorbereiding vir handskriflesse

- Trek stelle van vier lyne elk op 'n deel van die bord. Dit kan permanent (verf) of semi-permanent (bordkryt wat in suikerwater gedoop is)op die bord aangebring word.
- Die leerders het hul LAB, handskrifoefenboek en 'n skerp potlood nodig. Geen uitveërs mag gebruik word nie!

### Die lesproses

***Demonstreer op die bord***

- Die leerders kyk na die bord tydens die demonstrasie.
- Die onderwyser skryf die letter 2–3 keer op die lyne op die bord.
- Beskryf/artikuleer die letterformasie: waar om te begin en die posisionering op die lyn.
- Voorbeeld vir i: *Begin op die middellyn, gaan skuins op, reguit af en weer skuins op.*
- Demonstreer ook die letterverbinding of patroon vir die dag.
- Demonstreer ook om nie die kryt op te lig wanneer jy lopende skrif skryf nie.

***Die leerders***

- Skryf **met hul vinger op hul banke** terwyl die onderwyser demonstreer.
- Skryf **onafhanklik in hul LAB**, trek oor die letter en verbinding van die dag.
- Skryf **onafhanklik in hul handskrifoefenboeke** om die patroon, letter en verbinding van die dag te kopieer vir addisionele oefening.

***Die onderwyser***

Loop deur die klas en gee terugvoering oor:

- potloodgreep en postuur: paddabeentjiesgreep; 'n ondersteunende hand op die papier; sit regop en nie met die kop vooroor gebuig nie; elmboog moet vrylik kan beweeg.
- handskrif: gepaste druk op papier; begin- en eindposisie; korrekte letterformasie; moenie potlood oplig nie; netjiese verbindings.

**Die leerders kies** hul "beste" letter/woord in elke lyn en omkring dit vir die onderwyser om na te kyk. Die onderwysers kan as 'n alternatief die goed gevormde letters merk wanneer hulle dit nasien.

**Boeke moet gereeld ingeneem word vir terugvoering.** Skryf enige verkeerde letters op 'n skoon reël. Die leerder voltooi die reël. Prys goed gevormde letters. Leerders doen die volgende week verbeterings tydens Onafhanklike Werk.



**LEES EN SKRYF FOKUSTYD** **2 uur 15 min**



**LEESLESSE**

Die onderwyser lees hardop (Maandag) →
Gedeelde Lees: Begrip (Week A Dinsdag)/Vlotheid (Week B Dinsdag) →
Woordeskat (Week A Woensdag)/Woordeskat- en Taalhersiening (Week B Woensdag) →
Taal- (Week A Donderdag)/Vlotheidsoefening (Week B Donderdag) →
Hersien Onafhanklike Lees (Vrydag)
**Elke dag:** Groepbegeleide Lees met 2 verskillende groepe; Onafhanklike Werk

## Die onderwyser lees hardop (Maandag)

Die onderwyser lees hardop stories wat literatuurgebaseerd is asook stories wat by Lewensvaardigheid aansluit.

- Die literatuurgebaseerde stories sluit aan by die Gedeelde Lees-teks (óf ’n uitgebreide weergawe van die storie, óf ’n storie met dieselfde genre/skakel van die onderwerp). ’n Verskeidenheid genres word ingesluit om kennis van hierdie genres uit te brei.
- Die Lewensvaardigheid-stories stel ’n nuwe tema op ’n gepaste verhalende wyse bekend, deur óf bespreking óf ’n denkbeeldige storie.

### Hoekom?

- Om luister- en konsentrasievaardighede te ontwikkel.
- Om ryk taal bekend te stel en om die leerders se woordeskat uit te brei.
- Om verskillende genres van literatuur of ’n nuwe tema in Lewensvaardigheid bekend te stel.

### Hoe?

**Vóór lees**

- Vra 2–3 vrae om aan te sluit by die leerders se bestaande kennis/ondervinding.
- Gee ’n doel of rede om te luister.

**Lees die storie**

- Gebruik uitdrukking of dramatisering om die leerders se aandag te trek.
- Verduidelik kortliks enige onbekende woorde terwyl jy die storie lees sonder om die vloei van die storie te bederf.

**Ná lees**

- Laat 1–2 minute toe vir spontane reaksie.
- Kontroleer begrip en konsentrasie deur 2–3 vrae te vra.



## Gedeelde Lees (Dinsdag)

### Hoekom?

- Om lees- en taalvaardighede met die ondersteuning van die onderwyser binne ’n betekenisvolle konteks te ontwikkel.
- Hierdie vaardighede sluit in: begrip, woordeskatontwikkeling, sinskonstruksie en leesvlotheid.

### Hoe?

**Vóór lees**

- Oriënteer die leerders tot die boek deur hul bestaande kennis te gebruik, die titel te lees, en na 1–2 illustrasies te kyk. **MOENIE MEER AS 2–3 MINUTE HIERAAN SPANDEER NIE.**

**Gedeelde Lees**

- Lees die storie saam met die leerders. Die leerders volg, lees saam waar hulle kan en wys na die woorde in hul LAB terwyl jy lees.
- Lees vlot en met uitdrukking.
- Lees weer die storie. Sodra die leerders met meer selfvertroue begin lees, kan jy sagter begin lees. Verhef weer jou stem wanneer jy moeilike woorde of frases teëkom.
- Vra die leerders elke dag om ’n woord of sin buite konteks te lees om te kontroleer dat hulle die woorde wel lees en nie memoriseer nie.

**Ná lees**

- Binne die tweeweeklikse tema, sal die leerders die volgende leesvaardighede oefen:
- Begrip: In elke teks word op ’n ander begripstrategie gefokus; elke teks word opgevolg met twee kort geskrewe begripsaktiwiteite.
- Gedurende hierdie kwartaal is die fokus op die opsomming en gee van ’n mening. Dit sluit aan by die skryfaktiwiteite vir die kwartaal. Partye van die begripsaktiwiteite is in die cloze-formaat en ander moet ’n mening gegee word.
- Woordeskat: Vyf leeswoordeskatwoorde word met elke verhaal bekendgestel.
- Taal/sinswerk: Een tot drie sleutelsinne word uit die storie geneem en gebruik om kennis van grammatika te ontwikkel.
- Vlotheid/tempo: Vlotheid word gedemonstreer en ’n aktiwiteit gebaseer op die storieteks word elke week verskaf.



## Taal

- ’n Sleutelsin word in die Gedeelde Lees-teks geïdentifiseer om die kennis van taal te ontwikkel.
- Die sin word geanaliseer met ’n spesifieke fokus.
- Die leerders skryf hul eie sin wat op die sinspatroon gebaseer is. Dit sal verseker dat selfs die minder bevoegde leerder elke week 2–3 samehangende en grammatikaal korrekte sinne sal skryf.

### Hoekom?

- Om taalvaardighede te ontwikkel sodat individuele woorde/woordgroepe/dele van woorde in ’n sin geïdentifiseer kan word.
- Verbind grammatikale kenmerke met spesifieke skryfgenres, bv. inligtingverslae.
- Om ’n begrip van korrekte sinstruktuur te ontwikkel.
- Om die leerders se skryfselfvertroue te ontwikkel.

### Hoe?

#### Stel die sin bekend

- Skryf die sleutelsin op die bord. Lees dit saam met die leerders.
- Die leerders soek en vind die sin in die teks en onderstreep dit.

#### Werk met die sin

Identifiser spesifieke woorde/woordgroepe/dele van woorde. Vra mondelinge vrae:

- **Wie?**- en **Wat?**-vrae help die leerders om selfstandige naamwoorde te identifiseer (mense en dinge).
- **Doen wat?**-vrae help die leerders om werkwoorde te identifiseer (aksies, dinge wat mense sê en voel, tydsvorm).
- **Wanneer?**-vrae help die leerders om die tyd toe iets gebeur het te identifiseer (bywoordelik).
- **Waar?**-vrae help die leerders om ’n posisie of plek te identifiseer (bywoordelik).
- **Waarom (Hoekom)?**-vrae help die leerders om ’n rede vir die aksie te identifiseer (bywoordelik).
- **Hoe?**-vrae help die leerders om die manier waarop iets gebeur te identifiseer (bywoordelik).

#### Skryf

- Die leerders herstruktureer die sin. Geskommelde woorde of sinne met gapings (cloze) word verskaf. Cloze-aktiwiteite is ook ’n betroubare aanduiding van lees vir begrip.
- Hulle skryf hul eie sin wat op die patroon gebaseer is.



## Woordeskat

Woordeskat-/flitskaartwoorde word in elke Gedeelde Lees-teks geïdentifiseer. Die leerders sal die woorde hoor en sien, en leer om dit te lees en skryf. In Week 9 gaan die woorde **oor** die tekste.

### Hoekom?

- Om leeswoordeskat te verbreed.

### Hoe?

#### Woordeskatflitskaarte

- Maak flitskaarte vir die vyf woordeskatwoorde.
- Plaas dit teen die woordmuur en lees dit elke dag oor die twee-weeklikse tema.
- Werk met woorde: wys ’n aspek van die struktuur van die woord uit (bv. die aantal lettergrepe, beginklank, eindklank ens.); plaas in alfabetiese volgorde; sorteer in woorde met dieselfde getal letters wat met dieselfde letter begin/eindig, ens.

#### Vind die woorde

- Lees weer die storie, of ’n gedeelte daarvan (wat om te lees word in die OG aangedui), as Gedeelde Lees saam met die leerders.
- Die leerders vind en onderstreep/omkring/verlig die woordeskatwoorde in die teks.
- Bespreek die betekenis van elke woord in die konteks van die storie.

#### Oefen lees en skryf die

- Die leerders skryf die woorde as deel van die LAB-aktiwiteite.
- Hulle kopieer die woordeskatwoorde in hul persoonlike woordeboeke.
- Daarby kan hulle met die flitskaartwoorde werk soos beskryf.



## Leesvlotheid

### Hoekom?

- Om die vermoë te wontwikkel om vinnig, akkuraat en met uitdrukking te lees.
- Mondelinge leesvlotheid is 'n **oorbrugging na begrip**: Indien die leerders woorde vinnig en akkuraat kan lees, sal hulle in staat wees om op die betekenis van die teks te fokus.
- Herhaalde leesoefening ontwikkel vlotheid.
- Die assessering van die aantal woorde in 'n teks wat 'n leerder in een minuut kan lees, gee aan die onderwyser 'n goeie aanduiding van die leerder se leesvermoë.
- Om deur herhaalde lees van 'n teks of memorisering van hoëfrekwensiewoorde vlotheid te ontwikkel.

### DBO se riglyne vir vlotheid van hardoplees in Afrikaans

| | | |
|---|---|---|
| | **80** | **Einde van Graad 3**<br>Alle leerders behoort ten minste 80 **WOORDE** per minuut korrek te kan lees tydens die lees van 'n leesteks. |
| | **50** | **Einde van Graad 2**<br>Alle leerders behoort ten minste 50 **WOORDE** per minuut korrek te kan lees tydens die lees van 'n leesteks. |
| | **40** | **Einde van Graad 1**<br>Alle leerders behoort hul **LETTERSKLANKE** goed te ken, en ten minste 40 **LETTERS** per minuut korrek te kan se. |

### Hoe?

- Elke tweede Dinsdag doen die leerders 'n spoedleesoefening met die Gedeelde Leesstorie, sonder enige prentaanwysings. Herhaalde lees verbeter leesspoed.
- Elke tweede Vrydag doen hulle spoedlees van hoëfrekwensiewoorde of klankwoorde. Herhaalde lees verbeter leesspoed.

### Metodologie

- Leerders werk in pare. Die onderwyser stel die stophorlosie.
- Die eerste leerder lees 'n LAB-teks hardop vir 'n maat. Onbekende woorde word oorgeslaan.
- Die onderwyser stop die horlosie na een minuut. Die leerders omkring die laaste woord wat gelees is.
- Ruil om.
- Die onderwyser lees die teks saam met die leerders sodat enige onbekende woorde gelees kan word.
- Die leerders tel die aantal woorde wat gelees is – die onbekende woorde word uitgesluit.
- **Herhaal** hierdie spoedleesaktiwiteit sodat die leerders 'n geleentheid kan kry om hul tyd te verbeter.
- Let wel: Hierdie is **nie 'n kompetisie tussen die leerders nie**, maar die leerders probeer eerder om hul **eie tyd** met elke lees elke twee weke verbeter. Moedig leerders na afloop van die les aan om die teks of woorde te herlees vir verdere vlotheid. Hulle kan dit in hulle vrye tyd met 'n maat wat tydhou doen, of by die huis met 'n familielid.



## Onafhanklike Lees (Elke dag, parallel met GBL)

### Hoekom?

- Om onafhanklikheid in lees te ontwikkel om die leerders voor te berei vir die hoër grade.
- Om daagliks oefening in dekodering en lees te kry.
- Om leesmotivering te ontwikkel deur interessante, outentieke tekste te lees.
- Om die leerder se agtergrondkennis te verskerp wat bydra tot beter begrip.
- Om skryfvaardighede te ontwikkel wanneer hulle geskrewe vrae beantwoord of op dieteks reageer.
- Om temawoordeskat weer te gebruik of te onthou.







### Hoe?

#### Onafhanklike Lees-tekste

- Vyf kort tekste word vir elke week voorsien.
- Die eerste teks bestaan uit sinne wat op die spelling van woorde en bekende klanke gebaseer is. Al die leerders, selfs die minder bevoegdes, moet in staat wees om die woorde te klank en die teks te lees.
- Die volgende vier tekste hou verband met die tema, maar bied meer as dit om die leerders se kennis van die tema te verbreed. Gedurende hierdie kwartaal is daar kort feitelike tekste oor interessante onderwerpe, ’n Afrika-storie wat in “hoofstukke” verdeel is, vloeidiagramme wat die uitwerking van besoedeling op verskillende omgewings aandui en ’n kind se daaglikse dagboekinskrywings.







- Elke teks het ’n kort aktiwiteit of vrae om die leerders se begrip te toets en om hulle toe te laat om skriftelik op die teks te reageer. In Week 9 is hierdie geskrewe terugvoering in die vorm van daaglikse dagboekinskrywings deur die leerders.




#### Gebaseer op jul Kwartaal 1 ondervinding, herinner leerders

- Wat onafhanklike lees is. *Jy lees ’n teks vir jouself, sonder om die woorde hardop te sê. Jy ‘wend ’n poging aan’ tot dekodering en om te verstaan.*
- Wat jy **nie doen** wanneer jy onafhanklik lees nie: *Praat, opstaan, moed opgee.*
- Wat om te doen wanneer jy by ’n woord kom wat jy nie verstaan nie: *Kyk na die dele van die woord, klank die letters, vra ’n maat, raai wat dit beteken en lees verder.*
- Wat om te doen wanneer jy klaar die teks gelees het: *Beantwoord die vrae in jou LAB.*

#### Hersien elke Vrydag

- Op Vrydae lees die onderwyser die week se Onafhanklike Lees-tekste **vir** die leerders terwyl hulle in hul boeke volg.
- Bespreek die tekste, beantwoord vrae mondelings.
- Die leerders korrigeer hulself.
- Verduidelik enige woorde wat die leerders problematies vind.

## Groepbegeleide Lees (Elke dag)

### Hoekom?

- Om gedifferensieërde onderrig aan kleiner groepe met dieselfde vermoëns en behoeftes te voorsien.
- Om geskikte gegradeerde tekste te gebruik sodat die leerders leessukses ervaar.
- Om 'n geleentheid te skep om vordering te kontroleer en nuwe leesvaardighede te onderrig.

### Hoe?

**Begeleide Lees-groepe**

- Verdeel die klas in vyf groepe volgens hul vermoëns.
- Party leerders mag op die Vroeë Lees-vlak wees, maar ander kan reeds Vroeë Vlotlesers te wees.
- Roep elke groep om vir 15 minute saam met jou te werk, twee maal per week. (Indien die nie moontlik is nie, spandeer een keer per week 30 minute met elke groep.)
- Gebruik 'n geskikte teks vir die vlak van die groep. Dit kan beteken jy moet 'n teks kies uit:
  - 'n keurbundel of enige boek op die leerders se vlak
  - hierdie week se Gedeelde Lees-teks
  - een van die Onafhanklike Lees-tekste.
- Dit is jou spesiale tyd met elke groep. Kontroleer die leerders se vordering. Gebruik onderriggeleenthede om hul leesvaardighede te ontwikkel.
- Bepaal waar ekstra hulp nodig is en maak tyd daarvoor.

- Vir aktiwiteite vir die Vroeë Lees-vlak, klik hier
- Vir aktiwiteite vir die Vroeë Vlotlees-vlak, klik hier






# Klim die Leesleer

| | | | |
|---|---|---|---|
| Vroeë vlotleser | 5<br>**Leesster**<br> | **Ek kan langer tekste lees**<br>• Lees 4 of meer sinne<br>• Lees hardop of stil<br>• Herken hoë frekwensie-woorde<br>• Klank onbekende woorde<br>• Lees vlot, let op na leestekens<br>• Beantwoord hoër orde-vrae | **Ek benodig**<br>• Meer dinge om te lees.<br>• Oefen lees in GBL en op my eie. |
| | 4<br>**Leesvuurpyl**<br> | **Ek kan Verstaan wat ek lees**<br>• Voorspel betekenis vanuit die titel/illustrasies<br>• Let op na leestekens<br>• Lees met uitdrukking<br>• Beantwoord vreae | **Ek benodig**<br>• Leer my, asseblief.<br>• Oefen lees in GBL en op my eie. |
| Vroeë Leser | 3<br>**Leesson**<br> | **Ek kan Hardop lees**<br>• Klank woorde<br>• Herken hoë frekwensie-woorde<br>• Lees 1–3 kort sinne hardop<br>• Lees hulle teen 'n goeie pas | **Ek benodig**<br>• Help my om dit te klank.<br>• Gee vir my HF-woorde om te leer.<br>• Oefen lees in GBL. |
| | 2<br>**Leesarend**<br> | **Ek kan Letters herken**<br>• Tel letters in 'n woord<br>• Sê watter letters is dieselfde<br>• Benoem klanke<br>• Vind hoofletters | **Ek benodig**<br>• Leer my, asseblief.<br>• Kyk saam met my na die alfabet.<br>• Oefen lees in GBL. |
| Ontuikende Leser | 1<br>**Leesvoëltjie**<br> | **Ek kan Klanke in woorde hoor**<br>• Klap lettergrepe<br>• Tel lettergrepe<br>• Sê beginklanke<br>• Sê eindklanke<br>• Tel die klanke in 'n woord<br>• Herken die klank wat nie pas nie | **Ek benodig**<br>• Leer my, asseblief.<br>• Gee vir my 'n paar voorbeelde.<br>• Oefen lees in GBL. |



## SKRYFLESSE

Week A: Geskrewe begrip (Dinsdag) → Onafhanklike skryf (persoonlike skryfwerk) (Vrydag)

Week B: Geskrewe begrip (Dinsdag) → Gedeelde skryf (Donderdag) → Onafhanklike skryf (gestruktueerde skryf) (Vrydag)

## Onafhanklike skryf

### Hoekom?

- Om die leerders te help om sinvolle tekste te skryf en hulself duidelik en met gemak uit te druk.

### Hoe?

- Kopieer die aktiwiteit op die bord soos in die dag-vir-dag notas aangedui.
- Leerders se skryfwerk word in hulle oefenboeke gedoen.
- In Kwartaal 2 sal Onafhanklike skryfwerk afwisselend tussen Week A met een enkele skryfsessie en Week B met twee opeenvolgende skryflesse plaasvind.



### Enkele skryflesse (Week A, Vrydag)

- In die kort vóór-skryf bespreking (2–3 minute), stel die taak bekend.
- Leerders skryf vryelik gebaseer op 'n taak. Hierdie is 'n stresvrye geleentheid vir leerders om hulle skryfselfvertroue te ontwikkel.
- Moedig en komplimenteer nuwe en interessante idees en woordeskat aan.
- Moedig leerders aan om "'n kans te waag" met speling.
- **Nasien:** Lewer eerder kommentaar as om 'n punt te gee. Hierdie aktiwiteite is eerder om hulle aan te moedig as om te toets. Reageer op die inhoud. Byvoorbeeld: *Jou oom klink na 'n interessante persoon.* of *Ek wens ék het Durban besoek.*

### Dubbellesse (Week B, Donderdag en Vrydag)

- Hierdie lesse is meer gestruktueerde skryf om leerders te leer om in 'n spesifieke genre korrek te skryf.
- In Kwartaal 2 is die genres 'n inligtingsverslag, boek-/storieresensie en dagboekinkrywings.
- Elke genre sluit aan by 'n leessteks as voorbeeld. Wys die volgende uit:
  - tekskenmerke soos paragrafering, opskrifte, onderhofies en uitleg.
  - grammatika wat aansluit by die genre (tydsvorme, wie skryf, spesiale leestekens).
- Die sleutelsin wat vir Taallesse gekies is, sluit ook by die genre aan.
- In die eerste van die twee skryflesse sal daar voorbereiding wees (gedeelde skryf of die maak van notas, skryf van 'n konsep).
- In die tweede les sal leerders hul finale konsep skryf.
- Probeer sover moontlik dat leerders hul skryfwerk vir 'n maat of groep lees sodat hulle kan kontroleer of dit sin maak, en dit self redigeer.

- Nasien: Merk hierdie meer gestruktueerde tekste.
  – **Ken 50% van die punte toe aan inhoud:** logiese organisering van idees eerder as lukrake idees; oorspronklike idees; interessante woordkeuse, een onderwerp per paragraaf, goeie keuse van opskrifte.
  – **Ken 50% van die punte toe aan grammatika, spelling en korrekte tekskenmerke:** korrekte sinkonstruksie, toepaslike leestekens, korrekte spelling van hoë-frekwensie woorde; toepaslike tydsvorme vir die genre, konsekwente gebruik van tydsvorm, korrekte uitleg en organisering.



## Geskrewe begrip

Daar is elke week 'n kort begripstaak om die leerders se selfvertroue te help verbeter en om 'n positiewe houding teenoor begripstoetse te verseker. Alhoewel daar net 'n beperkte aantal vrae per begripstaak is, is die fokus in graad 3 op afleibare, en nie op feitelike nie, vrae. Daar is ook verwysingstipe-vrae waar die leerders 'n bladsynommer in plaas van 'n antwoord gee.

### Hoekom?



- Om die leerders te onderrig om antwoorde in die teks te vind (deur nie die teks te memoriseer nie, maar dit van nader te bekyk of te analiseer).
- Om die leerders bekend te stel aan **verskillende tipes vrae** wat hulle in eksterne of gestandaardiseerde toetse mag teëkom, bv. tabelle, veelvuldige keuse, kontrolelyste, vul-die-gaping, volsinne, ens.
- Om die leerders bekend te stel aan verskillende **vlakke van vrae** sodat hulle die skakel tussen 'n vraag, die soort verwagte antwoord en waar die antwoord gevind mag word, kan sien. Teen die einde van Kwartaal 1 behoort die leerders in staat te wees om te identifiseer of die vraag 'n **soek-en-vind-** (feitelik), **lees-en-dink-** (afleibaar) of **op-my-eie-** (persoonlike mening) vraag is.
- Om **begripstrategieë bekend** te stel wat die leerders kan gebruik terwyl hulle lees sodat hulle met begrip kan lees. Vir hierdie kwartaal sluit dit in: voorspelling, bepaling van die feite in **'n niefiksie-** teks, onderskeiding tussen fiksie en niefiksie, opsomming van 'n storie, vaslegging van die hoofgebeure of idees, gee van 'n mening van die storie, en regverdiging van 'n mening.

**Hoe?**

### Lees die begripsvrae

- Jy mag dalk die volgende byvoeg:
- **Verduidelik slegs die vraagtipes vir daardie week**, bv.:
  - **Voltooi ’n tabel:** Stel die inligting vanuit die teks in ’n tabel voor.
  - **Veelkeusige-vraag:** Lees al die moontlike antwoorde en merk *slegs* die korrekte een.
  - **Kontrolelys:** Lees al die moontlike antwoorde en merk *almal* wat korrek is.
  - **Vul-die-gaping:** Selekteer (kies) ’n paar woorde om die sin te voltooi.
  - **Volsinne:** Beantwoord die vraag in ’n volsin met korrekte leestekens.
  - **Volgorde van gebeure:** Nommer die gebeure in ’n storie.
- Herinner die leerders aan die verskillende tipes antwoorde wat vereis mag word:
  -  **Soek en vind –** letterlik: Die antwoord is in die teks.
  -  **Lees en dink –** afleibaar: Die antwoord is voorgestel in die teks, maar jy moet dink daaroor en dit in jou eie woorde omskryf.
  -  **Op my eie –** persoonlike mening: Die antwoord is nie in die teks nie, maar in jou eie denke.
- Verduidelik die **begripstrategie** vir die week, indien nodig (soms is dit eerder implisiet as eksplisiet).

### Skriftelike werk

- Die leerders voltooi die geskrewe begripsoefening in die LAB.
- Indien die tyd dit toelaat, merk die aktwiteit saam met die klas en verduidelik waarom sekere antwoorde korrek is.
- Verduidelik waarom sekere antwoorde korrek of geskik is, selfs wanneer verskillende leerders verskillende antwoorde geskryf het.

# Onderrig Lewensvaardigheid

**Maandag en Dinsdag:**
Aanvangskennis/PSW; Visuele Kunste, LO

**Woensdag en Donderdag:**
Aanvangskennis/PSW; Uitvoerende Kunste, LO

**Vrydag:** Tema-oorsig, LO.



## AANVANGSKENNIS

### Lees om lesse te leer

#### Hoekom?

- Om lees-om-te-leer-vaardighede te ontwikkel vir toekomstige handboeke en om niefiksie-tekste te lees.
- Om kennis van die struktuur van niefiksie-tekste en organisatoriese toestelle soos tabelle te ontwikkel.
- Om vaardighede te ontwikkel om kennis oor te dra.

#### Hoe?

**Aanvangskennis**

- Gedeelde Lees: Lees die titel en oriënteer die leerders in die onderwerp.
- Vind uit wat hulle reeds oor die onderwerp weet (mondelings).

**Nuwe kennis**

- Wys die struktuur/formaat van die teks, bv. tabelle, Venn-diagram, eksperiment, diagram met byskrifte, vergelyking, paragrawe met sub-opskrifte, foto's met byskrifte, ens.
- Lees die teks vir die leerders en verduidelik enige nuwe woorde binne konteks.

**Skryf**

- Lees die aktiwiteit wat aan die teks gekoppel is.
- Die leerders voltooi die LAB-aktiwiteit.

### KWL-lesse

#### Hoekom?

- Om die leerders te help om kennis te bou deur nuwe inligting te integreer met dit wat hulle reeds weet.
- Om geleentheid te sket om hul eie vrae te formuleer en om antwoorde te soek.
- Om skryfoefening te bied.
- Om die leerders aan te moedig om te reflekteer op dit wat hulle geleer het.

## Hoe?

**Kopieer die KWL-kaart uit die LAB op die skryfbord** (Week A Maandag)




### Dink-pare-deel

- **Dink:** Op hul eie dink die leerders oor wat hulle reeds van die onderwerp weet.
- **Pare:** Die leerders bespreek saam wat hulle reeds weet.
- **Deel:** Party leerders vertel vir die klas (gee aan elkeen ’n geleentheid deur die loop van die kwartaal). Die onderwyser teken **’n paar** idees in kolom 1 van die KWL-kaart op die bord aan.

### Skryf

- Vra die leerders wat hulle oor die onderwerp wil leer. Moedig al die leerders aan om vrae te formuleer. Skryf **’n paar** vrae in ry 2.
- Die leerders kies ten minste een idee uit elke ry om op hul KWL-kaart te kopieer, of skryf hul eie idees.

### Reflekteer oor wat geleer is (Week A en B Donderdag)

- Gaan terug na Maandag se KWL-kaart.
- Vra vrae:
  - Wat het ons hierdie week geleer?
  - Het ons uitgevind wat ons wou weet?
  - Wat wil julle volgende week uitvind? (slegs die eerste Donderdag)
- Help die leerders om hul antwoorde op die kaart te skryf.

## Aanvaar/verwerp (ook genoem Konsepkontroleringsvrae)

## Hoekom?

- Om die leerders se kennis van sleutelkonsepte te verdiep.
- Om die leerders se begrip van sleutelkonsepte te assesseer.

### Aktiwiteit

- Kies drie sleutelkonsepte wat aan die onderwerp verwant is en skryf elkeen op ’n flitskaart neer.
- Hou ’n flitskaart op en vra die leerders om dit hardop te lees.




- Maak drie stellings wat verband hou met die konsep.
- Vra die leerders om hul duime op te wys, indien die stelling waar is, en hul duime af te wys, indien dit onwaar is.
- Herhaal vir die ander twee konsepte.

## Aktiwiteit/proseslesse

### Hoekom?

### Aanvangskennis

- Dit sluit aan by Lees-om-te-leer-teks.

### Nuwe kennis

- Ontwikkel prosesvaardighede wat aansluit by Aanvangskennis, bv. kategorisering, waarneming, eksperimentering, ens.
- Ontwikkel algemene kennis, ervaringskennis en spesifieke dieptekennis van sekere onderwerpe.
- Ontwikkel vaardighede om kennis oor te dra.



## SKEPPENDE KUNSTE

### Hoekom?

- Om verskillende maniere te onwikkel om na die wêreld te kyk.
- Om die geleentheid te skep om idees visueel en fisiek uit te druk en te verken.
- Om kreatiwiteit en verbeelding aan te moedig.

### Hoe?

- Daar is vir elke tweede week ’n bladsy in die LAB vir Visuele Kunste. Dit wissel tussen onderrig van Visuele Kunste-woordeskat en -konsepte, en kunswaardering (Kunsgalery).
- Praktiese Visuele Kunste-aktiwiteite word gewoonlik oor drie lesse aangebied. Die onderwyser voorsien die papier, kryte, verf, ens.
- Stal die voltooide werk in die klaskamer uit.
- Versamel herwinbare materiale om vir 3D-kuns te gebruik.
- Visuele Kunste-aktiwiteite ontwikkel vaardighede soos lyn, kleur, tekstuur, verf, teken, collage, ens.
- Vir Uitvoerende Kunste is dit ’n goeie idee om ’n versameling van rekwisiete soos serpe, hoede en ’n nagemaakte mikrofoon in die klaskamer te hê.



## LIGGAAMSOPVOEDING

## Maandag

### Berei voor

- Kies vier verskillende aktiwiteite op bladsy 24 vir die week.
- Berei die toerusting vir die aktiwiteite voor.
- Verdeel die klas in vier groepe vir die week.

### Stel aktiwiteitstasies bekend

- Wys die toerusting en verduidelik die aktiwiteite vir die week.
- Die leerders rolspel die aktiwiteite.

### Doen klasaktiwiteit

- Speel ’n speletjie soos vang-vang, Krappe-en-Kraaie of wegkruipertjie.



## Dinsdag–Vrydag

### Warm op

- Hardloop op tone soos feetjies/stamp voete soos ’n reus/gly soos ’n swaan.
- Volg my instruksies: Loop sywaarts/draai links/draai regs/hurk/spring op.
- Ritmiese handeklap/klik/voetstampaktiwiteite gelei deur verskillende leerders.

### Aktiwiteitstasies

- Groepe roteer deur die aktiwiteitstasies en doen een aktiwiteit per dag op Dinsdag tot Vrydag te doen. Sien bladsy 24 vir aktiwiteitsidees.
- Die onderwyser beweeg van groep tot groep, neem waar en ondersteun.



**Koel af**

- Oefen diep asemhaling
- Staande of sittende, strek verskillende liggaamsdele
- Trek spiere styf en ontspan, begin by die tone en beweeg totby die kop

## Aktiwiteite vir aktiwiteitstasies in Liggaamsopvoeding

Kies vier aktiwiteite per week wat op verskillende vaardighede fokus.

### 1 Beweging: Resies

- Hardloop en loop op verskillende maniere.
- Beweeg sywaarts, vorentoe, agtertoe in 'n patroon.

### 2 Perseptueel-motories: Tennisset/minitennis

- Loop in 'n sirkel op 'n harde oppervlak – bons tennisbal in die lug en op die grond.
- Met 'n maat, gooi en vang – oorarm en onderarm.
- Gooi 'n bal teen 'n merker op 'n muur – hoog en laag.

### 3 Ritme: Spring met 'n tou

- Individuele touspring: staande, beweeg met spoed.
- Touspringspeletjies in 'n groep.

### 4 Koördinasie: Dribbel en gee aan

- Dribbel 'n bal met die voete (sokker), bons 'n bal (basketbal).
- Beweeg 'n bal deur 'n hindernis – sig-sag en hindernisbaan.
- Gee die bal aan terwyl jy hardloop (netbal, rugby en sokker).

### 5 Ruimtelike oriëntasie: Hardloopspeletjie en hindernisbaan

- Stel 'n ingewikkelde hindernisbaan op.



### 6 Balans

- Aflosresies: sig-sag deur kegels/merkers.
- Balanseer op een been.
- Gimnastiek: Kopstaan/handstaan; brugstaan.

### 7 Lateraliteit

- 'n Reeks bewegings met handapparate, soos hoepels, linte, wat dieselfde aksies na links en regs vereis.













# Insekte



## UITKOMSTE VIR DIE WEEK

**Die leerders sal:**

- Leer dat diere volgens hul karaktertrekke geklassifiseer (gegroepeer) word.
- Leer om die karaktertrekke van insekte te identifiseer.
- Die dele van 'n by waarneem, teken en byskrifte daarby skryf.
- Die verskil tussen fiksie- en niefiksie-tekste verstaan.
- Kort tekste wat op die tema gebaseer is, lees, of insekte identifiseer.
- Na simmetrie in Visuele Kunste-lesse kyk.
- Feite oor die bidsprinkaan neerskryf.

## VOORBEREIDING

### Flitskaarte

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **Geletterdheid** | klassifikasie | voorkoms | gewoontes | borsstuk | agterlyf |

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Lewensvaardigheid** | voelhorings | vlerke | saamgestelde oë |
| | *feelers* | *wings* | *compound eyes* |

### Sinne

***Klassifikasie****: Koringkrieke is insekte.*
***Voorkoms****: Hulle is bruin.*
***Gewoontes****: Hulle eet plante en diere.*

## TOERUSTING

- A4-papier, potlode en kryte vir die Visuele Kunste-aktiwiteit
- Benodigdhede vir gekose Liggaamsopvoedingsaktiwiteite
- Die leerders se skryfboeke

## ASSESSERING

**Neem in en merk:** Woordeskat (Woensdag); Sinne (Donderdag); Handskrif (Vrydag)

**Informeel:** Spoedlees van woorde (Vrydag); Skryf (feite); Handskrif; Begrip; Woordeskat en Taalwerk; AK-bladsye.

# Insekte

*Hierdie storie is 'n inleiding tot die Lewensvaardigheidtema oor insekte. Die onderwyser lees dit op Maandag (sien OG, bl. 28) Die leerders kan na die illustrasie in die LAB kyk en van die insekte wat bespreek is, identifiseer.*

Het jy geweet dat daar tussen ses en tien miljoen verskillende soorte insekte in die wêreld is wat in verskillende vorms, kleure en groottes voorkom?

Kan jy enige insekte noem? Algemene Suid-Afrikaanse insekte sluit in skoenlappers, motte, bye, miere, muskiete, vlieë, liewenheersbesies, perdebye, naaldekokers, bidsprinkane, sprinkane en vele meer.



Alhoewel daar baie verskillende insekte is, is daar 'n paar dinge wat alle insekte in gemeen het. Alle insekte se liggame bestaan uit drie dele. Dit is die kop, borsstuk (toraks) en die agterlyf (buikholte). Alle insekte het ses pote – drie aan elke kant. Hulle het ook twee voelhorings (antennas).

Insekte het 'n harde omhulsel aan die buitekant van hul liggame, en nie 'n geraamte (skelet) in die binnekant van hul liggame soos mense nie.

Hoe beweeg insekte? Party kan vlieg. Hulle het twee paar vlerke. Die patrone wat ons op die insekte se vlerke sien, is are wat die vlerke sterker maak. Party insekte, soos miere, loop, maar kan nie vlieg nie. Ander insekte, soos vlieë, bye en kewers, kan vlieg én loop. Daar is selfs insekte wat kan swem.

Insekte is belangrik vir ons, of ons van hulle hou of nie. Party insekte is baie nuttig. Die meeste plante word deur insekte bestuif. Sonder insekte sou plante nie vrugte of sade kon produseer nie, en sou daar dus nie genoeg voedsel vir diere of mense gewees het nie. Skoenlappers en motte dra die stuifmeel tussen blomme oor. Bye bestuif plante, maar hulle maak ook heuning van die nektar wat hulle bymekaarmaak. Liewenheersbesies eet die peste wat plante in die tuin kan laat doodgaan.

Ander insekte kan skadelik wees. Sprinkane eet plante en wanneer hulle in groot swerms vlieg, kan hulle groot landerye met gewasse vernietig. Termiete eet hout en kan dus huise en heinings van hout beskadig. Party insekte het angels wat mense kan seermaak. Die gif van die angels irriteer die vel en kan jeukerig en pynlik wees. Vlieë is ook peste, want hulle kan kieme versprei wanneer hulle op vullis, uitskeidings en ander verrotte goedere sit en dit dan na ons kos oordra.

# MAANDAG



## LUISTER EN PRAAT
### Vakansienuus

15 min



**Dink-pare-deel**
- **Dink:** Het jy enige spesiale nuus? Wat het jy gedurende die vakansie gedoen?
- **Pare:** Vertel jou nuus vir jou maat. Reageer gaaf teenoor mekaar.

- **Deel:**
  - 'n Paar leerders deel hul vakansienuus met die klas.
  - Maak seker al die leerders kry 'n geleentheid deur die loop van die kwartaal.
  - Teken jou waarnemings in jou aantekeningboek aan.

**Berei die leerders vir die skoolweek voor** (*wat om te bring, spesiale gebeure, ens.*)



## KLANKE
### Voltooi die blokkiesraaisel

BL 9
15 min




Hersien woorde met twee medeklinkers aan die einde van 'n woord: -rf, -rm, -rp, -rs, -rt, -ts, -lp, -ng,-nk.

- Doen vinnige klankherkenning van klanke wat in Graad 2 aangeleer is.
- Die leerders voltooi die aktiwiteit in die LAB.
- Kontroleer en merk saam.



## HANDSKRIF
### Kleinletters in lopende skrif

BL 8
10 min




- Volg die riglyne vir Handskriflesse op bl. 9.



## LEES
### Onderwyser lees hardop

OG
BL 27
15 min



**Vóór lees**
- Watter insekte het jy al gesien? Hou jy van insekte of nie?
- Voorsien 'n doel om te luister: Luister om meer oor insekte uit te vind.

**Lees die teks vir die leerders**

**Ná lees**
- Uit hoeveel dele bestaan 'n insek se liggaam? Hoeveel bene het hulle? Waar is hul geraamte (skelet)?
- Hoe beweeg insekte?
- Hoe kan insekte ons help of skade aanrig?

## LUISTER EN PRAAT BEGRIP

15 min



- Onderrig 'n les wat op klankleesboeke gebaseer is.





## GROEPBEGELEIDE LEES EN ONAFHANKLIKE WERK

**BL 10**

**30 min**

- **Groepbegeleide Lees:** Groep A en B
- **Onafhanklike Werk:** Lees die sinne






## AANVANGSKENNIS Insekte

**BL 11**

**30 min**

**Stel die konsep bekend**
- Was daar al ooit 'n insek in jul huis? Wat was dit? Hoe het dit ingekom?

**Dink-pare-deel**
- **Dink:** Weet jy enigiets van insekte af?
- **Pare:** Vertel vir jou maat.
- **Deel** hul nuus met die klas.

**Gedeelde Skryf: KWL-kaart**
- Skryf die leerders se bydrae in ry 1 van jou KWL-kaart op die bord.
- **Vra:** Wat wil jy graag hierdie week oor insekte leer? Skryf dit in ry 2.
- Die leerders kies een item van elke ry om in hul KWL-kaarte te skryf.






## VISUELE KUNSTE Simmetrie

**BL 12**

**30 min**

**Leer oor simmetrie**
- Wys 'n uitgeknipte sirkel, 'n vierkant, en 'n gelyksydige driehoek vir die leerders. Vou die vorms só dat dit twee gelyke halwes wys.
- Verduidelik dat simmetriese vorms presies dieselfde grootte aan albei kante van 'n lyn wat in die middel van 'n vorm getrek is, is.

**LAB-aktiwiteit**
- Trek 'n simmetriese lyn oor elke prent om dit presies in die helfte te verdeel.
- Kleur die prente in.

**Klasbespreking**
- Is ons eie liggame simmetries?
- Watter ander dinge in die natuur is simmetries?
- Watter dinge kan ons sien wat nié simmetries is nie?






## LIGGAAMSOPVOEDING Inleiding

**30 min**

- Volg die riglyne vir LO-aktiwiteitstasies op bl. 24.



# DINSDAG

## LUISTER EN PRAAT — ’n Nuwe kind by die skool

15 min



**Dink-pare-deel**

- Bespreek hoe om kinders wat nuut by die skool is, te behandel.
- **Dink:** Hoe, dink jy, voel dit om na ’n nuwe skool te gaan?
- **Pare:** Vertel vir jou maat hoe jy ’n kind sal help wat nuut by die skool is.
- **Deel** dit met die klas.
- Teken jou waarnemings in jou aantekeningboek aan.

## KLANKE — Skryf woorde reg

BL 13
15 min




Hersien woorde met twee medeklinkers aan die einde van ’n woord: -rf, -rm, -rp, -rs, -rt, -ts, -lp, -ng, -nk.

- Doen vinnige klankherkenning van klanke wat in Graad 2 aangeleer is.
- Die leerders voltooi die aktiwiteit in die LAB.
- Kontroleer en merk saam.

## HANDSKRIF — Kleinletters in lopende skrif

BL 8
10 min

- Volg die riglyne vir Handskriflesse op bl. 9.




## GEDEELDE LEES — Leesbegrip

BL 2–7
15 min




**Vóór lees**

- Lees en bespreek kortliks die titel en die eerste illustrasie. Wat sien jy? (Moenie die bladsy omblaai nie.)
- Voorsien ’n doel om te lees: Kom ons kyk wat het met hierdie lelike insek gebeur het.

**Gedeelde Lees**

- Lees die storie **saam met** die leerders.
- Stop om nuwe woorde of konsepte te verduidelik, byvoorbeeld deur die prente of ’n sinoniem te gebruik.
- Verduidelik dat ’n koringkriek ’n werklike insek is.
- Lees die **inligtingsverslag** met die leerders.

**Ná lees**

- Wat is die belangrikste verskille tussen die storie en die inligtingsverslag? (*waar/ verbeelding*)
- Wat was fiksie en wat was niefiksie? Hoe weet jy dit?

## SKRYF — Leesbegrip

BL 14
15 min




**Lees en bespreek die vrae**

- Herinner die leerders: Die **tipe vraag** dui aan wáár om vir die **antwoord** te soek.

**Skryf**

- Voltooi die aktiwiteit in die LAB.





## GROEPBEGELEIDE LEES EN ONAFHANKLIKE WERK

- **Groepbegeleide Lees:** Groep C en D
- **Onafhanklike Werk:** *Insekte*

BL 15
30 min






## AANVANGSKENNIS

### Die by

**Lees en bespreek**

- Bespreek wat die leerders reeds van die bou van insekte weet.
- Kyk na die diagram en identifiseer die drie liggaamsdele – kop, borsstuk en agterlyf.
- Identifiseer ander kenmerke: bene, voelhorings, vlerke, oë.
- Verduidelik wat 'n saamgestelde oog is (een oog wat uit kleiner oë bestaan, om rondom jou te kan sien).
- Vra waar die by se geraamte is.
- Verduidelik dat bye groot oë nodig het sodat hulle die blomme van ver kan identifiseer.

**Skryf**

- Voltooi die aktiwiteit in die LAB.

BL 16
30 min






## VISUELE KUNSTE

### Teken 'n simmetriese gesig

**Pare**

- Die leerders kyk noukeurig na mekaar se gesigte en bespreek simmetrie van kenmerke.

**Aktiwiteit (potlood en papier)**

- Vou 'n vel A4-papier in die lengte af in die helfte.
- Kyk na jou maat en teken sy/haar gesig.
- Die gevoude lyn moet deur die middel van die gesig gaan.
- Maak seker dat die twee dele van die prent pas.

30 min





## LIGGAAMSOPVOEDING

### Aktiwiteitstasies

- Volg die riglyne vir LO-aktiwiteitstasies op bl. 24.

25 min



# WOENSDAG

## LUISTER EN PRAAT — Bespreek 'n storie

15 min



**Dink-pare-deel**
- **Dink:** Hoekom het die kinders in die storie vir Nombulelo geterg? Waarom was dit onvriendelik? Hoe het Nombulelo vir hulle gewys dat almal spesiaal is, ongeag waar jy vandaan kom nie?
- **Pare:** Deel jou antwoord met 'n maat.
- **Deel** jou antwoord met die klas.
- Teken jou waarnemings in jou aantekeningboek aan.

## KLANKE — Voltooi die rymsinne

BL 17
15 min




Hersien woorde met twee medeklinkers aan die einde van 'n woord: -rf, -rm, -rp, -rs, -rt, -ts, -lp, -ng, -nk.

- Doen vinnige klankherkenning van klanke wat in Graad 2 aangeleer is.
- Die leerders voltooi die aktiwiteit in die LAB.
- Kontroleer en merk saam.

## HANDSKRIF — Kleinletters in lopende skrif

BL 8
10 min

- Volg die riglyne vir Handskriflesse op bl. 9.




## GEDEELDE LEES — Woordeskat

15 min




**Woordeskatwoorde**
- Wys en lees die week se woordeskatwoorde op die bord of op flitskaarte:

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| klassifikasie | voorkoms | gewoontes | borsstuk | agterlyf |

**Gedeelde Lees**
- Lees **slegs die inligtingsverslag** weer **saam met** die leerders.
- **Woordsoek:** Die leerders merk die woordeskatwoorde in die LAB-teks terwyl jy lees. Hulle onderstreep of omkring elke nuwe woord.

**Die leerders sorteer flitskaarte** alfabeties.

## SKRYF — Woordeskat

BL 18
15 min




**Mondeling**
- Gaan mondelings deur die aktiwiteite in die LAB.

**Skryf**
- Voltooi die skriftelike aktiwiteit in die LAB. Kontroleer en korrigeer.
- Die leerders skryf die vyf woordeskatwoorde in hul persoonlike woordeboeke.



## GROEPBEGELEIDE LEES EN ONAFHANKLIKE WERK

- **Groepbegeleide Lees:** Groep E en A



- **Onafhanklike Werk:** *Is die bidsprinkaan 'n insek?*

BL 19
30 min



DATUM

Is die bidsprinkaan 'n insek?

Die bidsprinkaan se liggaam bestaan uit drie liggaamsdele en ses bene. Dit is 'n insek. Die voorste bene is baie lank en lyk soos arms.
Die bidsprinkaan het 'n baie lang nek. Sy kop het die vorm van 'n driehoek. Dit het twee paar vlerke om mee te vlieg.
Die bidsprinkaan eet klein insekte soos vlieë en motte. Op hul voorpote is daar 'n ry skerp stekels wat hulle gebruik om hul prooi mee vas te hou. Hulle eet gewoonlik eerste die kop. Soms eet die bidsprinkane mekaar!

1 Gebruik die woorde om die sinne te voltooi.

prooi skerp punte (stekels)

a Hy gebruik 'n ______ mes om vleis mee te sny.
b Leeus jag om hul ______ te vang.
c Die doringboom het skerp ______

2 Hoekom het die bidsprinkaan skerp stekels op hul voorpote?

WEEK 1 • WOENSDAG • 19



## AANVANGSKENNIS

### Teken 'n insek

**Neem waar**

- Hersien die bou van 'n insek.
- Die leerders gaan na buite en neem noukeurig 'n insek op die speelgrond (bv. miere) waar.

**Teken en voeg byskrifte by 'n diagram**

- In die klaskamer, teken 'n voorbeeld van 'n insek op die bord. (Teken dit van bo-af en maak seker dat dit simmetries is.)
- Die leerders teken met 'n potlood 'n diagram van die insek wat hulle waargeneem het.
- Die leerders voeg byskrifte by hul diagram deur die woorde uit die woordboks te gebruik.

BL 20
30 min



DATUM

Teken 'n insek

Vind 'n insek op die speelgrond. Neem dit goed waar.

Watter soort insek het jy gekry?
Hoeveel pote kan jy sien?
Hoeveel liggaamsdele kan jy sien?
Wat kan jy nóg sien?

Teken 'n diagram van jou insek.
Skryf die byskrifte by jou diagram.

pote | saamgestelde oë | voelhorings | kop | vlerke | agterlyf | borsstuk

20 • WEEK 1 • WOENSDAG



## UITVOERENDE KUNSTE

### Dramatiseer 'n storie

**Berei voor**

- Hersien die storie van *Nombulelo en die grillerige insek*.
- Die leerders noem die karaktertrekke en beskryf die aksie in die klas.
- Dinkskrum: Wat sou gebeur het as Nombulelo nie die koringkriek gered het nie?

**Groep**

- In groepe van 6, berei die leerders voor en oefen 'n dramatisering van 'n alternatiewe einde vir die storie.

30 min






## LIGGAAMSOPVOEDING

### Aktiwiteitstasies

- Volg die riglyne vir LO-aktiwiteit stasies op bl. 24.

25 min



# DONDERDAG

## LUISTER EN PRAAT — Fiksie en niefiksie

15 min



**Dink-pare-deel**

- **Dink:** Was die storie wat ons gelees het fiksie of niefiksie? En die inligtingsverslag? Waarvan het jy die meeste gehou? Hoekom?
- **Pare:** Vertel vir jou maat watter tipe tekste jy verkies en hoekom. Gee voorbeelde.
- **Deel** jou antwoord met die klas.
- Teken jou waarnemings in jou aantekeningboek aan.

## KLANKE — Skryf jou eie sinne

BL 21
15 min




Hersien woorde met twee medeklinkers aan die einde van ’n woord: -rf, -rm, -rp, -rs, -rt, -ts, -lp, -ng, -nk.

- Doen vinnige klankherkenning van klanke wat in Graad 2 aangeleer is.
- Die leerders voltooi die aktiwiteit in die LAB.
- Kontroleer en merk saam.

## HANDSKRIF — Kleinletters in lopende skrif

- Volg die riglyne vir Handskrif lesse op bl. 9.

BL 8
10 min




## GEDEELDE LEES — Taal

15 min

**Stel die sinne bekend**

- Skryf die drie sinne op die bord.
- Lees die sinne stadig saam met die leerders.
- Die leerders vind en onderstreep die sinne in die **inligtingsverslag** op bl. 7.

**Werk met sinne**

- Identifiseer die leestekens (*hoofletters, punte, dubbelpunte*) in die sinne.
- Wat is die drie opskrifte? Hoe weet jy dat dit opskrifte is? (*vetgedrukte letters*)
- Oor wie gaan die eerste sin? (*koringkrieke*) Hoekom is dit in die meervoudsvorm? (*verwys na alle koringkrieke*)
- Wie is “hulle” in die tweede en derde sin? (koringkrieke) Waarom word die woord “koringkrieke” nie herhaal nie? (*Dit klink na ’n lys as jy die name herhaalde male gebruik.*)
- Wat let jy op omtrent die werkwoorde/aksiewoorde in die sin? (*teenwoordige tyd*)

**Klassifikasie:** Koringkrieke is insekte.
**Voorkoms:** Hulle is bruin.
**Gewoontes:** Hulle eet plante en diere.

## SKRYF — Taal

BL 22
15 min




**Klas**

- Voltooi die sinne mondelings saam.
- Demonstreer hoe om die sin as ’n patroon met enige ander insekte te gebruik.

**Individueel**

- Voltooi die aktiwiteit in die LAB.
- Party leerders lees hul sinne hardop. Kontroleer of die tydsvorme korrek is.





## GROEPBEGELEIDE LEES EN ONAFHANKLIKE WERK

BL 23

30 min

- **Groepbegeleide Lees:** Groep B en C
- **Onafhanklike Werk:** *Is 'n spinnekop 'n insek?*


DATUM

Is 'n spinnekop 'n insek?

Die spinnekop se liggaam bestaan uit twee dele en vier paar bene. Dit is nie 'n insek nie.

Spinnekoppe eet klein insekte soos vlieë, miere en motte wat hulle in hul spinnerakke vang. Party spinnekoppe kan gif maak wat hulle in hul prooi skiet.

Spinnekoppe is die enigste diere wat hul kos buite hul liggame verteer. Hulle besproei hul prooi met 'n vloeistof, wat die prooi se liggaam in 'n vloeistof verander. Die spinnekop suig dan die vloeistof op.

1 Hoeveel bene het 'n spinnekop? Merk die regte boksie.

☐ ses

☐ agt

2 Gebruik die woorde om die sinne te voltooi.

gif verteer spinnerak

a Mense ______ kos in hul maag.

b Sommige slange, skerpioene en spinnekoppe gebruik ______ om hul prooi dood te maak.

c Insekte kan in 'n spinnekop se ______ gevang word.

WEEK 1 • DONDERDAG • 23



## AANVANGSKENNIS

### Konsepverslag

30 min

**KWL-kaart (bl. 11)**

- Help die leerders om die laaste ry te voltooi.

**Aanvaar, verwerp**

- Hou drie tweetalige flitskaarte vir elke woord op en vra vrae.

**Voelhorings**

1. Insekte het twee hiervan.
2. Dit is op die insek se borsstuk.
3. Dit help die insek om te voel en aan te voel waar dinge is.

**Vlerke**

1. Alle insekte het vlerke.
2. Die are op die vlerke maak dit sterk.
3. Die vlerke is óf deursigtig óf het patrone op.

**Saamgestelde oë**

1. Bye hoef nie hul koppe te draai om agter hulle te sien nie.
2. Saamgestelde oë bestaan uit 'n aantal kleiner oë.
3. Mense het saamgestelde oë.

**EAT:** *antennae*, *wings*, *compound eyes*
voelhorings, vlerke, saamgestelde oë



## UITVOERENDE KUNSTE

### Voer op

30 min




**Inleiding**

- Herinner die leerders aan die oorspronklike storie.

**Voer op**

- In hul groepe voer die leerders hul kort uitvoerings met alternatiewe eindes op.

**Evalueer**



## LIGGAAMSOPVOEDING

### Aktiwiteitstasies

25 min



- Volg die riglyne vir LO-aktiwiteitstasies op bl. 24.

# VRYDAG

## LUISTER EN PRAAT — Oorsig van die week

15 min



**Dink-pare-deel**

- **Dink**: Gesels oor een interessante ding wat jy hierdie week gedoen het.
- **Pare:** Deel dit met jou maat.
- **Dink en deel:** Deur aan Nombulelo te dink en hoe die klas haar behandel het voordat sy die lelike insek verwyder het, wat sal ons volgende week anders doen?

## KLANKE — Diktee

BL 24

10 min




Volg die riglyne vir diktee op bl. 8.
**Woorde:** **kaart** en **sing**
**Sin:** **Die maats is nou dors**.

## HANDSKRIF — Kleinletters in lopende skrif

BL 8

10 min




- Volg die riglyne vir Handskriflesse op bl. 9.

## LEES — Onafhanklike Werk

15 min



**Lees en beantwoord vrae**

- Lees hierdie week se OW-teks hardop **vir** die klas. Die leerders volg in hul boeke.
- Lees die vraag/vrae ná elke teks. Vir die tekste vir Maandag tot Donderdag, gee die antwoorde, en laat die leerders self die antwoorde merk.

**Bespreek die tekste**

**Sien na**

- Parafeer net. Let op wie nie in staat is om te lees en die vrae te beantwoord nie.

## ONAFHANKLIKE SKRYF — Skryf feite neer

15 min




- Verduidelik: Inligtingstekste gee die ware **feite.**
- Feite is dit wat jy werklik sien (waarneem), wat die waarheid is of wat in niefiksie-boeke voorkom.
- Kyk na die OW-teks oor die bidsprinkaan. Lees dit weer saam met die leerders.
- Die leerders skryf enige ses feite oor die bidsprinkaan neer. Hulle kies die feite wat hulle die interessantste vind.
- **Kyk na:** Interessante keuse van feite.



## GROEPBEGELEIDE LEES EN ONAFHANKLIKE WERK

- **Groepbegeleide Lees:** Groep D en E



- **Onafhanklike Werk:** *Is 'n kakkerlak 'n insek?*

BL 25

30 min



DATUM

Is 'n kakkerlak 'n insek?

Die kokkerlak se liggaam bestaan uit drie dele en drie paar pote. Dit is 'n insek. Kakkerlakke het ook twee paar vlerke en word meestal gebruik om mee te vlieg. Hulle kan baie vinnig hardloop.

Kakkerlakke hou daarvan om in warm, donker dele van ons huise te woon. Hulle eet plante, insekte, oorskietkos op vuil borde en selfs vullis. Hulle kan kieme in ons huise inbring.

Kakkerlakke kan maklik oorleef. Hulle kan vir twee weke sonder water en vier weke sonder kos leef. Hulle kan selfs vir 'n hele week sonder 'n kop lewe!

Voltooi die tabel.

| Naam | Getal liggaamsdele | Getal pote | Is dit 'n insek? |
|---|---|---|---|
| bidsprinkaan | | | |
| spinnekop | | | |
| kakkerlak | | | |
| mier | | | |

WEEK 1 • VRYDAG • 25



## AANVANGSKENNIS

**DBO-werkboektyd**

30 min

**Sien na en gee terugvoering**

- Gaan saam deur verlede week se DBO-werkboekbladsye.
- Die leerders korrigeer of voltooi die aktiwiteite.

**Voltooi DBO-werkboekbladsye**

- Lewensvaardigheid Werkboek 1 Werkvel 21 Insekte, bl. 42.
- Huistaal Werkboek 1, bl. 81.






## LIGGAAMSOPVOEDING

**Aktiwiteitstasies**

25 min

- Volg die riglyne vir LO-aktiwiteitstasies op bl. 24.



## ONDERWYSER SE WEEKLIKSE OORSIG

**Hierdie week het ek:**

- **die LAB'e, Handskrif- en Skryfboeke ingeneem** en kommentaar oor die skryfwerk geskryf.
- **die werk nagesien en gekorrigeer** en sekere areas geïndentifiseer waar daar leemtes is of waar spesifieke leerders meer ondersteuning nodig het.
- **terugverwys na die Weeklikse Oorsig** en enige les wat ek nie in staat was om te voltooi nie, geïdentifiseer.
- **my aantekeningboek/dagboek deurgegaan** en vasgestel of enige leerders volgende week addisionele individuele onderrigtyd of individuele oefening moet kry.

**Ek het 'n tyd geskeduleer om volgende week:**

- **enige opvangwerk met die klas** te doen of algemene terugvoering soos nodig te gee.
- **individuele** onderrig te doen, bv. as die klas besig is of vroeg in die oggend.

**Ek het vooruit beplan vir volgende week** om te verseker dat ek voorbereid is en alles het wat ek nodig het om die week te begin.



# Insekte



## UITKOMSTE VIR DIE WEEK

### Die leerders sal:

- Bespreek hoe insekte nuttig of skadelik vir ons kan wees.
- Leer dat alle insekte ’n belangrike rol in die natuur speel.
- Verstaan dat ons insekte moet beskerm eerder as om hulle uit te roei.
- Na ’n fabel luister en dit uit verskillende oogpunte oorvertel.
- Kort feitelike tekste wat op insekte gebaseer is, lees.
- Kenmerke wat met inligtingverslae verbind word, identifiseer en oefen.
- ’n Inligtingsverslag oor die bidsprinkaan skryf.

## VOORBEREIDING

### Flitskaarte

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **Geletterdheid** | klassifikasie | voorkoms | gewoontes | borsstuk | agterlyf |

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Lewensvaardigheid** | nuttig | skadelik | beskerm |
| | *helpful* | *harmful* | *protect* |

### Sinne

***Klassifikasie:*** *Koringkrieke is insekte.*
***Voorkoms:*** *Hulle is bruin.*
***Gewoontes:*** *Hulle eet plante en diertjies.*

## TOERUSTING

- A4-papier, verskillende kleure verf in plastiekdoppies (plakkaatverf of dik waterverf), plastieklepels of houtstokkies om te gebruik, skêre, potlode vir die Visuele Kunste-aktiwiteit
- Benodigdhede vir gekose Liggaamsopvoedingsaktiwiteite
- Verskillende musiekstukke vir Uitvoerende Kunste
- Die leerders se skryfboeke

## ASSESSERING

**Neem in en merk:** Onafhanklike skryf (Vrydag); Woordeskat en taalwerk (Woensdag); Handskrif (Vrydag)

**Informeel:** Diktee, Begrip, Vlotheidsoefening van AK-aktiwiteite

# Fabel: Mier en Sprinkaan

*Hierdie fabel gaan oor twee insekte, naamlik Mier en Sprinkaan.*

Dit was somer en elke dag was dit ontsettend warm.

Mier was heeldag besig om te werk. Hy was besig met voorbereidings vir die koue winter. Hy het sy huis versterk en hout bymekaargemaak. Hy het ook koringkorrels versamel om gedurende die winter te eet.



'n Mens sou verwag dat Sprinkaan dieselfde sou doen, maar nee! Sprinkaan het heeldag in die son gesit en bak. Soms het hy gesit en sing. Hy het geensins planne gehad om hom vir die koue winter voor te berei nie.

"Hoekom is jy só hardwerkend?" het Sprinkaan laggend vir Mier geterg. "Hoekom ontspan jy nie saam met my nie? Kom sit saam met my in die son," het Sprinkaan gesê.

Mier het geantwoord: "Dankie, maar nee dankie. Jy sien, ek is geleer dat jy éérs jou werk moet klaarmaak en daarná kan jy ontspan. So dit is wat ek nou doen."

Die dae het al kouer begin raak. Sprinkaan het skielik na hout begin soek, maar die hout was alreeds deur ander weggevat. Hy het ywerig na kos begin soek, maar ook dít was alles weggevat.

Dit was winter. Sprinkaan se huis is deur die eerste winterwind omgewaai. Hy het gebibber van die koue en was rasend honger. Hy het gesien hoe Mier snoesig in sy warm huisie sy smaaklike aandete nuttig.

Hy het aan Mier se deur geklop. "Mag ek asseblief inkom? Ek is doodhonger en yskoud. Ek het geen ander heenkome nie," het hy gesoebat.

*Wat dink jy moet Mier doen? Dink jy hy moet hom innooi? Hoekom/hoekom nie?*

Mier was goedhartig en daarom het hy Sprinkaan binnegenooi. Hy het vir hom kos gegee en hom voor die vuur laat sit. Mier het gesê: "Verstaan jy nou waarom ek gesê het dat jy eers jou werk moet doen en daarná ontspan?"

Sprinkaan het skaam geantwoord: "Volgende somer sal ek dit beslis doen. Ek het 'n baie duur les geleer."



## MAANDAG



### LUISTER EN PRAAT — Nuus

**15 min**

**Dink-pare-deel**

- **Dink:** Het jy enige spesiale nuus? Wat het jy oor die naweek gedoen?
- **Pare:** Vertel jou nuus vir jou maat. Reageer gaaf teenoor mekaar.

- **Deel:**
  - 'n Paar leerders deel hul nuus met die klas.
  - Maak seker al die leerders kry 'n geleentheid deur die loop van die kwartaal.
  - Teken jou waarnemings in jou aantekeningboek aan.

**Berei die leerders vir die skoolweek voor** (*wat om te bring, spesiale gebeure, ens.*)





### KLANKE — Soek die woorde

**BL 27**
**15 min**

Twee medeklinkers aan die begin en aan die einde van 'n woord.

- Doen vinnige klankherkenning van klanke wat in Graad 2 aangeleer is.
- Die leerders voltooi die aktiwiteit in die LAB.
- Kontroleer en merk saam.






### HANDSKRIF — Lopende skrif *Y*

**BL 26**
**10 min**

- Volg die riglyne vir Handskriflesse op bl. 9.






### LEES — Onderwyser lees hardop

**OG**
**BL 39**
**15 min**

**Vóór lees**

- Wat is 'n fabel? (*'n storie wat vir ons 'n les leer*)
- Watter fabels het jy al gehoor?
- Voorsien 'n doel om te luister: Kom ons kyk wat hierdie fabel vir ons wil leer.

**Lees die teks vir die leerders**

**Ná lees**

- Watter les kan ons uit dié fabel leer?



### E-KLASKAMER

**15 min**

- Onderrig 'n les uit die E-klaskamer.







## GROEPBEGELEIDE LEES EN ONAFHANKLIKE WERK

- **Groepbegeleide Lees:** Groep A en B
- **Onafhanklike Werk**: Lees die sinne

**BL 28**
**30 min**






## AANVANGSKENNIS

### Insekte wat ons kwaad aandoen of help

**Dink-pare-deel**
- **Dink:** Dink aan ’n tyd toe jy vir ’n insek bang was.
- **Pare:** Vertel vir jou maat watter insek dit was en hoekom jy bang was.
- **Deel** jou ervaring met die klas.

**Lees en bespreek**
- Lees die bladsy in die LAB saam.
- **Vra:** Kan insekte ons bang maak maar terselfdertyd ook help?

**BL 29**
**30 min**






## VISUELE KUNSTE

### ’n Skildery van ’n skoenlapper

**Berei voor**
- Gesels oor simmetrie in skoenlappers – die vorm en patroon van die vlerke, lyf, voelhorings.
- Kyk na ’n prent van ’n skoenlapper in die LAB om dit vir die leerders te verduidelik.

**Aktiwiteit (verf)**
- Vou ’n A4-bladsy oor die breedte in die helfte.
- Gebruik ’n lepel of stokkie om klein bietjies verf van verskillende kleure op die een helfte te drup.
- Vou die papier só dat die verf aan die binnekant is.
- Druk die papier liggies sodat die bietjies verf albei kante van die papier dek.
- Maak die papier oop om droog te raak.

**Bêre dit veilig om die volgende dag te voltooi.**

**30 min**





## LIGGAAMSOPVOEDING

### Inleiding

- Volg die riglyne vir LO-aktiwiteitstasies op bl. 24.

**30 min**



# DINSDAG

## LUISTER EN PRAAT — Vertel 'n storie oor

15 min



**Dink-pare-deel**

- **Dink:** Watter karakters kom in die storie van Mier en Sprinkaan voor?
- **Pare:** Vertel die storie vir jou maat. Môre is dit weer jou maat se beurt.
- **Deel:** Vra een of twee leerders om die storie vir die klas te vertel.
- Teken jou waarnemings in jou aantekeningboek aan.

## KLANKE — Vul die ontbrekende klanke in

BL 30
15 min




Twee medeklinkers aan die begin en aan die einde van 'n woord.

- Doen vinnige klankherkenning van klanke wat in Graad 2 aangeleer is.
- Die leerders voltooi die aktiwiteit in die LAB.
- Kontroleer en merk saam.

## HANDSKRIF — Lopende skrif *U*

BL 26
10 min




- Volg die riglyne vir Handskriflesse op bl. 9.

## GEDEELDE LEES — Leesbegrip

BL 2–7
15 min




**Gedeelde Lees**

- Lees enige twee bladsye van die storie saam met die leerders.
- Demonstreer **vlotheid en uitdrukking** (let veral op na leestekens, uitspraak, uitdrukking, goeie spoed).

**Lees in Pare**

- Maats lees om die beurt 'n bladsy en oefen terselfdertyd vlotheid en lees met uitdrukking.
- Luister en gee terugvoering terwyl jy deur die klas beweeg of gebruik hierdie tyd vir een-tot-een ondersteuning.

## SKRYF — Leesbegrip

BL 31
15 min




**Lees en bespreek die taak**

- Verduidelik dat hierdie taak individuele antwoorde gaan nodig hê (**op jou eie**-vrae).
- Die leerders gebruik hul eie woorde (moenie die storieteks afskryf nie).
- Elke leerder gaan hulself dus effens verskillend uitdruk (neem dit in ag tydens nasien en korrigering).

**Skryf**

- Voltooi die aktiwiteit in die LAB.

**Sien na en korrigeer**; maak voorsiening vir verskille in die opsomming van die storie.



## GROEPBEGELEIDE LEES EN ONAFHANKLIKE WERK

- **Groepbegeleide Lees:** Groep C en D
- **Onafhanklike Werk:** *Hoe beskerm insekte hulself?*

**BL 32**
**30 min**



DATUM

Hoe beskerm insekte hulself?

Baie diere maak insekte dood om hulle te eet. Daarom moet insekte hulself kan beskerm.

Perdebye en heuningbye steek hul vyande met hul angels. Hulle het helder strepe wat hul vyande teen gevaar waarsku.

Vlieë en skoenlappers kan van hul vyande wegvlieg. Kokkerlakke kan baie vinnig hardloop om weg te kom.

Die bidsprinkaan kruip weg deur homself te kamoefleer. Dit is groen en lyk dus soos die stingel van 'n blaar of 'n plant. Sy vyande kan hom nie maklik sien nie.

Vul die ontbrekende woorde in die tabel in.

| Insek | Hoe dit hulself beskerm |
|---|---|
| kokkerlak | |
| | Dit kamoefleer homself. |
| perdeby | |
| | Dit vlieg weg vanaf sy vyand. |

32 • WEEK 2 • DINSDAG



## AANVANGSKENNIS

### Wat is ek?

**Lees en bespreek**

- Hersien wat die leerders van nuttige en skadelike insekte weet.
- Die leerders lees in pare die beskrywings en pas dit by die prente.

**Skryf**

- Voltooi die aktwiteit in die LAB.

**BL 33**
**30 min**



DATUM

Wat is ek?

Pas die prent by die regte beskrywing. Trek 'n lyn.

| | |
|---|---|
| by | Ek dra kieme oor van vuil plekke na jou kos. Spinnekoppe hou daarvan om my te eet. |
| miskruier | My stert is gekrul en het 'n angel aan die punt. Ek steek as ek bang voel. |
| skerpioen | Ek dra stuifmeel van een blom tot die volgende as ek nektar bymekaarmaak om heuning te maak. |
| vlieg | Ek maak die mis van diere bymekaar en bêre dit in die grond. Dit maak die grond vrugbaar. |
| naaldekoker | Ek hou daarvan om in kombuise te woon en kom in die aande uit om te eet. Ek dra siektes. |
| kokkerlak | Ek het 'n lang agterlyf. Ek eet muskiete en muskieteiertjies. |

WEEK 2 • DINSDAG • 33



## VISUELE KUNSTE

### 'n Prent van 'n skoenlapper (vervolg)

**Aktiwiteit (knip en teken)**

- Vou weer die geverfde bladsy toe (verf is nou droog).
- Teken op die skoon kant van die papier die helfte van 'n eenvoudige skoenlappervorm.
- Knip al langs die lyn.
- Maak die papier oop en voeg kenmerke by, bv. voelhorings, oë, ens.

**Wys en bespreek**

- Die leerders verduidelik hoe die skoenlapper simmetries is.

**30 min**





## LIGGAAMSOPVOEDING

### Aktiwiteitstasies

- Volg die riglyne vir LO-aktiwiteitstasies op bl. 24.

**25 min**



# WOENSDAG



## LUISTER EN PRAAT Vertel 'n storie oor

15 min



**Dink-pare-deel**
- **Dink** oor die storie van die Mier en die Sprinkaan.
- **Pare:** Vertel die storie vir jou maat. (Die maat wat nie gister 'n kans gekry het nie.)
- **Deel:** Vra een of twee leerders om die storie vir die klas te vertel.
- Teken jou waarnemings in jou aantekeningboek aan.



## KLANKE Skryf sinne

BL 34
15 min




Twee medeklinkers aan die begin en aan die einde van 'n woord.

- Doen vinnige klankherkenning van klanke wat in Graad 2 aangeleer is.
- Die leerders voltooi die aktiwiteit in die LAB.
- Kontroleer en merk saam.



## HANDSKRIF Lopende skrif

BL 26
10 min

- Volg die riglyne vir Handskriflesse op bl. 9






## LEES Woordeskat en taal

15 min




**Woordeskat (bl. 18 in die LAB)**
- Lees verlede week se flitskaarte:

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| klassifikasie | voorkoms | gewoontes | borsstuk | agterlyf |

- Die leerders kontroleer verlede week se aktiwiteit in die LAB en korrigeer.

**Sinswerk (bl. 22 in die LAB)**
- Skryf die korrekte sin op die bord. Die leerders kontroleer hul sinne.
- Die leerders lees hul eie sinne vir 'n maat.



## SKRYF Oorbrugging na Engels

BL 35
15 min




**Woordeskat**
- Praat oor hoe om die flitskaartwoorde in Engels te sê.

**Sin**
- Bespreek hoe om die sleutelsinne in Engels uit te druk.

**Skryf**
- Voltooi die aktiwiteit in die LAB.
- Kontroleer en korrigeer die antwoord as 'n klas.



## GROEPBEGELEIDE LEES EN ONAFHANKLIKE WERK

BL 36

30 min

- **Groepbegeleide Lees:** Groep E en A
- **Onafhanklike Werk:** *Wat eet insekte?*


DATUM

Wat eet insekte?

Baie insekte eet plante. Ruspers eet die blare van plante. Perdebye eet graag ryp vrugte soos perskes. Hulle eet ook kleiner insekte.

Party insekte soos bye en skoenlappers het 'n suigslurp (proboskis) waarmee hulle nektar uit blomme suig.

Vroulike muskiete gebruik 'n suigslurp om bloed uit diere en mense te suig. Hulle suig ook nektar uit blomme.

Ander insekte soos die bidsprinkaan vang en eet weer ander insekte. Insekte soos vlieë hou daarvan om dooie diere te eet.

1 Gebruik die woorde om die sinne te voltooi.

suig suigslurp (proboskis) nektar

a Blomme produseer 'n soet vloeistof wat ______ genoem word.

b Bye gebruik hul ______ om nektar uit blomme te suig.

c Jy kan 'n strooitjie gebruik om koeldrank uit 'n blikkie te ______.

2 Noem drie ander insekte wat ook 'n suigslurp (proboskis) het.

36 • WEEK 2 • WOENSDAG



## AANVANGSKENNIS

### Skadelike en onskadelike insekte

BL 37

30 min

**Lees en bespreek**

- Watter insekte is dit?
- Watter insekte, dink jy, is nuttig vir ons?
- Watter insekte is skadelik vir ons?

**Skryf**

- Skryf die name van die insekte in die korrekte kolomme.
- Skryf lyste van nuttige en skadelike insekte.


DATUM

Skadelike en onskadelike insekte

Skryf die name van die insekte in die regte kolomme.

| Onskadelik | Skadelik |
|---|---|
| | |



WEEK 2 • WOENSDAG • 37



## UITVOERENDE KUNSTE

### Beweeg op musiek

30 min

**Berei voor**

- Kies drie verskillende musiektipes – een stadig, een vinnig en een rukkerig.

**Doen**

- Luister twee keer na een musiektipe.
- Vra vir die leerders watter insek se bewegings hulle daarop kan doen, bv. stadig kan dalk 'n skoenlapper of mot wees wat stadig vlieg, vinnig kan dalk 'n mier wat hardloop of 'n by wat fladder wees, rukkerig kan dalk 'n vlooi of dalk 'n sprinkaan wat hop wees.
- Die leerders beweeg op die maat van die musiek.
- Herhaal met die ander musiektipes.

**Bespreek**

- Watter ander soort musiek kan insekbewegings uitbeeld?





## LIGGAAMSOPVOEDING

### Aktiwiteitstasies

25 min

- Volg die riglyne vir LO-aktiwiteitstasies op bl. 24.



# DONDERDAG

## LUISTER EN PRAAT — Menings

15 min



**Dink-pare-deel**

- Mier en Sprinkaan het verskillende weergawes van wat gebeur het. Voorsien voorbeelde van wat hulle kon sê.
- **Dink:** Wat sou Mier/Sprinkaan sê oor wat gebeur het?
- **Pare:** Een leerder vertel vir 'n maat wat gebeur het volgens Mier se siening. Tweede leerder vertel wat gebeur het volgens Sprinkaan se siening.
- **Deel** die sienings met die klas.
- Teken waarnemings in jou aantekeningboek aan.

## KLANKE — Voltooi die sinne

BL 38
15 min


DATUM

Voltooi die sinne

kramp trots klits grond prent brand

1 Momma klits die beslag vir die koek.
2 Ek teken 'n mooi ______ .
3 My juffrou is ______ op my.
4 Miere bly onder die ______ grond.
5 Die brandweer blus die ______ .
6 Die atleet kry 'n ______ in sy been.

38 • WEEK 2 • DONDERDAG

Twee medeklinkers aan die begin en aan die einde van 'n woord.

- Doen vinnige klankherkenning van klanke wat in Graad 2 aangeleer is.
- Die leerders voltooi die aktiwiteit in die LAB.
- Kontroleer en merk saam.

## HANDSKRIF — Lopende skrif *Ur*

BL 26
10 min

- Volg die riglyne vir Handskriflesse op bl. 9.




## LEES — Oefen vlotheid

BL 39
15 min


DATUM

Oefen vlotheid

**Lees die teks twee keer. Hoeveel woorde het jy gelees?**

Nombulelo loop stadig by die klaskamer in. Sy wens dat sy nie hoef in te gaan nie. Sy is glad nie gelukkig by haar nuwe skool in die stad nie.

Sy mis haar ou skool op die platteland. Sy het eers by haar ouma op 'n plaas gewoon, maar nou woon sy by haar mamma in die stad.

Sy mis haar vriende. By haar nuwe skool terg die kinders haar. Hulle lag vir haar en noem haar 'n "plaasmeisie". Hulle sê dat sy dom is omdat sy van 'n plaas af kom. Niemand speel met haar nie, en dit maak haar baie hartseer.

| | 1 | 2 |
|---|---|---|
| Aantal woorde wat ek gelees het | | |
| Aantal woorde wat ek nie geken het nie | | |

WEEK 2 • DONDERDAG • 39

**Pare**

- Die maats lees die teks om die beurt.
- Hou tyd vir elke leesbeurt (1 min elk). Skryf neer hoeveel reëls hulle gelees het.
- Herhaal.

**Gee terugvoering**

- Lees die teks saam met die leerders.
- Die leerders omkring enige woorde wat hulle verkeerd gelees het.
- Moedig hulle aan om die leesteks tuis te oefen.

## GEDEELDE LEES — Skryf 'n inligtingsverslag

15 min

- Lees weer die inligtingsverslag oor koringkrieke.
- Bespreek die opskrifte en verduidelik die onderhofies. Wys leestekens en uitleg uit.
- Voltooi die inligtingsverslag op die bord saam met die leerders.
- Kies die leerders om 'n sin van hul inligtingsteks (van verlede week) te lees en te noem onder watter onderhofie dit pas.
- **Kenmerke:** Nuwe reël vir elke onderhofie, dubbelpunt, opskrif, teenwoordige tyd, slegs feite.





## GROEPBEGELEIDE LEES EN ONAFHANKLIKE WERK

BL 40

30 min



- **Groepbegeleide Lees:** Groep B en C
- **Onafhanklike Werk:** *Sosiale insekte*


DATUM

Sosiale insekte

Heuningbye is sosiale insekte. Hulle woon saam in 'n groot byekorf en het almal verskillende werke om te doen. Die koninginby lê die eiers. Hommelbye is die manlike bye wat met die koningin paar en daarna doodgaan. Werkerbye is die vroulike bye wat die byekorf skoon hou en die jong bytjies versorg. Hulle pas die byekorf op en maak nektar bymekaar wat hulle as heuning in die byekorf berg.

Miere is ook sosiale insekte wat saamwoon. Hulle woon onder die grond in kolonies. Hulle het ook hommels wat met die koningin paar en werkers wat die kleintjies versorg, kos bymekaarmaak en die kolonie bewaak.

Gebruik die woorde om die sinne te voltooi.

koningin miere sosiaal hommels werkers heuningbye

a Insekte wat saamwoon en verskillende werke doen, word ______ genoem.

b ______ woon in kolonies.

c ______ woon in byekorwe.

d Die ______ paar met die koningin en gaan daarna dood.

e Die ______ lê die eiers.

40 • WEEK 2 • DONDERDAG



## AANVANGSKENNIS

### Konsepverslag

30 min

**KWL-kaart (bL. 11)**
- Help die leerders om die laaste ry te voltooi.

**Aanvaar, verwerp**
- Hou drie tweetalige flitskaarte vir elke woord op en vra vrae.

**Nuttig**
1. Alle insekte is nuttig.
2. Sommige insekte kan ons help en ander is skadelik.
3. Insekte help ons deur plante te bestuif.

**Skadelik**
1. Alle insekte is skadelik.
2. Sommige insekte kan ons help en ander is skadelik.
3. Sprinkane is skadelik wanneer hulle ons gewasse opeet.

**Beskerm**
1. Sommige insekte beskerm hulself deur kamoeflering.
2. Sommige insekte beskerm hulself deur hul vyande te steek.
3. Alle insekte beskerm hulself deur hul vyande te steek

**EAT:** *helpful*, *harmful*, *protect*
nuttig, skadelik, beskerm



## UITVOERENDE KUNSTE

### Beweeg op musiek

30 min

**Inleiding**
- Luister na die gekose musiekstuk.

**Groep**
- Deel die klas in vier groepe.
- Elke groep gesels oor en oefen 'n eenvoudige dansie.

**Voer op**
- Elke groep dans op die maat van die musiek.

**Evalueer**
- Moedige positiewe kommentaar na elke uitvoering aan.
- Lewer kommentaar oor beweging wat pas by die musiek, die hou van 'n vaste ritme en vertolk.





## LIGGAAMSOPVOEDING

### Aktiwiteitstasies

25 min

- Volg die riglyne vir LO-aktiwiteitstasies op bl. 24.



# VRYDAG

## LUISTER EN PRAAT

### Oorsig van die week

15 min



**Dink-pare-deel**

- **Dink:** Dink aan insekte waarvoor jy dalk bang was (soos 'n by). Noudat jy meer van die insek weet, is jy nog steeds bang?
- **Pare:** Deel jou antwoord met jou maat.
- **Deel:** Wat sal jy anders doen as jy nou 'n insek sien?

## KLANKE

### Spoedlees woorde

BL 41
10 min




| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| staan | swaai | niks | melk | arm |
| twee | trap | self | mens | dors |
| vlak | klaar | dalk | prent | maats |
| vlag | vrou | dans | hemp | nerf |
| stap | swaar | kant | sorg | warm |
| twintig | trein | kamp | werk | mors |
| vlieg | klein | terg | fiks | boks |
| kloof | vraag | park | ramp | sing |
| vries | twis | fluks | punt | kerm |
| stoom | klei | kolf | lens | gerf |



- Volg die riglyne vir spoedlees van woorde op bl. 8.

## HANDSKRIF

### Lopende skrif Y U W V

BL 26
10 min




- Volg die riglyne vir Handskriflesse op bl. 9.

## LEES

### Onafhanklike Werk

15 min



**Lees en beantwoord die vrae**

- Lees hierdie week se OW-teks hardop **vir** die klas. Die leerders volg die teks in hul boeke.
- Lees die vraag/vrae na elke teks. Vir die tekste vir Maandag tot Donderdag, gee die antwoorde, en laat die leerders self die antwoorde merk.

**Bespreek die teks**

- Van watter teks het jy die meeste gehou? Hoekom?
- Het jy enige nuwe feite geleer? Nuwe woorde?

**Sien na**

- Parafeer net. Let op wie nie in staat is om te lees en die vrae te beantwoord nie.

## ONAFHANKLIKE SKRYF

### Bidsprinkaan: Inligtingsverslag

15 min




- Vee die inligting op die verslag tydens Gedeelde Lees uit.
- Die leerders skryf hul eie inligtingsverslag oor die bidsprinkaan deur die inligting te kies wat hulle bygevoeg het.
- **Let op na**: Korrekte uiteensetting en leestekens, verstaan van onderhofies, teenwoordige tydsvorme.



## GROEPBEGELEIDE LEES EN ONAFHANKLIKE WERK

- **Groepbegeleide Lees:** Groep D en E



- **Onafhanklike Werk**: *Insekte wat ons kan eet*

BL 42

30 min



DATUM

Insekte wat ons kan eet

Baie mense eet insekte. In Limpopo eet die mense graag mopaniewurms. Mopaniewurms is ruspers wat op die blare van die mopanieboom leef. Mense maak hulle in die son droog en kook hulle dan. Dit proe amper soos biltong.

Oraloor Afrika eet mense rysmiere. Wanneer dit reën, vlieg die rysmiere. Mense maak hulle bymekaar, verwyder hul vlerke en braai hulle. Hulle eet dit ook rou. Mense sê dit is baie smaaklik!

Gebruik hierdie woorde om die resep te voltooi.

braai eet vlerke rysmiere pan

Gebraaide rysmiere

Bestanddele

rysmiere

olie

Metode

1 Maak 'n paar ______ bymekaar.

2 Haal hul ______ af.

3 Gooi 'n bietjie olie in 'n braai ______

4 ______ die rysmiere.

5 Wanneer dit gereed is, ______ die rysmiere.

42 • WEEK 2 • VRYDAG



## AANVANGSKENNIS

### DBO-werkboektyd

30 min

**Sien na en gee terugvoering**

- Gaan saam deur verlede week se DBO-werkboekbladsye.
- Die leerders korrigeer of voltooi die aktiwiteite.

**Voltooi DBO-werkboekbladsye**

- Lewensvaardigheid Werkboek 1 Werkvel 21 Insekte, bl. 42.
- Huistaal Werkboek 1, bl. 83.






## LIGGAAMSOPVOEDING

### Aktiwiteitstasies

25 min

- Volg die riglyne vir LO-aktiwiteitstasies op bl. 24.



## ONDERWYSER SE WEEKLIKSE OORSIG

**Hierdie week het ek:**

- **die LAB'e, Handskrif- en Skryfboeke ingeneem** en kommentaar oor die skryfwerk geskryf.
- **die werk nagesien en gekorrigeer** en sekere areas geïndentifiseer waar daar leemtes is of waar spesifieke leerders meer ondersteuning nodig het.
- **terugverwys na die Weeklikse Oorsig** en enige les wat ek nie in staat was om te voltooi nie, geïdentifiseer.
- **my aantekeningboek/dagboek deurgegaan** en vasgestel of enige leerders volgende week addisionele individuele onderrigtyd of individuele oefening moet kry.

**Ek het 'n tyd geskeduleer om volgende week:**

- **enige opvangwerk met die klas** te doen of algemene terugvoering soos nodig te gee.
- **individuele** onderrig te doen, bv. as die klas besig is of vroeg in die oggend.

**Ek het vooruit beplan vir volgende week** om te verseker dat ek voorbereid is en alles het wat ek nodig het om die week te begin..





# Lewensiklusse

## UITKOMSTE VIR HIERDIE WEEK

**Die leerders sal:**

- Leer van die verskillende stadiums van groei en 'n lewensiklus vloeidiagram teken.
- Verstaan dat alle lewende dinge 'n lewensduur het.
- Die belangrikheid/doel van elke lewende wese onthou.
- 'n Storie en 'n inligtingsverslag gebaseer op paddas lees.
- Die konsep van klassifikasie en definisies verstaan.
- Navorsing doen en feite oor 'n dier of insek skryf.

## VOORBEREIDING

**Flitskaarte**

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **Geletterdheid** | paddavissie | raaiselagtige | amfibieë | verdwyning | taai |

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Lewensvaardigheid** | rusper | papie | skoenlapper |
| | *caterpillar* | *pupa* | *butterfly* |

**Sinne**

***Klassifikasie:*** *Paddas is amfibieë. Amfibieë is 'n groep diere wat gedeeltelik in die water en gedeeltelik op die land lewe.*

## TOERUSTING

- A4-papier, potlode en kryte vir die Visuele Kunste-aktiwiteit
- Benodigdhede vir gekose Liggaamsopvoedingsaktiwiteite
- Die leerders se skryfboeke

## ASSESSERING

**Neem in en merk:** Woordeskat (Woensdag); Sinne (Donderdag); Handskrif (Vrydag)

**Informeel:** Spoedlees van woorde (Vrydag), Skryf (feite); Handskrif; Begrip, Woordeskat en taal, AK-bladsye.

# Lewensiklusse

*Hierdie teks is die inleiding vir die Lewensvaardigheid tema oor Lewensiklusse. Die onderwyser lees dit op Maandag (sien OG, bl. 52). Dit sluit aan by die illustrasies van Maandag se Aanvangskennisles op bl. 53 in die LAB.*

Alle lewende wesens het ’n lewensiklus. Dit begin op ’n sekere manier en verander dan daarna. Soms word dit bloot net groter, maar soms verander dit heeltemal. ’n Lewensiklus beskryf die verskillende stadiums waardeur ’n lewende wese gedurende sy leeftyd gaan.



Alle diere se lewensiklusse begin met geboorte, waar dit eers klein is, groei en groter word, ’n volwassene word en dan ’n bejaarde word.



Neem jouself as voorbeeld – hoe groot was jy toe jy gebore is? En hoe groot is jy nou? Hoe groot, dink jy, sal jy wees wanneer jy ’n volwassene is? Sal jy steeds soos ’n persoon met ’n lyf, ’n kop, arms en bene lyk? Beslis, want wanneer mense en ander soogdiere gebore word, is hulle kleiner weergawes van hoe hulle as volwassenes sal lyk. Tydens hul lewensiklus groei hulle groter en kan hulle meer dinge doen.

Daar is egter wesens, soos skoenlappers en paddas, wat as eiers begin en deur verskillende stadiums gaan voordat hulle volwassenheid bereik. Wanneer hulle uitbroei, lyk hulle glad nie soos wanneer hulle volwasse is nie.

’n Skoenlapper begin as ’n rusper, dan word dit ’n papie voordat dit ’n volwasse skoenlapper word.



’n Padda begin as ’n paddavissie voordat die pote groei en hy dan die water verlaat om as ’n volwasse padda te leef.

Voëls begin ook as eiers. Binne-in die eier groei die voëltjie en broei uiteindelik as ’n babavoëltjie uit. Hy is afhanklik van sy ouers om gevoed te word totdat hy sterk en groot genoeg is om te vlieg en vir homself te sorg.



Plante het ook lewensiklusse. Alle plante begin as sade. Die sade ontkiem, en wortels word gevorm en dan blare. Die plant word groter en produseer later blomme en sade. Die nuwe sade raak nuwe plante.

Lewensiklusse vind oor en oor plaas. Sommige lewensiklusse is kort en ander is lank. Daar is bome wat vir duisende jare leef, terwyl daar insekte is wat net vir ’n paar uur leef. Maar alle lewende wesens groei en verander.

# MAANDAG



## LUISTER EN PRAAT — Nuus

**15 min**



**Dink-pare-deel**
- **Dink:** Het jy enige spesiale nuus? Wat het jy oor die naweek gedoen?
- **Pare:** Vertel jou nuus vir jou maat. Reageer gaaf teenoor mekaar.

- **Deel:**
  - 'n Paar leerders deel hul nuus met die klas.
  - Maak seker al die leerders kry elke kwartaal 'n geleentheid.
  - Teken jou waarnemings in jou aantekeningboek aan.

**Berei die leerders vir die skoolweek voor** (*wat om te bring, spesiale gebeure, ens.*).



## KLANKE — Voltooi die blokkiesraaisel

**BL 51**
**15 min**




Woorde wat begin met drie medeklinkers: spr-, str-, skr-.

- Doen vinnige klankherkenning van klanke wat in Graad 2 aangeleer is.
- Die leerders voltooi die aktiwiteit in die LAB.
- Kontroleer en merk saam.



## HANDSKRIF — Capital *N*

**BL 50**
**10 min**




- Volg die riglyne vir Handskriflesse op bl. 9.



## LEES — Onderwyser lees hardop

**OG BL 51**
**15 min**



**Vóór lees**
- Kan jy nog onthou toe ons tydlyne gemaak het? Ons het onthou hoe ons gegroei het.
- Voorsien 'n doel om te luister: Luister om uit te vind hoe alle lewende wesens groei.

**Lees die teks vir die leerders**

**Ná lees**
- Het alle lewende dinge 'n lewensiklus?
- Hoe begin 'n mens se lewensiklus? En hoe eindig dit?
- Noem drie wesens wat hul lewensiklus as eiers begin.
- Hoe begin plante hul lewensiklus?
- Het al die lewensiklusse dieselfde tydsduur?

## LUISTER EN PRAAT BEGRIP

**15 min**



- Onderrig 'n les wat op klankleesboeke gebaseer is.




## GROEPBEGELEIDE LEES EN ONAFHANKLIKE WERK

BL 52
30 min

- **Groepbegeleide Lees:** Groep A en B
- **Onafhanklike Werk**: Lees die sinne






## AANVANGKENNIS Lewensiklusse

BL 53
30 min

**Dink-pare-deel**
- **Dink:** Wat weet jy van lewensiklusse?
- **Pare:** Vertel vir jou maat.
- **Deel** jou antwoord met die klas.

**Gedeelde Skryf: KWL-kaart**
- Skryf die leerders se bydrae in ry 1 van jou KWL-kaart op die bord.
- **Vra:** Wat wil jy graag hierdie week oor lewensiklusse leer? Skryf dit in ry 2.
- Die leerders kies een item uit elke ry om in hul KWL-kaart te skryf.






## VISUELE KUNSTE Kunsgallery: Realistiese skildery

BL 54
30 min

**Oor die skildery**
Realistiese sketse is 'n vermenging van wetenskap en kuns. Die kunstenaar bestudeer die natuur baie noukeurig en probeer presies teken wat hulle gesien het. Hierdie skilderye is baie soos die werklikheid. Hierdie realistiese skets van die lewensiklus van die mot is in die 1700's deur 'n Switserse vrou, Maria Sybilla Merian, geteken. Sy het vir baie jare die lewensiklusse van motte en skoenlappers bestudeer en sketse van elke stadium gemaak. Later is haar sketse in boeke gepubliseer. Iemand het haar "Die vrou wat wetenskap mooi gemaak het" genoem.

**Pare**
- Kyk na die tekeninge van naby.
- Beantwoord die vra in die LAB.

**Klasbespreking**
- Wat is 'n realistiese tekening?
- Kyk na die besonderhede op die plante en die wesens. Lyk dit eg?
- Deesdae neem mense liewers 'n foto as om te teken of so 'n skildery te verf. Wat verkies jy? Hoekom?






## LIGGAAMSOPVOEDING Inleiding

30 min

- Volg die riglyne vir LO-aktiwiteitstasies op bl. 24.



# DINSDAG

## LUISTER EN PRAAT   Word groot

15 min



**Dink-pare-deel**

- **Dink:** Verlede kwartaal het ons geleer oor hoe ons gegroei het. Wat is die verskille tussen 'n baba en 'n skoolkind?
- **Pare:** Vertel vir jou maat.
- **Deel** die verskille met die klas.
- Teken jou waarnemings in jou aantekeningboek aan.

## KLANKE   Skryf die woorde reg

BL 55
15 min




Woorde wat begin met drie medeklinkers: spr-, str-, skr-.

- Doen vinnige klankherkenning van klanke wat in Graad 2 aangeleer is.
- Die leerders voltooi die aktiwiteit in die LAB.
- Kontroleer en merk saam.

## HANDSKRIF   Lopende skrif *m*

BL 50
10 min

- Volg die riglyne vir Handskriflesse op bl. 9.




## GEDEELDE LEES   Leesbegrip

BL 44–49
15 min




**Vóór lees**

- Lees en bespreek kortliks die titel: Wat is 'n **raaisel**?
- Kyk saam na die eerste illustrasie. (Moenie omblaai nie.)
- Wat is die **agtergrond** van hierdie storie? (*'n poel/dam*).
- Wat is hierdie wesens? (*paddavissies*)

**Gedeelde Lees**

- Lees die storie saam met die leerders.
- Wys in die illustrasies uit hoe die paddavissies verander (wat nie in die storie verduidelik word nie).
- Lees die spraakborrels in verskillende stemme.
- Lees daarna die **inligtingsverslag** oor paddas saam met die leerders.

## SKRYF   Leesbegrip

BL 56
15 min




**Lees en bespreek die vrae**

**Skryf**

- Voltooi die aktiwiteit in die LAB.

**Kontroleer en korrigeer**




## GROEPBEGELEIDE LEES EN ONAFHANKLIKE WERK

- **Groepbegeleide Lees:** Groep C en D
- **Onafhanklike Werk:** *Dier met 'n lang lewensduur: Skilpad*

**BL 57**
**30 min**


DATUM

Dier met 'n lang lewensduur: Skilpad

Skilpaaie is stadig bewegende, sagmoedige wesens. Hulle het doppe wat hulle beskerm. Skilpaaie het 'n lang lewensduur; selfs langer as mense. Die grootste tipe skilpaaie word reuseskilpaaie genoem.
Jonathan, 'n vriendelike reuseskilpad, woon in die tuin van 'n groot huis. Hy is die oudste skilpad in die wêreld. Hy is 190 jaar oud. Hy is baie lief om piesangs, kool en appels te eet, en hy slaap baie.

1 Kan mense tot 190 jaar leef?
2 Skryf 'n sin oor hoekom skilpaaie interessante wesens is.

WEEK 3 • DINSDAG • 57



## AANVANGKENNIS — Lewensiklus van 'n skilpad

**BL 58**
**30 min**

**Lees en bespreek**
- Identifiseer die verskillende stadiums van die lewensiklus van die skoenlapper.
- Stel nuwe woordeskat bekend: lewensiklus, rusper, vervel, papie, kokon, uitbroei.
- Wys paragrafering uit: elke paragraaf gaan oor 'n verskillende stadium van die lewensiklus.

**Dink-pare-deel**
- **Dink:** Lyk 'n babarusper dieselfde as sy mamma? Hoe verander skoenlappers tydens hul lewensiklus?
- **Pare:** Verduidelik 'n skoenlapper se lewensiklus vir jou maat.
- **Deel** dit met die klas

**Skryf**
- Voltooi die aktiwiteit in die LAB.


DATUM

Lewensiklus van 'n skoenlapper

| | |
|---|---|
| Inleiding | 'n Skoenlapper gaan deur baie fases in sy lewe. Dit word die lewensiklus van die skoenlapper genoem. |
| Stadium 1 → | 'n Skoenlapper lê eiertjies op 'n blaar. Binne-in die eiertjies vorm klein ruspers. |
| Stadium 2 → | Die rusper begin om sy pad uit die eier te eet. |
| Stadium 3 → | Die rusper eet die blare van die plant waarop dit gebore is. Dit hou aan met eet en word groter. |
| Stadium 4 → | Wanneer die rusper te groot word vir sy vel, skud hy sy vel af. 'n Nuwe vel is reeds gevorm. Hy kan 'n paar keer vervel. |
| Stadium 5 → | Sodra die rusper groot genoeg is, spin die ruspe 'n kokon rondom homself. Die rusper binne-in die kokom verander dan in 'n papie. |
| Stadium 6 → | Ná twee weke verskyn 'n skoenlapper uit die papie. Sy vlerke is nat en aanvanklik klein. Sodra die skoenlapper se vlerke droog is, kan die skoenlapper vlieg en kos gaan soek en begin eiers lê. |

58 • WEEK 3 • DINSDAG



## VISUELE KUNSTE — Teken 'n blaar

**30 min**

**Berei voor**
- Bring 'n verskeidenheid blare (gladde rande, getande rande, verskillende vorms, verskillende kleure, ens.) klas toe.
- Gee vir elke groep 'n blaar.
- Sê vir die leerders om noukeurig na die blare te kyk (vorm, kleur, are, merke of gaatjies, rande).

**Aktiwiteit (potlood op papier)**
- Die leerders teken hul blaar en voeg besonderhede wat hulle kan sien, by.
- Kyk gereeld na die blaar terwyl jy teken.

**Bêre die sketse om volgende week te voltooi.**





## LIGGAAMSOPVOEDING — Aktiwiteitstasies

**25 min**

- Volg die riglyne vir LO-aktiwiteitstasies op bl. 24.



# WOENSDAG

## LUISTER EN PRAAT — Bespreek navorsing

15 min



**Dink-pare-deel**

- **Dink:** Ons leer baie dinge in die skool, maar ons kan ook baie dinge buite die skool leer.
- **Pare:** Vertel vir jou maat hoe jy meer oor 'n dier waarin jy belanggestel het, sal uitvind. (bv vra volwassene, soek op internet, neem waar dier, biblioteekboeke, ens.)
- **Deel** dit met die klas. (Onderwyser kan van die voorstelle neerskryf.)
- Teken jou waarnemings in jou aantekeningboek aan.

## KLANKE — Voltooi die rymsinne

BL 59
15 min




Woorde wat begin met drie medeklinkers: spr-, str-, skr-.

- Doen vinnige klankherkenning van klanke wat in Graad 2 aangeleer is.
- Die leerders voltooi die aktiwiteit in die LAB.
- Kontroleer en merk saam.

## HANDSKRIF — Lopende skrif *B*

BL 50
10 min




- Volg die riglyne vir Handskriflesse op bl. 9.

## GEDEELDE LEES — Woordeskat

BL 44–49
15 min




**Woordeskatwoorde**

- Wys en lees die week se woordeskatwoorde op die bord of op flitskaart:

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| paddavissie | raaiselagtige | amfibieë | verdwyning | taai |

**Gedeelde Lees**

- Lees weer bl. 44 tot 48 saam met die leerders.
- **Woordsoek:** Die leerders merk die woordeskatwoorde in die LAB-teks terwyl jy lees. Hulle onderstreep of omkring elke nuwe woord.

## SKRYF — Woordeskat

BL 60
15 min




**Mondeling**

- Gaan mondelings deur die aktiwiteite in die LAB.

**Skryf**

- Voltooi die aktiwiteit in die LAB. Kontroleer en korrigeer.
- Die leerders kopieer die vyf woordeskatwoorde in hul persoonlike woordeboeke.

**Sit die woordeskatflitskaarte** teen die woordmuur.




## GROEPBEGELEIDE LEES EN ONAFHANKLIKE WERK

- **Groepbegeleide Lees:** Groep E en A
- **Onafhanklike Werk**: *Dier met 'n lang lewensduur: Walvis*

BL 61
30 min






## AANVANGKENNIS 'n Lewensiklus

**Lees en bespreek**
- Lees weer die inligtingsteks op bl. 49 in die LAB.
- Lees die sinne in die middel van die lewensiklusdiagram.
- Wat, dink jy, kan jy in elke sirkel van die diagram teken?

**Gedeelde skryf**
- Help die leerders om die prente te teken om die vloeidiagram van die lewensiklus te voltooi.

BL 62
30 min






## UITVOERENDE KUNSTE Oefen 'n roep-en-antwoord-liedjie

**Berei voor**
- Kies 'n welbekende Suid-Afrikaanse liedjie wat roep-en-antwoord vereis.
- Skryf die woorde op die bord of op 'n plakkaat.

**Doen**
- Leer die woorde en die wysie vir die leerders.
- Sing dit herhaalde male totdat die leerders gemaklik voel om albei dele te sing (roep-en-antwoord).

**Bespreek**
- Vra vir die leerders watter deel hulle die meeste geniet om te sing (roep of antwoord).
- Moedig die leerders aan om tydens pouse die liedjie saam met hul maats te oefen.

30 min





## LIGGAAMSOPVOEDING Aktiwiteitstasies

- Volg die riglyne vir LO-aktiwiteitstasies op bl. 24.

25 min



# DONDERDAG

## LUISTER EN PRAAT — Bespreek navorsing

15 min



**Dink-pare-deel**
- **Dink:** Van watter dier wil jy graag meer weet? Hoekom?
- **Pare:** Bespreek jou idees met jou maat.
- **Deel** jou idees met die klas.
- **Verduidelik:** Elke leerder moet 'n dier kies en meer daaroor uitvind. Hulle gaan volgende week 'n geleentheid kry om met die klas te deel wat hulle uitgevind het.
- Teken jou waarnemings in jou aantekeningboek aan.

## KLANKE — Skryf jou eie sinne

BL 63
15 min




Woorde wat begin met drie medeklinkers: spr-, str-, skr-.

- Doen vinnige klankherkenning van klanke wat in Graad 2 aangeleer is.
- Die leerders voltooi die aktiwiteit in die LAB.
- Kontroleer en merk saam.

## HANDSKRIF — Lopende skrif R

BL 50
10 min




- Volg die riglyne vir Handskriflesse op bl. 9.

## GEDEELDE LEES — Taal

15 min




**Stel die sinne bekend**
- Skryf die twee sinne op die bord.
- Lees die sinne stadig saam met die leerders.
- Die leerders vind en onderstreep die sinne in die **inligtingsverslag** op bl. 49.

**Werk met die sin**
- Watter woord is die **opskrif**? Hoe weet jy dit? (*vetgedrukte letters, posisie*)
- Watter sin **klassifiseer** die dier? (*eerste, dit dui aan aan watter groep dier behoort*)
- Wat doen die volgende sin? (*definieer die groep*)
- Wat is die verskil tussen 'n klassifikasie en 'n definisie?
- Lees die tabel vir die leerders (gee voorbeelde).

## SKRYF — Taal

BL 64
15 min




**Skryf**
- *Cloze*-sinne is sinne waarvan woorde weggelaat is.
- Die vermoë om gepaste woorde in 'n sin in te vul, is 'n goeie aanduiding van leesvermoëns.
- Voltooi die *cloze*-sinne mondelings saam.
- Demonstreer hoe om die sin as 'n patroon met enige ander dier te gebruik.
- Die leerders voltooi die aktwiteit in die LAB.





## GROEPBEGELEIDE LEES EN ONAFHANKLIKE WERK

BL 65

30 min

- **Groepbegeleide Lees:** Groep B en C
- **Onafhanklike Werk:** *Dier met 'n kort lewensduur: Vrugtevlieg*



DATUM

Dier met 'n kort lewensduur: Vrugtevlieg

Het jy al ooit 'n klein vliegie met rooi oë rondom die vrugte van 'n boom of in die huis gesien zoem?

Dit is klein insektetjies met 'n groot werk. Hulle werk is om van al die verrotte vrugte ontslae te raak. Hulle is ook kos vir ander diere soos paddas en geitjies.

Vrugtevlieë is interessant omdat hulle 'n baie kort lewensduur het. Hulle leef slegs twee weke! Dit is een van die kortste lewensduurtes van enige dier op aarde. Voor hulle sterf, lê die vrugtevlieg omtrent 500 eiertjies.

1. Skryf een sin oor hoe vrugtevlieë nuttig kan wees.
2. Skryf oor die oudste of jongste persoon wat jy ken.

WEEK 3 • DONDERDAG • 65



## AANVANGKENNIS

### Konsepverslag

30 min

**KWL-kaart (bl. 53)**

- Help die leerders om die laaste ry te voltooi.

**Aanvaar, verwerp**

- Hou drie tweetalige flitskaarte vir elke woord op en vra vrae.

**Rusper**

1. Ruspers broei uit eiers.
2. Ruspers verander in paddavissies.
3. Ruspers vervel wanneer hulle te groot word.

**Papie**

1. Die papie is die laaste stadium van die lewensiklus van die skoenlapper.
2. Die rusper verander binne-in die papie.
3. 'n Skoenlapper kom uit die papie.

**Skoenlapper**

1. Skoenlappers lê eiers op blare.
2. 'n Skoenlapper kom onder die water uit die kokon uit.
3. Skoenlappers en ruspers is deel van dieselfde lewensiklus.

**EAT:** *caterpillar*, *pupa*, *butterfly*
rusper, papie, skoenlapper



## UITVOERENDE KUNSTE

### Voer 'n roep-en-antwoord-liedjie

30 min



**Berei voor**

- Hersien die woorde van die liedjie van die vorige dag.
- Deel die klas in twee groepe – een groep roep en die ander groep antwoord.

**Voer op**

- Voer die liedjie ten minste twee keer op – laat die groepe omruil om te roep en te antwoord.

**Evalueer**

- Was die woorde en die wysie duidelik?
- Het die leerders wat die "roep" doen, leiding geneem?
- Het jy die liedjie geniet?



## LIGGAAMSOPVOEDING

### Aktiwiteitstasies

25 min



- Volg die riglyne vir LO-aktiwiteitstasies op bl. 24.

# VRYDAG



## LUISTER EN PRAAT — Oorsig van die week

15 min



**Dink-pare-deel**

- **Dink:** Gesels oor een interessante ding wat jy hierdie week oor diere geleer het.
- **Pare:** Deel dit met jou maat.
- **Dink en deel:** Wat het jy hierdie week goed gedoen? Wat sal jy volgende week anders doen?



## KLANKE — Diktee

BL 66

10 min




Volg die riglyne vir diktee op bl. 8.
**Woorde:** stamp en frank
**Sin:** Die skelm stamp sy toon.



## HANDSKRIF

### Lopende skrif N M B R

- Volg die riglyne vir Handskriflesse op bl. 9.

BL 50

10 min






## LEES — Onafhanklike Werk

15 min



**Lees en beantwoord die vrae**

- Lees hierdie week se OW-teks hardop **vir** die klas. Die leerders volg in hul boeke.
- Lees die vraag/vrae na elke teks. Gee die antwoorde vir die tekste vir Maandag tot Donderdag en laat die leerders hul antwoorde self merk.

**Bespreek die tekste**

**Sien na**

- Parafeer net. Let op wie nie in staat is om te lees en die vrae te beantwoord nie.



## ONAFHANKLIKE SKRYF — Skryf feite neer

15 min

**Bespreek**

- Verlede week het ons eers 'n feitelike en toe 'n inligtingsverslag oor die bidsprinkaan geskryf.
- Hierdie week gaan ons 'n feitelike verslag oor 'n ander dier skryf.
- Dit kan 'n kakkerlak of enige ander dier van jou keuse wees.
- **Kyk na:** Interessante feite.



## GROEPBEGELEIDE LEES EN ONAFHANKLIKE WERK

- **Groepbegeleide Lees:** Groep D en E
- **Onafhanklike Werk:** *Blom met 'n kort lewensduur: Daglelie*

BL 67

30 min




## AANVANGKENNIS

DBO-werkboektyd

30 min

**Sien na en gee terugvoering**

- Gaan saam deur verlede week se DBO-werkboekbladsye.
- Die leerders korrigeer of voltooi die aktiwiteite.

**Voltooi DBO-werkboekbladsye**

- Lewensvaardigheid Werkboek 1 Werkvel 25, bl. 50 en 51.
- Huistaal Werkboek 1, bl. 90–91.




## LIGGAAMSOPVOEDING

Aktiwiteitstasies

25 min

- Volg die riglyne vir LO-aktiwiteitstasies op bl. 24.



## ONDERWYSER SE WEEKLIKSE OORSIG

**Hierdie week het ek:**

- **die LAB'e, Handskrif- en Skryfboeke ingeneem** en kommentaar oor die skryfwerk geskryf.
- **die werk nagesien en gekorrigeer** en sekere areas geïndentifiseer waar daar leemtes is of waar spesifieke leerders meer ondersteuning nodig het.
- **terugverwys na die Weeklikse Oorsig** en enige les wat ek nie in staat was om te voltooi nie, geïdentifiseer.
- **my aantekeningboek/dagboek deurgegaan** en vasgestel of enige leerders volgende week addisionele individuele onderrigtyd of individuele oefening moet kry.

**Ek het 'n tyd geskeduleer om volgende week:**

- **enige opvangwerk met die klas** te doen of algemene terugvoering soos nodig te gee.
- **individuele** onderrig te doen, bv. as die klas besig is of vroeg in die oggend.

**Ek het vooruit beplan vir volgende week** om te verseker dat ek voorbereid is en alles het wat ek nodig het om die week te begin..





# Lewensiklusse

## UITKOMSTE VIR DIE WEEK

**Die leerders sal:**

- 'n Storie in hoofstukke oor die lewensiklus van 'n voël lees.
- Leer oor en die lewensiklusse van waterskilpaaie, paddas en hoenders en hulle vergelyk.
- Navorsingsuitvindings bespreek.
- 'n Inligtingsverslag oor 'n dier van hul keuse skryf.
- Na 'n feeverhaal oor 'n padda luister en dit oorvertel.
- Begin om storiestrukture en opsommings te verstaan.

## VOORBEREIDING

### Flitskaarte

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **Geletterdheid** | paddavissie | raaiselagtige | amfibieë | verdwyning | taai |

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Lewensvaardigheid** | padda | paddavissie | longe |
| | *frog* | *tadpole* | *lungs* |

### Sinne

***Klassifikasie:*** *Paddas is amfibieë. Amfibië is 'n groep diere wat gedeeltelik in die water en gedeeltelik op die land lewe.*

## TOERUSTING

- A4-papier, potlode, viltpenne en kryte of verf vir die Visuele Kunste-aktiwiteit
- Benodigdhede vir gekose Liggaamsopvoedingsaktiwiteite
- Die leerders se skryfboeke

## ASSESSERING

**Neem in en merk:** Woordeskat en taalwerk (Woensdag); Handskrif (Vrydag)

**Informeel:** Diktee, Begrip, Vlotheidsoefening AK-aktiwiteite

| **Formele Assesseringsaktwiteite** | | | |
|---|---|---|---|
| Vr. | Skryf Assessering 1: Inligtingsverslag | PRAKTIES | OG bl. 72 |

# Feeverhaal: Die prinses en die padda

Eendag, lank, lank gelede was daar 'n beeldskone prinses wat saam met haar pappa, die koning, in 'n enorme paleis gewoon het. Sy het ongelukkig geen boeties of sussies gehad met wie sy kon speel nie, so haar pappa het vir haar 'n skitterende, goue bal gegee.



Een dag, terwyl sy lekker met haar goue bal speel, het dit per ongeluk in die visdam beland. Die prinses kon die goue bal op die bodem van die visdam sien, maar kon dit ongelukkig nie uithaal nie.

Skielik het 'n klein, groen padda uit die water gespring en gesê: "Ek kan jou goue bal vir jou uithaal, maar eers moet jy 'n belofte maak."

"Ek sal enige iets doen om my skitterende, goue bal terug te kry," het die hartseer prinses gesê.

Toe het die padda gesê: "Ek is verskriklik eensaam. Ek wil bitter graag saam met jou aandete in die paleis geniet. As jy belowe dat ek kan kom, sal ek in die dam duik en jou goue bal uithaal."

Die prinses het belowe en die padda het in die koue water geduik en die goue bal uitgehaal.



Die prinses het nie van haar belofte vergeet nie. Toe dit tyd was om na die paleis terug te keer, het sy die klein, groen paddatjie versigtig opgetel en saam met haar geneem. Sy het hom mooitjies op die tafel langs haar bord neergesit.

Die koning was verbaas en het kwaai gesê: "Neem dadelik daardie aardige skepsel na buite!"

Die goedhartige prinses het mooi verduidelik en gesê: "Pappa, ek het 'n belofte gemaak!" Sy het haar belofte aan die koning verduidelik.

Die koning het verstaan en vriendelik gesê: "Welkom in die paleis, klein paddatjie."

Die padda het die aandete baie geniet. Gou-gou het die drie van hulle lekker gesels en gelag. Die prinses het vergeet dat die klein skepseltjie 'n padda was en aan hom as 'n maatjie begin dink. Ná aandete het sy hom hartlik uitgenooi om weer by hulle te kom eet.

Skielik, reg voor haar oë, het 'n wonderwerk gebeur. Die padda het in 'n aantreklike jong man verander.



Die jong man het gesê: "Jy het die towerspreuk gebreek! Ek is deur 'n towerspreuk in 'n padda verander. Die towerspreuk kon slegs gebreek word as iemand my opregte maat word."

Van toe af was die jong man en die prinses vir altyd beste maats.

# MAANDAG



## LUISTER EN PRAAT — Nuus

15 min



**Dink-pare-deel**
- **Dink:** Het jy enige spesiale nuus? Wat het jy oor die naweek gedoen?
- **Pare:** Vertel jou nuus vir jou maat. Reageer gaaf teenoor mekaar.
- **Deel**:
  - ’n Paar leerders deel hul nuus met die klas.
  - Maak seker al die leerders kry ’n geleentheid gedurende die kwartaal.
  - Teken jou waarnemings in jou aantekeningboek aan.

**Berei die leerders vir die skoolweek voor** (*wat om te bring, spesiale gebeure, ens.*)



## KLANKE — Soek die woorde

BL 69
15 min




Woorde wat eindig op oop lettergrepe (a, e, o, i, u).

- Doen vinnige klankherkenning van klanke wat in Graad 2 aangeleer is.
- Die leerders voltooi die aktiwiteit in die LAB.
- Kontroleer en merk saam.



## HANDSKRIF — Lopende skrif *H*

BL 68
10 min




- Volg die riglyne vir Handskriflesse op bl. 9.



## LEES — Onderwyser lees hardop

OG
BL 63
15 min



**Vóór lees**
- Wat is ’n prinses?
- Wat is ’n feeverhaal? (*’n magiese storie oor denkbeeldige mense en plekke*)
- Voorsien ’n doel om te luister: Dit is ’n feeverhaal oor ’n prinses en ’n padda! Kom ons kyk wat hierdie twee in gemeen het.

**Lees die teks vir die leerders**

**Ná lees**
- Noem die drie persone oor wie die storie gaan.
- Waar vind dit plaas?
- Het die prinses haar belofte behou? Wat sê dit vir ons van haar?
- Hoe het die storie geëindig?

## E-KLASKAMER

15 min



- Onderrig ’n les van die E-klaskamer.



## GROEPBEGELEIDE LEES EN ONAFHANKLIKE WERK




**BL 70**

**30 min**

- **Groepbegeleide Lees:** Groep A en B



- **Onafhanklike Werk:** Lees die sinne



## AANVANGSKENNIS

### Die lewensiklus van 'n padda




**BL 71**

**30 min**

**Lees en bespreek**

- Hersien die lewensiklus van die skoenlapper.
- Lees die bladsy in die LAB saam met die leerders.
- Gesels oor elke stadium van die lewensiklus van 'n padda.
- Beklemtoon nuwe woordeskat.

**Dink-pare-deel**

- **Dink:** Hoe hou dit verband met die storie **Die raaiselagtige verdwyning van die paddavissies?**
- **Pare:** Vertel jou antwoord vir jou maat.
- **Deel** jou antwoord met die klas.

**Skryf**

- Voltooi die aktiwiteit in die LAB.



## VISUELE KUNSTE

### Kleur jou blaar in




**30 min**

**Aktiwiteit (potlood of viltpenne en kryte of verf)**

- Kyk weer na die prent op bl. 54 in die LAB.
- Let op na die fyn lyne op die blare en die mot wat tekstuur aan die tekening gee.
- Die leerders voeg tekstuur by hul blaartekeninge deur fyn lyne met 'n potlood of viltpen te teken.
- Die leerders kleur die prent in deur verf of kryte te gebruik.

**Bêre dit veilig om die volgende dag te voltooi**



## LIGGAAMSOPVOEDING

### Inleiding



**30 min**

- Volg die riglyne vir LO-aktiwiteitstasies op bl. 24.

# DINSDAG



## LUISTER EN PRAAT — Vertel 'n storie oor

15 min

**Dink-pare-deel**

- **Dink:** Wie was die karakters in die hardopleesstorie?
- **Pare:** Vertel vir jou maat 'n gedeelte van die storie. Stop waar die padda na die paleis gekom het en laat jou maat dan die storie voltooi.
- **Deel:** Vra een of twee leerders om die storie vir die klas te vertel.

- **Herinner die klas:** Verlede week het jy meer oor 'n dier van jou keuse geleer. Môre en Donderdag kan jy met die klas deel wat jy geleer het.
- Teken jou waarnemings in jou aantekeningboek aan.





## KLANKE — Vul die ontbrekende klanke in

BL 72
15 min

Woorde wat eindig op oop lettergrepe (a, e, o, i, u).

- Doen vinnige klankherkenning van klanke wat in Graad 2 aangeleer is.
- Die leerders voltooi die aktiwiteit in die LAB.
- Kontroleer en merk saam.






## HANDSKRIF — Lopende skrif K

BL 68
10 min

- Volg die riglyne vir Handskriflesse op bl. 9.






## GEDEELDE LEES — Leesbegrip

BL 44–49
15 min

**Gedeelde Lees**

- Lees enige twee bladsye van die storie saam met die leerders.
- Demonstreer **vlotheid en uitdrukking** (let veral op na leestekens, uitspraak, uitdrukking, goeie spoed).

**Lees in Pare**

- Maats lees om die beurt 'n bladsy en oefen terselfdertyd vlotheid en lees met uitdrukking.
- Die leerders moet hul stemme verander waar die paddavissies in die storie praat (in die spraakborrels).
- Luister en gee terugvoering terwyl jy deur die klas beweeg of gebruik hierdie tyd vir een-tot-een ondersteuning.






## SKRYF — Leesbegrip

BL 73
15 min

**Lees en bespreek die taak**

- Verduidelik dat hierdie taak individuele antwoorde gaan nodig hê. (op jou eie- vrae)
- Die leerders gebruik hul eie woorde. (Moenie uit die storieteks afskryf nie.)
- Elkeen gaan hulself dus effens verskillend uitdruk.

**Skryf**

- Voltooi die aktiwiteit in die LAB.

**Sien na en korrigeer**, en maak voorsiening vir verskille in die opsomming van die storie.



## GROEPBEGELEIDE LEES EN ONAFHANKLIKE WERK

**BL 74**
**30 min**

- **Groepbegeleide Lees:** Groep C en D
- **Onafhanklike Werk:** *Die blou eiers (Hoofstuk 1)*


DATUM

Die blou eiers (Hoofstuk 1)

Lank gelede, in die veld in Afrika, was daar 'n doringboom. In die stam van die boom was daar 'n gat, en in die gat was daar 'n warm nes wat met gras en vere uitgevoer was. Daar was ook vier pragtige blougroen eiers in die nes wat stadig besig was om ligbruin te raak.

Ná 'n maand het daar iets opwindends gebeur. Die eiers was besig om oop te kraak!

1 Wat, dink jy, gaan uit die eiers uitbroei?

2 Wat anders kon jy in die boom sien?

74 • WEEK 4 • DINSDAG

## AANVANGSKENNIS

**Skryf 'n inligtingsteks**

**BL 75**
**30 min**

**Lees en bespreek**

**Dink-pare-deel**
- **Dink:** Wat is die stadiums van die lewensiklus van 'n padda?
- **Pare:** Verduidelik die stadiums vir jou maat.
- **Deel** die stadiums met die klas.

**Skryf**
- Voltooi die tabel deur een of twee sinne oor elke stadium van die lewensikluste te skryf. Voorsien addisionele woordeskat, indien nodig.


DATUM

Skryf 'n inligtingsteks

| Titel | Lewensiklus van 'n padda |
|---|---|
| Inleiding | |
| Stadium 1 | |
| Stadium 2 | |
| Stadium 3 | |
| Stadium 4 | |

WEEK 4 • DINSDAG • 75

## VISUELE KUNSTE

**Teken 'n blaar (vervolg)**

**30 min**

**Voltooi die blaartekeninge**

**Stal uit en bespreek**
- Die leerders verduidelik hoe hul blare uniek in hul vorm is.
- Hulle verduidelik hoe hulle tekstuur bygevoeg het deur fyn lyne en ander skaduwees in te voeg.



## LIGGAAMSOPVOEDING

**Aktiwiteitstasies**

**25 min**

- Volg die riglyne vir LO-aktiwiteitstasies op bl. 24.



# WOENSDAG

## LUISTER EN PRAAT — Deel ons navorsing

15 min



**Dink-pare-deel**
- **Dink:** Verlede week het ons gesels oor diere waarvan jy meer wou leer.
- **Pare:** Vertel vir jou maat wat jy geleer het. Verduidelik hoe jy dit geleer het. (gelees, gevra, neem waar, ens.)
- **Deel:** Vra die leerders om vir die klas te vertel wat hulle geleer het, en ook om te verduidelik hoe hulle meer geleer het.
- Teken jou waarnemings in jou aantekeningboek aan.

## KLANKE — Skryf sinne

BL 76
15 min




Woorde wat eindig op oop lettergrepe (a, e, o, i, u).

- Doen vinnige klankherkenning van klanke wat in Graad 2 aangeleer is.
- Die leerders voltooi die aktiwiteit in die LAB.
- Kontroleer en merk saam.

## HANDSKRIF — Lopende skrif ℰ

BL 68
10 min




- Volg die riglyne vir Handskriflesse op bl. 9.

## LEES — Woordeskat en taal

15 min




**Woordeskat (LAB, bl. 60)**
- Lees verlede week se flitskaarte:

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| paddavissie | raaiselagtige | amfibieë | verdwyning | taai |

- Die leerders kontroleer verlede week se woordeskataktiwiteit in die LAB en korrigeer dit.

**Sinswerk (LAB, bl. 64)**
- Skryf die korrekte sin op die bord. Die leerders kontroleer hul sin.
- Die leerders lees hul eie sin vir 'n maat.

## SKRYF — Oorbrugging na Engels

BL 77
15 min




**Woordeskat**
- Praat oor hoe om die flitskaartwoorde in Engels te sê.

**Sin**
- Bespreek hoe om die sleutelsin in Engels uit te druk.

**Skryf**
- Voltooi die aktiwiteit in die LAB.
- Kontroleer en korrigeer die antwoorde in die klas.





## GROEPBEGELEIDE LEES EN ONAFHANKLIKE WERK

**BL 78**
**30 min**

- **Groepbegeleide Lees:** Groep E en A
- **Onafhanklike Werk:** *Die blou eiers (Hoofstuk 2)*



DATUM

Die blou eiers (Hoofstuk 2)

Uit daardie eiers het vier klein kuikens uitgebroei. Hulle was blind en nat en daar was geen vere aan hul lyfies nie. Hulle kon nie vir hulself sorg nie, maar hul mamma was daar om hulle warm te hou. Hul pappa het die kos vir hul mamma gegee, wat dan die kuikens gevoer het.

Die mamma- en pappavoël het beurte geneem om die kuikens op te pas, sodat diere of groter voëls nie hul kuikens kon seermaak nie. Die kuikens het elke dag sterker en groter geraak en hul vere het begin groei.

1. Was jou voorspelling reg?
2. Wat kon die klein kuikens eet?
3. Wat, dink jy, gaan volgende gebeur?

78 • WEEK 4 • WOENSDAG



## AANVANGSKENNIS

### Lees en bespreek

- Wat is 'n waterskilpad? Waar lewe waterskilpaaie?
- Kyk na die prente en lees die byskrifte op die vloeidiagrammme.
- Bespreek die lewensiklusse van die hoender en die waterskilpad.
- Wat is dieselfde en wat is verskillend?

## Vergelyk twee lewensiklusse

**BL 79**
**30 min**

### Dink-pare-deel

- Hoe tree die twee mammas (hoender en waterskilpad) verskillend op?
- Tree mense-ouers meer op soos 'n hoender of soos 'n waterskilpad?

### Skryf

- Skryf 'n lys van dinge wat dieselfde in die twee lewensiklusse is.
- Skryf 'n lys van dinge wat verskillend in die twee lewensiklusse is.



DATUM

Vergelyk twee lewensiklusse

Hierdie twee wesens begin albei hul lewensiklus as eiers.

Lewensiklus van 'n hoender

Lewensiklus van 'n skilpad

Wat is dieselfde?

Wat is verskillend?

WEEK 4 • WOENSDAG • 79



## UITVOERENDE KUNSTE

## Beweeg soos 'n dier

**30 min**

### Berei voor

- Gesels oor diere waaroor die leerders navorsing gedoen het.
- Groepeer die leerders in groepe met dieselfde of gelyksoortige diere.

### Doen

- In hul groepe, laat die leerders soos hul gekose dier beweeg.
- Vra hulle om op hul liggame te konsentreer terwyl hulle beweeg:
- Beweeg asof jul dier baie haastig is – dink oor die vorm van jul liggaam.
- Beweeg asof jul dier baie ontspannend en stadig is – behou jul balans.
- Beweeg asof jul dier spring of wegspring – spring hoog en land saggies met jou knieë gebuig.

### Bespreek

- Is dit moeilik om jou balans te behou wanneer jy vinnig of stadig beweeg?
- Is dit makliker om saggies te land wanneer jy hoog of laag spring?
- Het jy gedink aan jou liggaam en hoe jy die vorm van die dier gemaak het?





## LIGGAAMSOPVOEDING

## Aktiwiteitstasies

**25 min**

- Volg die riglyne vir LO-aktiwiteitstasies op bl. 24.



# DONDERDAG



## LUISTER EN PRAAT

### Diere waarvan ons reeds geleer het

15 min

**Dink-pare-deel**

- **Dink:** Dink aan al diere waaroor jy hierdie kwartaal in die klas of by die huis gelees het, toe jy jul eie navorsing gedoen het. Kies een om oor te skryf.
- **Pare:** Vertel vir jou maat watter dier jy gekies het om oor te skryf en hoekom.
- **Deel:** Vra almal om vir die klas te vertel watter dier hulle gekies het. Soos hulle die diere noem, help hulle om dit te klassifiseer, bv. *'n slang? Dit is 'n reptiel!*
- Teken jou waarnemings in jou aantekeningboek aan.





## KLANKE

### Voltooi die sinne

BL 80
15 min

Woorde wat eindig op oop lettergrepe (a, e, o, i, u).

- Doen vinnige klankherkenning van klanke wat in Graad 2 aangeleer is.
- Die leerders voltooi die aktiwiteit in die LAB.
- Kontroleer en merk saam.






## HANDSKRIF

### Lopende skrif

BL 68
10 min

- Volg die riglyne vir Handskriflesse op bl. 9.






## LEES

### Oefen vlotheid

BL 81
15 min

**Lees in Pare**

- Die maats lees die teks om die beurt.
- Hou tyd vir elke leesbeurt (1 min elk). Skryf neer hoeveel reëls hulle gelees het.
- Herhaal.

**Gee terugvoering**

- Lees die teks saam met die leerders.
- Die leerders omkring enige woorde wat hulle verkeerd gelees het.
- Moedig hulle aan om die leesteks tuis te oefen.






## GEDEELDE SKRYF

### Berei inligtingsverslag voor

15 min

**Bespreek die taak**

- Jy gaan 'n inligtingsverslag skryf oor die dier wat jy gekies het.
- Lees die voorstelle op die skryfbord.
- Doen 'n voorbeeld: bv. ***Slang:*** *reptiel; skubberige vel, lang en dun, eet diere; byt of spoeg, gif, word uit eiers gebore.*
- Indien die tyd dit toelaat, kan die leerders met hul Inligtingsverslae oor die dier van hul keuse begin.

**Inligtingsverslag**
**(Opskrif)** ______________ **(naam)**
**Klas:** **(insek, voël, reptiel, soogdier, vis)**
**Voorkoms:** **(grootte, kleur, liggaamsdele, dele van die kop, vel, ens.)**
**Gewoontes:** **(beweging, dieet, lewensiklus, woning (habitat), ens.)**




## GROEPBEGELEIDE LEES EN ONAFHANKLIKE WERK

**BL 82**
**30 min**

- **Groepbegeleide Lees:** Groep B en C
- **Onafhanklike Werk:** *Die blou eiers (Hoofstuk 3)*






## AANVANGSKENNIS

### Konsepverslag

**30 min**

**KWL-kaart (bl. 53)**
- Help die leerders om die laaste ry te voltooi.

**Aanvaar, verwerp**
- Hou drie tweetalige flitskaarte vir elke woord op en vra vrae..

**Padda**
1. Paddas is amfibieë.
2. Alle paddas kan spring.
3. Alle paddas leef in die water.

**tadpole**
1. ’n Paddavissie is ‘n jong paddatjie.
2. Paddavissies het pote wanneer hulle uit die eiers uitbroei.
3. Paddavissies verlaat die water sodra hul longe sterk genoeg is.

**Longe**
1. ’n Paddavissie het ten volle ontwikkelde longe.
2. ’n Padda het ten volle ontwikkelde longe.
3. Paddas haal asem deur hul longe.

**EAT:** *frog*, *tadpole*, *lungs*
padda, paddavissie, longe



## UITVOERENDE KUNSTE

### Maak ’n bewegingsin

**30 min**

**Inleiding**
- Herinner die leerders aan hoe hulle soos ’n dier beweeg het.
- Praat oor bewegingsinne: dit begin met ’n beginbeweging soos wakker word; dan is daar die middelste deel – soos rondbeweeg, spring, land, ens; en dan eindig dit met ’n eindbeweging – soos om weer te gaan slaap.

**Groep**
- Verdeel die klas in groepe.
- Elke groep gesels oor en oefen ’n bewegingsin oor hul gekose dier.

**Voer op**
- Elke groep voer hul bewegingsinne uit.
- Die ander groepe moet raai watter dier dit is.

**Evalueer**
- Moedig positiewe kommentaar ná afloop van elke uitvoering aan.





## LIGGAAMSOPVOEDING

### Aktiwiteitstasies

**25 min**

- Volg die riglyne vir LO-aktiwiteitstasies op bl. 24.



# VRYDAG



## LUISTER EN PRAAT Oorsig van die week

15 min



**Dink-pare-deel**
- **Dink:** Gesels oor een interessante ding van diere wat jy hierdie week geleer het.
- **Pare:** Deel dit met jou maat.
- **Deel:** Wat gaan jy doen om te verseker dat jy alles gaan onthou wat jy geleer het?



## KLANKE Spoedlees woorde

- Volg die riglyne vir spoedlees van woorde op bl. 8.

BL 83
10 min



DATUM

Spoedlees woorde

Lees vir een minuut.

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| swaai | niks | arm | serp | melk |
| trap | self | dors | kaart | mens |
| klaar | dalk | maats | help | prent |
| vrou | dans | nerf | sink | hemp |
| swaar | kant | warm | dorp | sorg |
| trein | kamp | mors | kort | werk |
| klein | terg | boks | skulp | fiks |
| vraag | park | sing | lank | ramp |
| twis | fluks | kerm | slurp | punt |
| klei | kolf | gerf | bang | lens |

Hoogste telling: ............ woorde

WEEK 4 • VRYDAG • 83



## HANDSKRIF

### Lopende skrif H K E J

- Volg die riglyne vir Handskriflesse op bl. 9.

BL 68
10 min






## LEES Onafhanklike Werk

15 min



**Lees en beantwoord die vrae**
- Lees hierdie week se OW-teks hardop vir die klas. Die leerders volg in hul boeke.
- Lees die vraag/vrae na elke teks. Vir die tekste vir Maandag tot Donderdag, gee die antwoorde en laat die leerders die antwoorde self merk.

**Bespreek die teks**
- Van watter teks het jy die meeste gehou? Hoekom?
- Het jy enige nuwe feite geleer? Nuwe woorde?

**Sien na**
- Parafeer net. Let op wie nie in staat is om te lees en die vrae te beantwoord nie.



## SKRYF ASSESSERING 1 Inligtingsverslag

15 min

**Skryf**
- Die leerders skryf hul inligtingsverslae.

**Sien na**
- **Let op vir**: Korrekte uiteensetting en leestekens, verstaan van onderhofies, teenwoordige tyd, interessante keuses van diere en feite.

**Sien na:**
Sien bl. 142
**Punte:** 10






## GROEPBEGELEIDE LEES EN ONAFHANKLIKE WERK

BL 84

30 min

- **Groepbegeleide Lees:** Groep D en E
- **Onafhanklike Werk:** *Die blou eiers (Hoofstuk 4)*






## AANVANGSKENNIS

**DBO-werkboektyd**

30 min

**Sien na en gee terugvoering**

- Gaan saam deur verlede week se DBO-werkboekbladsye.
- Die leerders korrigeer of voltooi die aktiwiteite.

**Voltooi DBO-werkboekbladsye**

- Lewensvaardigheid Werkboek 1 Werkvel 21 Insekte, bl. 42.
- Huistaal Werkboek 1, bl. 94–95.






## LIGGAAMSOPVOEDING

**Aktiwiteitstasies**

25 min

- Volg die riglyne vir LO-aktiwiteitstasies op bl. 24.



## ONDERWYSER SE WEEKLIKSE OORSIG

**Hierdie week het ek:**

- **die LAB'e, Handskrif- en Skryfboeke ingeneem** en kommentaar oor die skryfwerk geskryf.
- **die werk nagesien en gekorrigeer** en sekere areas geïndentifiseer waar daar leemtes is of waar spesifieke leerders meer ondersteuning nodig het.
- **terugverwys na die Weeklikse Oorsig** en enige les wat ek nie in staat was om te voltooi nie, geïdentifiseer.
- **my aantekeningboek/dagboek deurgegaan** en vasgestel of enige leerders volgende week addisionele individuele onderrigtyd of individuele oefening moet kry.

**Ek het 'n tyd geskeduleer om volgende week:**

- **enige opvangwerk met die klas** te doen of algemene terugvoering soos nodig te gee.
- **individuele** onderrig te doen, bv. as die klas besig is of vroeg in die oggend.

**Ek het vooruit beplan vir volgende week** om te verseker dat ek voorbereid is en alles het wat ek nodig het om die week te begin.



# Herwinning

## UITKOMSTE VIR DIE WEEK

**Die leerders sal:**

- Die konsepte van hergebruik, herwinning en vermindering verstaan.
- Kennis van kategorisering t.o.v. sortering van afval versterk.
- Simbole en tekste oor die gevaar van besoedeling van plastiek herwinning lees.
- Lees en reageer op 'n verbeeldingstorie.
- 'n Mening oor 'n storie gee en skryf.
- Vlotheid verbeter deur na leestekens op te let.
- Let op taalkenmerke wat verband hou met 'n kort dialoog: aanhalingstekens, uitroeptekens, ens.

## VOORBEREIDING

### Flitskaarte

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **Geletterdheid** | muishond | bosvark | miskruier | slordig | deftig |

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Lewensvaardigheid** | rommel | plastiek | blikkies |
| | *litter* | *plastic* | *cans* |

### Sinne

*"Wat makeer?" het die reus gevra.*
*"My nek is koud!" het die kameelperd hartseer geantwoord.*
*"Hier, neem my nuwe das," het die reus gesê.*

## TOERUSTING

- A4-papier, potlode en kryte vir die Visuele Kunste-aktiwiteit
- Benodigdhede vir gekose Liggaamsopvoedingsaktiwiteite
- Die leerders se skryfboeke

## ASSESSERING

**Neem in en merk:** Woordeskat (Woensdag); Sinne (Donderdag); Handskrif (Vrydag)

**Informeel:** Spoedlees van woorde (Vrydag), Skryf; Handskrif; Begrip, Woordeskat en taalwerk, AK-bladsye

# Mandla, Maya en die rommel

*Hierdie storie is die inleiding vir die Lewensvaardigheid tema oor Insekte. Die onderwyser lees dit op Maandag (sien OG, bl. 76). Dit sluit aan by die prente op die KWL-bladsy in die LAB, bl. 95. Die leerders kan na die prente in die hul LAB kyk terwyl jy lees.*

*Terwyl jy lees, kan jy die gevoelens en aksies mimiek.*

Daar was 'n dogtertjie met die naam Maya in Mandla se klas. Elke dag het Maya die papiere en stukkies plastiek wat rondom hul klaskamer gelê het, opgetel en in die vullisdrom gegooi. Die ander kinders het vir haar gelag en haar gespot. "Sy is gek!" het hulle gesê. "Kyk hoe vuil is sy van al die vullis optel!"



"Ek wonder hoekom sy dit doen," het Mandla gedink. Hy het vir haar gevra waarom die rommel haar so pla, terwyl niemand anders daaroor omgee nie. "Dink net hoeveel mooier, beter en veiliger dit sou wees as daar geen vuilgoed rondgelê het nie," het Maya gesê. Mandla het in sy verbeelding gesien hoe die skool sou lyk as daar geen rommel rondgestrooi was nie. "Dit sou soveel mooier, skoner en veiliger gewees het," het hy gesê, "maar daar is só baie! Jy kan dit nie alleen skoonmaak nie!"

"Ja, dit is so," het Maya swaarmoedig geantwoord, "ek kan net 'n klein bietjie skoonmaak," en met 'n sug gooi sy die papiere wat sy opgetel het in die vullisdrom.



Die res van die kinders het aangehou om vir Maya te spot en vir haar te lag. Maar Mandla het steeds in sy verbeelding die mooi, skoon skool sonder enige vullis gesien. Op 'n dag gesels hy toe met die ander kinders gedurende pouse en sê vir hulle: "Kom ons werk saam en maak ons klaskamer skoon en netjies," en hý stel die voorbeeld en gaan help vir Maya. Omdat die kinders baie van Mandla gehou het, het hulle sy voorbeeld gevolg en gehelp om die rommel bymekaar te maak. Hulle het al die papiere naby hul klaskamer opgetel.

Hul onderwyser was baie beïndruk. "Watter oulike klas is julle!" het sy opgewonde en trots gesê. "Ons klaskamer lyk fantasties! Maar moenie vergeet om jul hande te was nie – geen stink handjies in my klas nie, hoor," het sy glimlaggend gesê. Die kinders het gou-gou gehardloop om hul hande te was.

Die volgende dag het die onderwyser groot bokse skool toe gebring. Op een het sy "PLASTIEK" geskryf. Op 'n ander het sy "PAPIER/KARTON" geskryf. Op nog een het sy "BLIKKIES" geskryf. Sy het vir die leerders mooi verduidelik dat sommige goed wat ons weggooi, herwin kan word en in iets anders omskep kan word sodat ons dit weer kan gebruik. Sy het ook genoem dat mense geld kan verdien deur sekere soorte rommel bymekaar te maak en dit dan aan die plekke wat die herwinning doen, verkoop. Die kinders het baie van hierdie idee gehou en het begin om koeldrankblikkies, plastiekbottels en karton te versamel en in die verskillende te houers te gooi.

Mandla se pappa het aangebied om die bokse elke week na die herwinningsentrum te neem. Hy het die geld wat hy vir die rommel gekry het, vir die onderwyser gebring. Teen die einde van die kwartaal was daar genoeg geld om die kinders op 'n uitstappie te neem. "Waarheen wil julle graag gaan?" het sy vir hulle gevra. Almal het gelyktydig uitgeroep: "See toe!"

# MAANDAG



## LUISTER EN PRAAT **Nuus**

15 min



**Dink-pare-deel**
- **Dink:** Het jy enige spesiale nuus? Wat het jy oor die naweek gedoen?
- **Pare:** Vertel jou nuus vir jou maat. Reageer gaaf teenoor mekaar.
- **Deel:**
  – 'n Paar leerders deel hul nuus met die klas.
  – Maak seker al die leerders kry 'n geleentheid deur die loop van die kwartaal.
  – Teken jou waarnemings in jou aantekeningboek aan.

**Berei die leerders vir die skoolweek voor** (*wat om te bring, spesiale gebeure, ens.*).



## KLANKE **Voltooi die blokkiesraaisel**

BL 93
15 min




Woorde wat eindig met 'n "d" wat soos 'n "t" klink.

- Doen vinnige klankherkenning van klanke wat in Graad 2 aangeleer is.
- Die leerders voltooi die aktiwiteit in die LAB.
- Kontroleer en merk saam.



## HANDSKRIF **Lopende skrif**

BL 92
10 min




- Volg die riglyne vir Handskriflesse op bl. 9.



## LEES **Onderwyser lees hardop**

OG
BL 75
15 min



**Vóór lees**
- Hoe voel jy as jou klaskamer vuil is? Wat kan jy doen om dit skoon te maak?
- Voorsien 'n doel vir luister: Luister om uit te vind hoe Mandla en Maya hul skool skoongemaak het.

**Lees die storie vir die leerders**

**Ná lees**
- Waarom het die kinders vir Maya gelag?
- Waarom het hulle begin skoonmaak toe Mandla vir hulle gevra het?
- Wat die onderwyser skool toe gebring?
- Waarom, dink jy, het hulle die vullis in verskillende bokse gesorteer?
- As ons klas geld maak deur herwinning, waarheen sal julle graag wil gaan?

## LUISTER EN PRAAT BEGRIP

15 min



- Onderrig 'n les wat op klankleesboeke gebaseer is.



## GROEPBEGELEIDE LEES EN ONAFHANKLIKE WERK

- **Groepbegeleide Lees:** Groep A en B



- **Onafhanklike Werk:** Lees die sinne

**BL 94**
**30 min**






## AANVANGSKENNIS

### Herwinning

**Stel konsep bekend**

- Het daar al ooit 'n insek in jul huis ingekom? Wat was dit? Hoe het dit ingekom?

**Dink-pare-deel**

- **Dink:** Wat weet jy van herwinning? Wat kan ons herwin?
- **Pare:** Vertel vir jou maat.
- **Deel** jou idees met die klas.

**Gedeelde Skryf: KWL-kaart**

- Skryf die leerders se bydrae in ry 1 van jou KWL-kaart op die bord.
- **Vra:** Wat wil jy graag van herwinning hierdie week leer? Skryf dit in ry 2.
- Die leerders kies een item van elke ry om in hul KWL-kaart te skryf.

**BL 95**
**30 min**






## VISUELE KUNSTE

### Kunswaardering: Beeldhoukuns

**Oor die beeldhouwerk**

Hierdie standbeeld vereer Nelson Mandela. Dit bestaan uit vyftig staalkolomme. Dit is met lasers gesny. Wanneer jy vanuit 'n sekere hoek daarna kyk, vorm die kolomme 'n 2D-beeld van Mandela.

**Pare**

- Bestudeer die prente van die monument van naby.
- Beantwoord die vrae in die LAB.

**Klasbespreking**

- Wat is beeldhouwerk? (*'n driedimensionele kunswerk wat gemaak is deur hout, klip, klei, of enige ander materiaal te vorm*)
- Waarom word Nelson Mandela met so baie standbeelde regoor die wêreld vereer?
- Het jy al enige beeldhouwerk of standbeeld in of naby jou tuisdorp gesien?

**BL 96**
**30 min**






## LIGGAAMSOPVOEDING

### Inleiding

- Volg die riglyne vir LO-aktiwiteitstasies op bl. 24.

**30 min**



# DINSDAG

## LUISTER EN PRAAT — Mening oor ’n storie

**15 min**



**Dink-pare-deel**

- **Dink:** Van watter stories hou jy die meeste? Hou jy van stories oor die werklike lewe of verbeeldingstories? Stories van diere of van mense? Stories wat gelukkig eindig? Stories met ’n lewensles? Stories wat jou aan iets herinner?
- **Pare:** Vertel vir jou maat van watter stories jy hou.
- **Deel** jou antwoord met die klas.
- Probeer na verskeie leerders luister. Bevestig waarvan hulle hou of nie hou nie.
- Teken jou waarnemings in jou aantekeningboek aan.

## KLANKE — Skryf die woorde reg

**BL 97**
**15 min**




Woorde wat eindig met ’n “d” wat soos ’n “t” klink.

- Doen vinnige klankherkenning van klanke wat in Graad 2 aangeleer is.
- Die leerders voltooi die aktiwiteit in die LAB.
- Kontroleer en merk saam..

## HANDSKRIF — Lopende skrif J

**BL 92**
**10 min**

- Volg die riglyne vir Handskriflesse op bl. 9.




## GEDEELDE LEES — Leesbegrip

**BL 86–91**
**15 min**




**Vóór lees**

- Lees en bespreek kortliks die titel. Wat is ’n reus?
- Stel die konsepte “deftig” en “slordig” bekend. Verbind dit met die illustrasie op die eerste bladsy.
- Dink jy hierdie reus sal dalk deftig word? Wat sal hy moet doen?
- Voorsien ’n doel om te lees: Kom ons lees of die reus deftig geword het.

**Gedeelde Lees**

- Lees die storie **saam met** die leerders.
- Stop aan die einde van elke bladsy en lees die besprekingsvrae.
- Die leerders dink en gee antwoorde (1 minuut per vraag).
- Hierdie is ’n manier om te kontroleer of die leerders verstaan wat hulle lees.

**Ná lees**

- Dink jy die reus was goedhartig? Hoekom?
- Die reus was weer slordig. Is dit reg so? Hoekom/hoekom nie?

## SKRYF — Leesbegrip

**BL 98**
**15 min**




**Lees en bespreek vrae**

- Met die **Soek-en-vind**-vrae is dit belangrik dat die leerders vir die antwoorde soek en nie uit geheue daarop reageer nie.
- Met die **Lees-en-dink**-vrae kan leerders verskillende menings hê, maar verduidelik dat hulle redes gee **waarom** hulle so sê (leer die leerders om menings op feite te baseer).

**Skryf**

- Voltooi die aktiwiteit in die LAB.

**Kontroleer en korrigeer**




## GROEPBEGELEIDE LEES EN ONAFHANKLIKE WERK

- **Groepbegeleide Lees:** Groep C en D
- **Onafhanklike Lees:** *Die rivier*

**BL 99**
**30 min**


DATUM
Die rivier
1 Die rivier was skoon. Visse en paddas het daarin gewoon en diere kon daar water drink. Kinders het dit geniet om daar te speel.
2 Mense het begin om hul vullis in die rivier te gooi.
3 Die water is besoedel. Die plante in die water het doodgegaan. Die visse en paddas het gesterf. Diere het siek geraak as hulle die water gedrink het.
4 Die kinders het nie meer by die rivier gespeel nie.
Waarom is 'n besoedelde rivier 'n probleem?
WEEK 5 · DINSDAG · 99



## AANVANGSKENNIS — Watter vullisdrom?

**Lees en bespreek**

- Hersien die storie van Mandla, Maya en die vullis.
- Hoekom moet ons herwinbare items in groepe (kategorieë) sorteer?
- Vra watter herwinbare items in elke drom op die bladsy in die LAB geplaas moet word.
- Onthul verskillende items vir elke kategorie. Bv. melkbottels vir **Plastiek**, karton en ander verskillende tipes papier vir **Papier**, kosblikkies en koeldrankblikkies vir **Blikkies** en **Metaal**.

**Skryf**

- Voltooi die aktiwiteit in die LAB.

**BL 100**
**30 min**


DATUM
Watter vullisdrom?
Maya en Mandla het hul herwinning na die herwinningsentrum geneem. Watter vullisdrom moet hulle gebruik? Skryf die naam van elke item op die regte vullisdrom.
Glas | Blikkies | Plastiek | Karton en papier
koeldrankbottel, blikkie, karton, jogurtbakkie, koerant, waterbottel, glashouer
100 · WEEK 5 · DINSDAG



## VISUELE KUNSTE — Foelie-beeldhoukuns

**Die leerders het die volgende nodig:** 30 cm vierkant van dik foelie, skêr, liniaal, viltpen.

**Stel die taak bekend**

- Skep 'n 3D-standbeeld van 'n persoon gemaak van foelie.
- In groepe, organiseer die standbeelde só dat dit 'n storie vertel.

**Demonstreer terwyl die leerders volg**

- Verdeel die foelie aan die bokant in 3. Trek lyne afwaarts vanaf elke merk.
- Verdeel die foelie aan die onderkant in 2. Trek 'n lyn opwaarts vanaf die merk.
- Knip al langs die lyne.
- Druk die foelie plat om die bene en arms te vorm.
- Druk die arms saam om 'n bolyf te vorm.
- Vorm die kop.

**Bêre dit veilig tot volgende week**

**30 min**






## LIGGAAMSOPVOEDING — Aktiwiteitstasies

- Volg die riglyne vir LO-aktiwiteitstasies op bl. 24.

**25 min**



# WOENSDAG

## LUISTER EN PRAAT — Menings oor stories

15 min



**Verduidelik menings:** Nie almal van ons hou van dieselfde stories nie, en dit is aanvaarbaar so. Máár dit is belangrik dat ons verduidelik **waarom** ons daarvan hou óf nie.

**Dink-pare-deel**

- **Dink:** Dink aan ’n storie waarvan jy baie hou.
- **Pare:** Verduidelik aan jou maat waarom jy daarvan gehou het (bv. oor ware kinders/diere, gelukkig geeindig, interessante prente, herinner jou aan iets moois, het jou laat voel dat jy daar wil wees, ens.)
- Lewer kommentaar oor goeie, duidelike menings wat geregverdig word deur na iets in die storie te verwys.
- **Deel** die menings met die klas.
- Teken jou waarnemings in jou aantekeningboek aan.

## KLANKE — Voltooi die rymsinne

BL 101

15 min




Woorde wat eindig met ’n “d” wat soos ’n “t” klink.

- Doen vinnige klankherkenning van klanke wat in Graad 2 aangeleer is.
- Die leerders voltooi die aktiwiteit in die LAB.
- Kontroleer en merk saam.

## HANDSKRIF — Lopende skrif

BL 92

10 min




- Volg die riglyne vir Handskriflesse op bl. 9.

## GEDEELDE LEES — Woordeskat

BL 86–91

15 min




**Woordeskatwoorde**

- Wys en lees die week se woordeskatwoorde op die bord of op flitskaarte:

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| muishond | bosvark | miskruier | slordig | deftig |

- Google of doen navorsing waar om prente en inligting oor hierdie diere te kry indien dit onbekend aan die leerders is.

**Gedeelde Lees**

- Lees weer die storie **saam met** die leerders.
- **Woordsoek:** Die leerders merk die woordeskatwoorde in die LAB-teks terwyl jy lees. Hulle onderstreep of omkring elke nuwe woord.

**Die leerders sorteer die flitskaarte** alfabeties.

## SKRYF — Woordeskat

BL 102

15 min




**Mondeling**

- Gaan mondelings deur die aktiwiteite in die LAB.

**Skryf**

- Voltooi die aktiwiteit in die LAB. Kontroleer en korrigeer.
- Die leerders kopieer die vyf woordeskatwoorde in hul persoonlike woordeboeke.

**Sit die woordeskatflitskaarte** teen die woordmuur.




## GROEPBEGELEIDE LEES EN ONAFHANKLIKE WERK

**BL 103**
**30 min**

- **Groepbegeleide Lees:** Groep E en A
- **Onafhanklike Werk:** *Die veld*






## AANVANGSKENNIS

### Ken jou plastiek

**BL 104**
**30 min**

**Lees en bespreek**

- Indien moontlik, wys vir die leerders die plastieksimbole op 'n bottel/bakkie of op die etiket van 'n werklike item.
- Lees en bespreek elke simbool.
- Bespreek hoe verskillende plastieksoorte **dieselfde** is (bv. dit is alles mensgemaak) en ook hoe dit **verskillend** is (bv. sommige plastiek is deursigtig en ander weer ondeursigtig).
- Verduidelik dat die meeste tipes plastiek herwin **KAN** word, maar dat daar nie genoeg fabrieke in Suid-Afrika is om die herwinning te doen nie, en daarom word sommige plastiek op stortingsterreine gegooi word.

**Skryf**

- Die leerders merk die korrekte boksie in die LAB af.






## UITVOERENDE KUNSTE

### Ritmespeletjies

**30 min**

**Inleiding**

- Maak verskillende klanke: klap (hande saam), klap (hande op dye), tik (hande op bors of maag), klik (klik die vingers).
- Bespreek die toonhoogte van die verskillende klanke, bv. hard, sag, skerp, lig.

**Luister en herhaal**

- Klap verskillende ritmepatrone deur verskillende variante van die verskillende klanke te gebruik, bv. kap-klap-tik-tik-klap-klik).
- Die leerders luister en herhaal jou ritmiese patrone.

**Pare**

- Die leerders maak verskillende patrone vir hul maat om na te doen.

**Gevolgtrekking**

- Die leerders deel van die meer komplekse en interessante ritmiese patrone met die klas.





## LIGGAAMSOPVOEDING

### Aktiwiteitstasies

**25 min**

- Volg die riglyne vir LO-aktiwiteitstasies op bl. 24.



# DONDERDAG



## LUISTER EN PRAAT

### Mening oor 'n storie

15 min



**Dink-pare-deel**

- **Dink:** Waarvan het jy gehou/nie gehou nie in die storie *Die goedhartigsgte reus in die wêreld* nie? Bv.
  - Het die storie vir jou iets geleer of jou laat dink?
  - Het jy dit snaaks gevind (bv. die manier waarop die diere die klere gebruik het)?
  - Dink jy die einde was gelukkig, alhoewel die reus weer slordig was?
  - Het jy van die sketse gehou?
- **Pare:** Vertel vir jou maat wat jy dink.
- **Deel** jou antwoorde met die klas
- Teken jou waarnemings in jou aantekeningboek aan.



## KLANKE

### Skryf jou eie sinne

BL 105
10 min




Woorde wat eindig met 'n "d" wat soos 'n "t" klink.

- Doen vinnige klankherkenning van klanke wat in Graad 2 aangeleer is.
- Die leerders voltooi die aktiwiteit in die LAB.
- Kontroleer en merk saam.



## HANDSKRIF

### Lopende skrif

BL 92
10 min

- Volg die riglyne vir Handskriflesse op bl. 9.






## GEDEELDE LEES

### Taal

15 min




**Stel die storie bekend**

- Skryf die drie sinne op die bord.
- Lees die sinne stadig saam met die leerders. Gebruik uitdrukking om die betekenis te beklemtoon.
- Die leerders vind en onderstreep die sinne in die storie.

**Werk met sinne**

- Identifiseer die leestekens.
- Verduidelik waarom dit belangrik is om aandag aan leestekens te gee, Bv.:
  - Wat doen ons as ons by 'n punt of komma kom? (haal asem/stop kortliks)
  - Identifiseer aanhalingstekens. Moet ons ons stemtoon 'n bietjie verander vir elke spreker? (ja)
- Oefen die drie sinne saam met die leerders hardop, en let op na al die leestekens.
- Stel die woord **selfstandige naamwoord**
  - Noem vier selfstandige naamwoorde in die sinne (reus, nek, kameelperd, das)



## SKRYF

### Taal

BL 106
15 min




**Klas**

- Voltooi mondelings die *cloze*-aktiwiteit.
- Daar is hierdie week 'n veelkeuse-formaat vir 'n storie. Daar is geen korrekte antwoorde nie.

**LAB-aktiwiteit**

- Die leerders gaan hul eie storie deur hul keuses skep.

## GROEPBEGELEIDE LEES EN ONAFHANKLIKE WERK

**BL 107**

**30 min**

- **Groepbegeleide Lees:** Groep B en C
- **Onafhanklike Werk:** *Die strand*


DATUM

Die strand

1. Seediere, soos seeslakke en kroppe, het naby die see gewoon. Seevoëls het op die strand gewoon. Kinders het daarvan gehou om op die strand en in die skoon helder water te speel.
2. Mense het begin om vullis op die strand te los. Van die vullis het in die see beland.
3. Die see en strand het besoedel geraak.
4. Die kinders het nie meer op die strand gespeel nie.

Hoe sal jy hierdie probleem oplos?

WEEK 5 · DONDERDAG · 107

## AANVANGSKENNIS

**Konsepverslag**

**30 min**

**KWL-kaart (LAB, bl. 95)**

- Help die leerders om die laaste ry te voltooi.

**Aanvaar, verwerp**

- Hou drie tweelatige flitskaarte vir elke woord op en vra die vrae.

**Rommel**

1. Rommel is vullis wat op die grond gegooi is in plaas van in 'n drom.
2. Rommel is gewoonlik vuil.
3. Rommel kan nie herwin word nie.

**Plastiek**

1. Plastiek kan nie herwin word nie.
2. Die meeste plastiek kan herwin word.
3. Plastiekvullis veroorsaak groot probleme as dit in die see beland.

**Blikkies**

1. Voedselblikkies en koeldrankblikkies behoort in dieselfde herwinningsdrom.
2. Blikkies kan herwin word.
3. Jy kan geld verdien deur blikkies te herwin.

**EAT:** *litter*, *plastic*, *cans*
rommel, plastiek, blikkies

## UITVOERENDE KUNSTE

**Ritmespeletjies**

**30 min**

**Bespreek**

- Stal instrumente uit wat uit herwinbare materiale gemaak is, bv. 'n skudinstrument gemaak van 'n bottel met boontjies in, 'n trom gemaak van 'n koffieblik, ens.
- Bespreek die verskillende klanke wat hierdie instrumente maak, bv. skerp klank, (tromme), ratelende klank (skudinstrument).

**Maak ritmes**

- Die leerders of groepe leerders eksperimenteer met verskillende klanke op 'n instrument.
- Speel 'n ritmiese patroon en laat die leerders die patroon herhaal. Begin met 'n eenvoudige ritme en maak dit dan ál hoe meer ingewikkeld.

**Liedjies**

- Speel of sing 'n liedjie met 'n egalige maat. Die leerders speel die maatslag terwyl jy sing of die liedjie speel.



## LIGGAAMSOPVOEDING

**Aktiwiteitstasies**

**25 min**

- Volg die riglyne vir LO-aktiwiteitstasies op bl. 24.



# VRYDAG

## LUISTER EN PRAAT
**Oorsig van die week**

15 min



**Dink-pare-deel**
- **Dink:** Gesels oor hoe jy hierdie week gesien hoe iemand gehelp het deur, byvoorbeeld, rommel op te tel, 'n potlood vir iemand te leen, die onderwyser se mandjie te dra, gaaf teenoor mekaar te wees, ens.
- **Pare:** Deel dit met jou maat.
- **Deel:** Wie sou jy volgende week wil probeer help? Hoe?

## KLANKE
**Diktee**

BL 108
10 min




Volg die riglyne vir diktee op bl. 8.

**Woorde:** perd en woud

**Sin:** Ek koop brood met my geld.

## HANDSKRIF
**Lopende skrif** *I J I L*

BL 92
10 min




- Volg die riglyne vir Handskriflesse op bl. 9.

## LEES
**Onafhanklike Werk**

15 min



**Lees en beantwoord die vrae**
- Lees hierdie week se OW-teks hardop **vir** die klas. Die leerders volg in hul boeke.
- Lees die vraag/vrae na elke teks. Vir die tekste vir Maandag tot Donderdag, gee die antwoorde en laat die leerders self die antwoorde merk.

**Bespreek die teks**

**Sien na**
- Parafeer net. Let op wie nie in staat is om te lees en die vrae te beantwoord nie.

## ONAFHANKLIKE SKRYF
**Mening oor 'n storie**

15 min




**Stel resensies bekend**
- In die volgende twee weke gaan ons leer om 'n resensie oor stories of boeke te skryf.
- 'n Resensie sluit jou eie mening van die storie of boek in.

**Gee jou mening**
- *Bespreek 'n paar sinsbeginners: Dit is snaaks waar die ...; dit herinner my aan ...; dit leer my 'n les om ...; dit eindig mooi, veral waar ... Dit maak my ... voel as ... (dit mag dalk op die bord geskryf word).*
- Skryf jou eie mening oor die storie van Die goedhartigste reus.





## GROEPBEGELEIDE LEES EN ONAFHANKLIKE WERK

- **Groepbegeleide Lees:** Groep D en E
- **Onafhanklike Werk:** *Maak plekke veilig om te speel*

BL 109

30 min



DATUM

Maak plekke veilig om te speel

1 Die hoërskoolleerders het die vullis by die rivier gaan optel. Hulle het dit in vullissakke gesit. Hulle het dit na die stortingsterrein geneem.

2 Die mense van die dorp het die veld skoongemaak. Hulle het die vullisverwyderaars gekontak om die vullissakke te kom haal. Hulle het nog bome geplant.

3 Die kinders het die strand skoongemaak en die vullis in die vullisdromme gegooi.

4 Klein diertjies, insekte en voëls het na hierdie plekke teruggekeer. Die kinders kon weer veilig by die rivier, veld en strand speel. Hulle kon orals speel.

Waar het jy al vullis gesien? Wat kan jy doen?

WEEK 5 · VRYDAG · 109



## AANVANGSKENNIS

DBO-werkboektyd

**Sien na en gee terugvoering**

- Gaan saam deur verlede week se DBO-werkboekbladsye.
- Die leerders korrigeer of voltooi die aktiwiteite.

**Voltooi DBO-werkboekbladsye**

- Lewensvaardigheid Werkboek 1 Werkvel 28 Insekte, bl. 56 en 57.
- Huistaal Werkboek 1, bl. 112–113.

30 min






## LIGGAAMSOPVOEDING

Aktiwiteitstasies

- Volg die riglyne vir LO-aktiwiteitstasies op bl. 24.

25 min



## ONDERWYSER SE WEEKLIKSE OORSIG

**Hierdie week het ek:**

- **die LAB'e, Handskrif- en Skryfboeke ingeneem** en kommentaar oor die skryfwerk geskryf.
- **die werk nagesien en gekorrigeer** en sekere areas geïndentifiseer waar daar leemtes is of waar spesifieke leerders meer ondersteuning nodig het.
- **terugverwys na die Weeklikse Oorsig** en enige les wat ek nie in staat was om te voltooi nie, geïdentifiseer.
- **my aantekeningboek/dagboek deurgegaan** en vasgestel of enige leerders volgende week addisionele individuele onderrigtyd of individuele oefening moet kry.

**Ek het 'n tyd geskeduleer om volgende week:**

- **enige opvangwerk met die klas** te doen of algemene terugvoering soos nodig te gee.
- **individuele** onderrig te doen, bv. as die klas besig is of vroeg in die oggend.

**Ek het vooruit beplan vir volgende week** om te verseker dat ek voorbereid is en alles het wat ek nodig het om die week te begin.

## OORSIG WEEK 6



# Herwinning

### UITKOMSTE VIR DIE WEEK

**Die leerders sal:**

- 'n Gevallestudie oor die hergebruik van rommel om speelgoed te maak bestudeer.
- Riglyne lees en die instruksies volg om speelgoed uit rommel te maak.
- 'n Afrika-volksverhaal in hoofstukke lees en voorspellingsvaardighede oefen.
- Na 'n storie wat op die Gedeelde Lees-storie van Week 5 gebaseer is, luister.
- 'n Resensie van 'n storie skryf en redigeer.
- Taalkenmerke wat verband hou met die resensie van 'n storie gebruik: opskrif, teenwoordige tyd, gee van opinies/menings.

### VOORBEREIDING

**Flitskaarte**

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **Geletterdheid** | muishond | bosvark | miskruier | slordig | deftig |

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Lewensvaardigheid** | verminder | hergebruik | herwin |
| | *reduce* | *reuse* | *recycle* |

**Sinne**

*"Wat makeer?" het die reus gevra.*
*"My nek kry koud!" het die kameelperd hartseer geantwoord.*
*"Hier, neem my nuwe das," het die reus gesê.*

### TOERUSTING

- A4-papier, potlode en kryte vir die Visuele Kunste-aktiwiteit
- Benodigdhede vir gekose Liggaamsopvoedingsaktiwiteite
- Die leerders se skryfboeke

### ASSESSERING

**Informeel:** Diktee, Inligtingsverslag, Begrip, Handskrif, Vlotheidsoefeningstye, AK-aktiwiteite

| **Formele Assesseringsaktwiteite** | | | |
|---|---|---|---|
| Di.–Vr. (vervolg in Week 7) | Luister en Praat 1: Resensie van 'n storie | MONDELING | OG, bl. 90, 92, 94, 96 |
| Ma.–Di. | Visuele Kunste 1: Foelie-beeldhouwerk dioram (kykspel) | PRAKTIES | OG, bl. 89, 91 |
| Do. | Uitvoerende Kunste 1: Groepdramatisering | PRAKTIES | OG, bl. 95 |
| Vr. | Liggaamsopvoeding 1: Speletjies | PRAKTIES | OG, bl. 97 |

# Die handelaar leer 'n les



Die goedhartigste reus het na die dorp gekom om sy tamaties te verkoop. Hy het die handelaar gesien wat aan hom die klere verkoop het. Hy het hom vriendelik gegroet: "Hallo. Hoe gaan dit vandag?"

Die geskokte handelaar het hom nie teruggegroet nie. Hy het eerder gevra: "Ag nee! Wat het met jou deftige klere gebeur? Bly asseblief weg van my af. Ek wil nie hê die mense moet my saam met so 'n slordige mens sien nie."

Die reus het skaam en teleurgesteld gevoel. Hy het stadig omgedraai en met trane in sy oë weggestap.

Sy vriend, die kameelperd, het egter gehoor hoe die handelaar met hom praat. Hy het toe met die handelaar gaan praat. "Die reus het al sy deftige klere weggegee vir diere wat dit nodig gehad het. Hy is baie goedhartig en mededeelsaam. Dit is waarom hy weer sy ou gebruikte klere aanhet, maar só is hy ook besig om die omgewing te help. Ek is baie trots en geëerd om hom as my vriend het hê."



Toe het die handelaar verleë gevoel. "Jy is heeltemal reg, Kameelperd. Jy hoef nie deftige klere te hê om 'n goeie vriend te wees nie. Ek sal dadelik om verskoning gaan vra. En dalk kan hy my help met hierdie goed wat ek besig was om weg te gooi?

Die handelaar het vir Kameelperd en die reus die hoop rommel gewys. Daar was 'n emmer met 'n gat in, plastiekbottels, glasbottels en 'n paar ou blikkies – alles op een hoop.



"Ek weet hoe jy die ou emmer kan hergebruik," het Kameelperd gesê. "Jy kan dit as 'n pot gebruik om jou tamaties in te plant." Hy het verder gesê: "Jy kan een van die ou blikke as 'n gieter gebruik."

"En jy kan begin om die rommel te sorteer," het die reus gesê. "Sorteer dit in groepe van glas, plastiek, en metaal. Daarna moet jy die gesorteerde sakke na die herwinningsentrum neem. Jy kan dalk selfs geld vir die rommel kry."

"Baie, baie dankie vir jul wonderlike idees," het die handelaar gesê. "Ek het vandag 'n les of twee geleer. Eerstens om nie mense op grond van hul voorkoms te oordeel nie, en tweedens om die omgewing te help deur nie rommel te strooi nie."



# MAANDAG

## LUISTER EN KLANK — Nuus

**15 min**



**Dink-pare-deel**
- **Dink:** Het jy enige spesiale nuus? Wat het jy oor die naweek gedoen?
- **Pare:** Vertel jou nuus vir jou maat. Reageer gaaf teenoor mekaar.

- **Deel:**
  - 'n Paar leerders deel hul nuus met die klas.
  - Maak seker al die leerders kry 'n geleentheid deur die loop van die kwartaal.
  - Teken jou waarnemings in jou aantekeningboek aan.

**Berei die leerders vir die skoolweek voor** (*wat om te bring, spesiale gebeure, ens.*).

## KLANKE — Soek die woorde

**BL 111**
**15 min**




Woorde wat begin met be-, ge- en ver-.

- Doen vinnige klankherkenning van klanke wat in Graad 2 aangeleer is.
- Die leerders voltooi die aktiwiteit in die LAB.
- Kontroleer en merk saam.

## HANDSKRIF — Lopende skrif

**BL 110**
**10 min**




- Volg die riglyne vir Handskriflesse op bl. 9.

## LEES — Onderwyser lees hardop

**OG BL 87**
**15 min**



**Vóór lees**
- Onthou jy nog die storie van Die goedhartigste reus?
- Wat, dink jy, het die volgende keer gebeur toe die reus weer sy tamaties gaan verkoop het?
- Voorsien 'n doel om te luister (nadat die leerders voorstelle gemaak het): Dit kon gebeur het. Kom ons kyk wat het regtig gebeur.

**Lees die teks vir die leerders**

**Ná lees**
- Watter twee lesse het die handelaar geleer?
- Dink jy dit was belangrike lesse? Hoekom?
- Verduidelik dat jy die volgende dag weer die storie gaan lees en dat die leerders 'n assessering van luisterbegrip gaan doen.

## E-KLASKAMER

**15 min**



- Onderrig 'n les van die E-klaskamer.




## GROEPBEGELEIDE LEES EN ONAFHANKLIKE WERK

- **Groepbegeleide Lees:** Groep A en B
- **Onafhanklike Werk:** Lees die sinne

**BL 112**
**30 min**


DATUM
Lees die sinne
My boetie verjaar.
Ek vertel 'n storie.
Die vrou het haar oorbel verloor.
Ek betaal vir my lekkers.
Ek het 'n mooi liedjie gehoor.
Wie verjaar?
112 · WEEK 6 · MAANDAG



## AANVANGSKENNIS

**Dink-pare-deel**
- **Dink** aan speelgoed en dit waarvan jy gehou het om mee te speel toe jy nog klein was. Help speelgoed ons om enigiets te leer? (bv. oor vorms, grootte, wat jou hande en vingers sterker maak, ens.)
- **Pare:** Vertel vir jou maat van jou speelgoed.
- **Deel** dit met die klas.

### Maak speelgoed uit afvalmateriaal

**Lees en bespreek die bladsy in die LAB**
- Gesels oor dinge wat die leerders voorheen uit rommel gemaak het, bv. 'n motortjie uit 'n boks, 'n bed vir jou pop, ens.
- Bespreek hoe Singakwenza speelgoed maak om klein kinders te help leer EN die omgewing beskerm deur rommel te gebruik.
- Die leerders voltooi die aktiwiteit in die LAB.

**BL 113**
**30 min**


DATUM
Maak speelgoed uit afvalmateriaal
In KwaZulu-Natal is 'n organisasie genaamd Singakwenza (Ons kan dit doen!).
Mense wat by die Singakwenza-sentrum werk, leer ouers, bewaar skole en skoolkinders om items te maak deur bottels, kartondose, botteldoppies, broodsakkies en ander herwinbare materiale te gebruik. Hulle maak speelgoed en onderrigmateriaal om jong kinders voor te berei om te kan lees, skryf en wiskunde te doen.
Mev. Julie Hay, wat Singakwenza begin het, sê: "Speelgoed wat uit herwinbare materiaal gemaak is, kan kinders nét so goed leer soos dié wat uit winkels kom. En wanneer jy jou eie speelgoed uit herwinbare materiaal maak, red jy ook die omgewing."
1 In watter provinsie is Singakwenza?
2 Wat gebruik hulle om speelgoed mee te maak?
3 Wat leer die kinders wanneer hulle met hierdie speelgoed speel?
WEEK 6 · MAANDAG · 113



## VISUELE KUNSTE ASSESSERING 1

### Foelie-beeldhoukuns(vervolg)

**Groep**
- Groepe van 5–6 leerders rangskik hul standbeelde om 'n toneel uit 'n storie te skep.
- Wys jou standbeeld vir die groep.
- Besluit saam op 'n storie.
- Beplan hoe om jou groep se standbeelde te rangskik.
- Buig die beelde in hul regte vorme.

**Bêre dit veilig vir die volgende dag**

**Sien na:**
Sien bl. 147
**Punte:** 5

**30 min**





## LIGGAAMSOPVOEDING

### Inleiding

- Volg die riglyne vir LO-aktiwiteitstasies op bl. 24.

**30 min**



# DINSDAG



## LUISTER EN PRAAT ASSESSERING 1

### Mondelinge resensie van ’n storie (berei voor)

15 min

**Stel die assesseringstaak bekend**
- Jy gaan ’n resensie van ’n storie vir assesseringsdoeleindes aanbied.
- Skryf die sinsbeginners op die bord. Lees die sinsbeginners en verduidelik. Bespreek voorbeelde.
- Verduidelik waarna jy gaan kyk en gee voorbeelde:
  - Goeie aanbieding (liggaamshouding, oogkontak, duidelike, harde stem)
  - Kort opsomming van die storie (herinner ons waaroor dit gaan)
  - Mening wat regverdig is (verduidelik waarom)
  - Goeie mondelinge taalgebruik (volsinne)
  - Interessante woordkeuse (ryk en wye woordeskat)

**Assessering van die volgende dag**
- Elke dag bied 5–6 leerders ’n resensie van ’n storie aan.

**Storieresensie**
Ek onthou ’n storie met die naam van … oor … (1–2 sinne)
Ek het van die storie gehou/nie gehou nie, omdat … (1–2 sinne)

**Sien na:** Sien bl. 138
**Punte**: 10



## KLANKE

### Vul die ontbrekende klanke in

BL 114
15 min

Woorde wat begin met be-, ge- en ver-.
- Doen vinnige klankherkenning van klanke wat in Graad 2 aangeleer is.
- Die leerders voltooi die aktiwiteit in die LAB.
- Kontroleer en merk saam.






## HANDSKRIF

### Lopende skrif

BL 110
10 min

- Volg die riglyne vir Handskriflesse op bl. 9.






## LUISTER

### Luisterbegrip

OG
BL 87
15 min

**Lees**
- Lees weer die hardopleesstorie *Die handelaar leer ’n les.*
- Lees teen ’n goeie pas, sonder onderbrekings of om die vrae te lees.
- Moenie verduidelikings gee of vrae vra nie.





## SKRYF

### Luisterbegrip

BL 115
15 min

**Skryf**
- Die leerders voltooi die aktiwiteit in die LAB.







## GROEPBEGELEIDE LEES EN ONAFHANKLIKE WERK

- **Groepbegeleie lees:** Groep C en D
- **Onafhanklike Werk:** *Jakkals en Leeu (Hoofstuk 1)*

**BL 116**
**30 min**






## AANVANGSKENNIS

### Maak speelgoed uit afvalmateriaal

**BL 117**
**30 min**

**Lees en bespreek**
- Lees die riglyne in die LAB.
- Wat het jy nodig om hierdie speelding te maak?

**Lees en skep**
- Volg die instruksies en maak die speelding individueel of in klein groepe.

**Bespreek**
- Hoe kan ons hierdie speelding gebruik?
- Vir wie sal jy dit gee?






## VISUELE KUNSTE ASSESSERING 1

### Beeldhoukuns (vervolg)

**30 min**

**Bied in groepe aan**
- Elke groep rangskik en bied hul standbeeld-toneel (kykspel) aan.
- Een lid van die groep vertel vir die klas wat dit uitbeeld.

**Sien na:**
Sien bl. 147
**Punte:** 5





## LIGGAAMSOPVOEDING

### Aktiwiteitstasies

**25 min**

- Volg die riglyne vir LO-aktiwiteitstasies op bl. 24.



## WOENSDAG

### LUISTER EN PRAAT ASSESSERING 1

**Mondelinge resensie van 'n storie (vervolg)**

15 min



**Bied aan**

- Assesseer die eerste groep leerders vandag. Begin met die groep wat selfversekerd is.

**Sien na:**
Sien bl. 138
**Punte**: 10

### KLANKE — Skryf sinne

BL 118
15 min




Woorde wat begin met be-, ge- en ver-.

- Doen vinnige klankherkenning van klanke wat in Graad 2 aangeleer is.
- Die leerders voltooi die aktiwiteit in die LAB.
- Kontroleer en merk saam.

### HANDSKRIF — Lopende skrif *a*

BL 110
10 min

- Volg die riglyne vir Handskriflesse op bl. 9.




### LEES — Woordeskat en taal

15 min




**Woordeskat (LAB, bl. 102)**

- Lees verlede week se flitskaarte:

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| muishond | bosvark | miskruier | slordig | deftig |

- Die leerders kontroleer verlede week se woordeskataktiwiteit in die LAB en korrigeer dit.

**Sinswerk (LAB, bl. 106)**

- Skryf die korrekte sin op die bord. Die leerders kontroleer hul sin.
- Die leerders lees hul eie sin vir 'n maat.

### SKRYF — Oorbrugging na Engels

BL 119
15 min




**Woordeskat**

- Praat oor hoe om die flitskaartwoorde in Engels te sê.

**Sin**

- Bespreek hoe om die sleutelsin in Engels uit te druk.

**Skryf**

- Voltooi die aktiwiteit in die LAB.
- Kontroleer en korrigeer die antwoorde in die klas.





## GROEPBEGELEIDE LEES EN ONAFHANKLIKE WERK

- **Groepbegeleide Lees:** Groep E en A
- **Onafhanklike Werk:** *Jakkals en Leeu (Hoofstuk 2)*

**BL 120**
**30 min**






## AANVANGSKENNIS

### Verminder, hergebruik, herwin

**Lees en bespreek**
- Kyk na die woorde aan die linkerkant. Wat beteken dit? Hoe is hulle dieselfde? Wat is verskillend?
- Kyk na die stellings. Watter prent pas by elke woord?

**Dink-pare-deel**
- Waar, dink jy, pas elke stelling?

**Skryf**
- Pas die stellings by die woorde.

**BL 121**
**30 min**






## UITVOERENDE KUNSTE ASSESSERING 1

### Groepdramatisering

**Berei voor**
- Bespreek die diorama (kykspel) wat die leerders in Visuele Kunste gemaak het.
- Verduidelik hoe die kykspel 'n toneel uit 'n groter storie was, wat vol aksie en dialoog was.

**Groep**
- Die leerders hersien hul stories in hul groepe.
- Hulle deel rolle uit en oefen 'n toneel waardeur hulle die volle storie vertel.

**30 min**

**Sien na:**
Sien bl. 148
**Punte:** 5





## LIGGAAMSOPVOEDING

### Aktiwiteitstasies

- Volg die riglyne vir LO-aktiwiteitstasies op bl. 24.

**25 min**



# DONDERDAG

## LUISTER EN PRAAT ASSESSERING 1

### Mondelinge resensie van 'n storie (vervolg)

15 min



**Bied aan**

- Assesseer die volgende groep leerders.

**Sien na:**
Sien bl. 138
**Punte:** 10

## KLANKE — Voltooi die sinne

BL 122
15 min




Woorde wat begin met be-, ge- en ver-.

- Doen vinnige klankherkenning van klanke wat in Graad 2 aangeleer is.
- Die leerders voltooi die aktiwiteit in die LAB.
- Kontroleer en merk saam.

## HANDSKRIF — Lopende skrif Q

BL 110
10 min




- Volg die riglyne vir Handskriflesse op bl. 9.

## LEES — Oefen vlotheid

BL 123
15 min




**Lees deur die teks saam met die leerders**

- Die leerders gebruik 'n potlood om die teks in logiese korter frases te "sny" voordat hulle dit lees. Byvoorbeeld: Eendag was daar 'n reus/wat tamaties/op sy plaas/gekweek het/en by die mark/op die dorp/verkoop het.

**Lees in Pare**

- Die maats lees die teks om die beurt.
- Hou tyd vir elke leesbeurt (1 min elk). Skryf neer hoeveel reëls hulle gelees het.
- Herhaal.

**Gee terugvoering**

- Lees die teks saam met die leerders.
- Die leerders omkring enige woorde wat hulle verkeerd gelees het.
- Moedig hulle aan om die leesteks tuis te oefen.

## GEDEELDE LEES — Storieresensie

15 min

- 'n Storieresensie vertel mense van 'n storie wat jy gelees of gehoor het en wat jy daarvan dink.
- Lees en bespreek elke opskrif.
- Skryf voorbeelde saam met die leerders:
  - **Titel en skrywer:** Die goedhartigste reus in die wêreld; Funda Wande.
  - **Opsomming:** Hierdie storie gaan oor 'n reus wat sy deftige klere aan diere weggee.
  - **Mening:** Ek hou van die storie, want die prente is snaaks. Ek hou ook van die einde van die storie.
- **Let op na:** Opskrif en onderhofies, dubbelpunt, teenwoordige tydsvorme, goeie opsomming van die storie, geregverdigde opinies/menings.







## GROEPBEGELEIDE LEES EN ONAFHANKLIKE WERK

BL 124
30 min

- **Groepbegeleide Lees:** Groep B en C
- **Onafhanklike Werk:** *Jakkals en Leeu (Hoofstuk 3)*



DATUM

Jakkals en Leeu (Hoofstuk 3)

Leeu wou beslis nie deur rotse verpletter word nie. Hy het vinnig nadergegaan om vir Jakkals te help.

Leeu het langs Jakkals gestaan en hom gehelp om die rots vas te hou. Hy het Jakkals se storie geglo.

Na 'n rukkie het Jakkals gesê: "Ons kan nie vir ewig hier staan nie. As jy die rots vashou, sal ek vir 'n lang, sterk boomstomp gaan soek. Dan kan ons die boomstomp gebruik om die rots in die lug te hou."

"Dis 'n goeie plan," het Leeu gesê. "Ek sal die rots vashou terwyl jy vir 'n boomstomp gaan soek. Maak net vinnig."

Wat, dink jy, gaan volgende gebeur?

124 • WEEK 6 • WOENSDAG



## AANVANGSKENNIS

Konsepverslag

30 min

**KWL-kaart (bl. 95)**
- Help die leerders om die laaste ry te voltooi.

**Aanvaar, verwerp**
- Hou drie tweetalige flitskaarte vir elke woord op en vra vrae.

**Verminder**
1. Gebruik minder goed wat net een keer gebruik kan word.
2. Gebruik 'n inkopiesak wat jy alreeds het.
3. Koop elke keer 'n nuwe inkopiesak as jy inkopies gaan doen.

**Hergebruik**
1. Gee klere wat te klein is vir iemand anders.
2. Gebruik dinge meer as een keer.
3. Koop gereeld nuwe dinge in plaas daarvan om dit wat jy het te gebruik.

**Herwin**
1. Verander rommel in iets anders.
2. Neem rommel na die stortingsterrein.
3. Maak iets nuuts uit afvalmateriaal (rommel).

**EAT:** *reduce*, *reuse*, *recycle*
verminder, hergebruik, herwin



## UITVOERENDE KUNSTE ASSESSERING 1

30 min

### Groepdramatisering (vervolg)

**Voer op**
- Elke groep voer hul toneel vir die klas op.

**Evalueer**
- Moedig positiewe kommentaar na elke uitvoering aan.
- Lewer kommentaar oor die karakters, dialoog en aksie.



**Sien na:**
Sien bl. 148
**Punte:** 5



## LIGGAAMSOPVOEDING

Aktiwiteitstasies

25 min

- Volg die riglyne vir LO-aktiwiteitstasies op bl. 24.



# VRYDAG



## LUISTER EN PRAAT Oorsig van die week

15 min



**Dink-pare-deel**

- **Dink:** Gesels oor een interessante ding wat jy hierdie week geleer het. Dink byvoorbeeld oor hoe om iemand se gevoelens seer te maak (soos die reus s'n). Was jou gevoelens seergemaak? Het jy dalk iemand se gevoelens seergemaak? Het jy om verskoning gevra?
- **Pare:** Deel jou antwoorde met jou maat.
- **Deel:** Wat gaan jy volgende anders doen?



## KLANKE Spoedlees woorde

BL 125
10 min

- Volg die riglyne vir spoedlees van woorde op bl. 8.



DATUM

Spoedlees woorde

Lees vir een minuut.

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| serp | swaai | niks | arm | klits |
| kaart | trap | self | dors | klomp |
| help | klaar | dalk | maats | kramp |
| sink | vrou | dans | nerf | swerm |
| dorp | swaar | kant | warm | kring |
| kort | trein | kamp | mors | brand |
| skulp | klein | terg | boks | plank |
| lank | vraag | park | sing | stamp |
| slurp | twis | fluks | kerm | stert |
| bang | klei | kolf | gerf | tronk |

Hoogste telling: ............ woorde

WEEK 6 • VRYDAG • 125



## HANDSKRIF Hersiening

BL 110
10 min

- Volg die riglyne vir Handskriflesse op bl. 9.






## LEES Onafhanklike Werk

15 min



**Lees en beantwoord die vrae**

- Lees hierdie week se OW-teks hardop **vir** die klas. Die leerders volg in hul boeke.
- Lees die vraag/vrae na elke teks. Vir die tekste vir Maandag tot Donderdag, gee die antwoorde en laat die leerders self die antwoorde merk.

**Bespreek die teks**

- Van watter teks het jy die meeste gehou? Hoekom?
- Het jy enige nuwe feite geleer? Nuwe woorde?

**Sien na**

- Parafeer net. Let op wie nie in staat is om te lees en die vrae te beantwoord nie.



## ONAFHANKLIKE SKRYF Storieresensie

15 min

- Die leerders skryf hul eie resensie van die storie Die goedhartigste reus.
- **Let op na:** woorde, idees wat verskil van die Gedeelde Skryf-les; opskrifte en onderhofies, dubbelpunt, teenwoordige tydsvorme, goeie opsomming van die storie, geregverdigde mening.





## GROEPBEGELEIDE LEES EN ONAFHANKLIKE WERK

- **Groepbegeleide Lees:** Groep D en E
- **Onafhanklike Werk:** *Jakkals en Leeu (Hoofstuk 4)*

BL 126

30 min






## AANVANGSKENNIS

DBO-werkboektyd

30 min

**Sien na en gee terugvoering**

- Gaan saam deur verlede week se DBO-werkboekbladsye.
- Die leerders korrigeer of voltooi die aktiwiteite.

**Voltooi DBO-werkboekbladsye**

- Lewensvaardigheid Werkboek 1 Werkvel 29 Herwinning, bl. 58 en 59
- Huistaal Werkboek 1, bl. 120–121.






## LIGGAAMSOPVOEDING ASSESSERING 1

25 min

### Speletjie

- Beplan 'n eenvoudige balspeletjie met 'n duidelike stel reëls, bv. rounders.
- Verduidelik die reëls van die speletjie.
- Deel die klas in twee spanne.
- Speel die speletjie. Neem waar en teken jou waarnemings aan.

**Sien na:** Sien bl. 149
**Punte:** 5



## ONDERWYSER SE WEEKLIKSE OORSIG

**Hierdie week het ek:**

- **die LAB'e, Handskrif- en Skryfboeke ingeneem** en kommentaar oor die skryfwerk geskryf.
- **die werk nagesien en gekorrigeer** en sekere areas geïndentifiseer waar daar leemtes is of waar spesifieke leerders meer ondersteuning nodig het.
- **terugverwys na die Weeklikse Oorsig** en enige les wat ek nie in staat was om te voltooi nie, geïdentifiseer.
- **my aantekeningboek/dagboek deurgegaan** en vasgestel of enige leerders volgende week addisionele individuele onderrigtyd of individuele oefening moet kry.

**Ek het 'n tyd geskeduleer om volgende week:**

- **enige opvangwerk met die klas** te doen of algemene terugvoering soos nodig te gee.
- **individuele** onderrig te doen, bv. as die klas besig is of vroeg in die oggend.

**Ek het vooruit beplan vir volgende week** om te verseker dat ek voorbereid is en alles het wat ek nodig het om die week te begin.

## OORSIG WEEK 7



# Eet gesond

### UITKOMSTE VIR DIE WEEK

**Die leerders sal:**

- 'n Gebalanseerde dieet bespreek en die voedselpiramide verstaan.
- Hul kennis van kategorisering en klassifikasie verdiep deur kos te sorteer.
- Lees en reageer op 'n tradisionele mite.
- 'n Storieresensie skryf.
- 'n Reeks tekste oor Suid-Afrikaanse sjefs lees.
- Taalkenmerke wat verband hou met voedselkeuse gebruik (kommas).

### VOORBEREIDING

**Flitskaarte**

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **Geletterdheid** | gulsig | wese | dwaas | dankbaarheid | sjef |

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Lewensvaardigheid** | vrugte | koolhidrate | proteïne |
| | *fruit* | *carbohydrate* | *protein* |

**Sin**

*Dit was die koning se gunstelinggereg. Dit het bestaan uit hoender, aartappelskyfies en groentesop.*

### TOERUSTING

- A4-papier, potlode en kryte vir Visule Kunste.
- Benodigdhede vir gekose Liggaamsopvoedingsaktiwiteite
- Die leerders se skryfboeke

### ASSESSERING

**Neem in en merk:** Woordeskat (Woensdag); Sinne (Donderdag); Handskrif (Vrydag)

**Informeel:** Spoedlees van woorde (Vrydag) Skryf (feite); Handskrif; Begrip, Woordeskat en taalwerk. AK-bladsye.

| **Formele Assesseringsaktwiteite** | | | |
|---|---|---|---|
| Di.–Do. (vervolg van Week 6) | Luister en Praat 1: Storieresensie | MONDELING | OG, bl. 102, 104, 106 |
| Di. | Klanke 1: Skryf klanke | LAB bl. 139 | OG, bl. 102 |
| Di. | Lees 1: Begrip | LAB bl. 140 | OG, bl. 102 |
| Di.–Vr. | Liggaamsopvoeding 2: Ritme en koördinasie | PRAKTIES | OG, bl. 103, 105, 107, 109 |
| Wo. | Aanvangskennis 1: 'n Gebalanseerde dieet | LAB bl. 146 | OG, bl. 105 |

# ’n Gebalanseerde dieet



*Hierdie feitelike teks is die inleiding tot die Lewensvaardigheidtema, Eet gesond. Die onderwyser lees dit op Maandag (sien OG, bl. 100). Dit sluit aan by die prente in die LAB op bl. 137. Die leerders kan na die prente in hul LAB kyk terwyl jy lees.*

Ons het almal sekere kossoorte waarvan ons hou en waarvan ons baie wil eet. Wat is jou gunstelingkos?

Om gesond te wees moet ons ’n gebalanseerde dieet volg. Dit beteken ons moet die regte hoeveelheid van elke voedselsoort eet.

Wanneer ons dit doen, kry ons liggame die nodige voedingstowwe.

Daar is vyf hoofvoedselgroepe. Die voedsel in elke voedselgroep is soortgelyk aan wat hulle doen om ons te help.

- **Vrugte en groente**
- **Proteïne** soos vleis, vis, neute en bone
- **Koolhidrate** soos brood, aartappels, pasta, rys en mieliemeel
- **Suiwel** soos melk, amasi, jogurt en kaas
- **Olie en vette** soos margarien, botter, olie en mayonnaise.




**Hoe help vrugte en groente ons om gesond te bly?**
Vrugte en groente is vol vitamiene en minerale wat help om ons gesond te hou. Dit bevat ook vesel wat ons help om van afvalstowwe ontslae te raak deur gereeld die toilet te gebruik. Ons moet probeer om elke dag vrugte en groente te eet.

**Hoe help proteïne ons om gesond te bly?**
Proteïne help ons om ons spiere te bou en om te groei. Dit help ook ons liggame om vanself te herstel as ons seergekry het. Hierdie voedsel bevat ook yster wat ons bloed gesond hou. Ons moet daagliks twee porsies proteïne eet.

**Hoe help koolhidrate ons om gesond te bly?**
Koolhidrate verskaf energie aan ons liggame. Dit verskaf ook vesel aan ons liggame wat ons liggame help om van afvalstowwe ontslae te raak. Ons moet elke dag koolhidrate eet.

**Hoe help suiwelprodukte ons om gesond te bly?**
Suiwelprodukte bevat baie kalsium. Kalsium is ’n mineraal wat vir ons gesonde tande en bene gee. Ons moet ten minste twee keer ’n dag suiwelprodukte inneem.

**Hoe help vette en olies ons om gesond te bly?**
Olie en vette verskaf energie en help om ons liggaame warm te hou. Ons moet egter nie te veel olie of vette per dag eet nie.

Om ’n gebalanseerde dieet te volg, moet ons elke dag kos van ál die voedselgroepe eet. Ons sal hierdie week meer oor die voedselgroepe leer.

# MAANDAG



## LUISTER EN PRAAT Nuus

15 min



**Dink-pare-deel**
- **Dink:** Het jy enige spesiale nuus? Wat het jy oor die naweek gedoen?
- **Pare:** Vertel jou nuus vir jou maat. Reageer gaaf teenoor mekaar.
- **Deel:**
  - 'n Paar leerders deel hul nuus met die klas.
  - Maak seker al die leerders kry 'n geleentheid deur die loop van die kwartaal.
  - Teken jou waarnemings in jou aantekeningboek aan.

**Berei die leerders vir die skoolweek voor** Sê vir die leerders dat jy die volgende dag met assessering voortgaan. Vra elke dag 'n paar leerders om 'n storie-resensie (oorsig) vir die klas aan te bied.



## KLANKE Voltooi die blokkiesraaisel

BL 135
10 min




Woorde wat eindig op: -le, -se, -te, -we, -pe, -de. (As 'n woord met 'n "e" eindig, klink die "e" soos 'n "i" bome./As 'n woord met 'n "i" eindig, klink die "i" soos 'n "ie".)

- Doen vinnige klankherkenning van klanke wat in Graad 2 aangeleer is.
- Die leerders voltooi die aktiwiteit in die LAB.
- Kontroleer en merk saam.



## HANDSKRIF Lopende skrif *D*

BL 134
10 min




- Volg die riglyne vir Handskriflesse op bl. 9.



## LEES Onderwyser lees hardop

OG
BL 99
15 min



**Vóór lees**
- Stel die onderwerp oor gesonde kos bekend. Wat kan jy onthou van wat jy in Graad 2 oor gesonde kos geleer het?
- Voorsien 'n doel om te luister: Watter verskillende voedselgroepe vorm 'n gebalanseerde dieet?

**Lees die storie vir die leerders**

**Ná lees**
- Hoeveel voedselgroepe is daar? Noem hulle.
- Noem een kossoort uit elke groep.
- Dink aan die skoolvoedingspyskaart. Van watter voedselgroepe eet ons by die skool op 'n Maandag?
- Beteken 'n gebalanseerde dieet dat jy baie van een voedselgroep eet of is dit 'n verskeidenheid voedsel van al die voedselgroepe?
- Dink jy dat jy 'n gebalanseerde dieet eet?

## LUISTER EN PRAAT BEGRIP

15 min



- Onderrig 'n les wat op klankleesboeke gebaseer is.




## GROEPBEGELEIDE LEES EN ONAFHANKLIKE WERK

**BL 136**
**30 min**

- **Groepbegeleide Lees:** Groep A en B
- **Onafhanklike Werk:** Lees die sinne






## AANVANGSKENNIS

### Voedselgroepe

**BL 137**
**30 min**

**Stel die konsep bekend**

- Wat kan jy nog van Graad 2 onthou oor gesond eet?

**Dink-pare-deel**

- **Dink:** Wat moet ons elke dag probeer eet?
- **Pare:** Vertel vir jou maat?
- **Deel** jou antwoord met die klas.

**Gedeelde Skryf: KWL-kaart**

- Skryf die leerders se bydrae in ry 1 van jou KWL-kaart op die bord.
- **Vra:** Wat wil jy graag hierdie week oor gesond eet leer? Skryf dit in ry 2.
- Die leerders kies een item van elke ry om in hul KWL-kaart te skryf.






## VISUELE KUNSTE

### Balans in kuns

**BL 138**
**30 min**

**Hersien**

- Herinner die leerders aan simmetrie (Week 1).
- Praat oor hoe simmetriese prente presies dieselfde is aan albei kante van die lyn van simmetrie.

**Pare**

- Kyk noukeurig na die twee prente.

**Klasbespreking**

- Gesels oor hoe 'n prent wat ongebalanseerd is meestal lyk asof dit nog nie voltooi is nie.
- Verduidelik aan die leerders dat 'n gebalanseerde prent aan albei kante van die bladsy dieselfde moet wees, selfs al is dit nie identiese prente nie.

**Aktiwiteit**

- Beantwoord die vrae in die LAB.
- Voltooi die tekening.






## LIGGAAMSOPVOEDING ASSESSERING 2

**25 min**

### Inleiding

**Berei voor**

- Kies vier verskillende aktiwiteite op bl. 25 vir die week, asook die volgende as Stasie 1, wat geassesseer gaan word:

**Ritme**

- Spring tou in groepe van drie.
- Individuele touspring – begin met albei voete.
- Individuele touspring – begin met een voet in hardloop-aksie.

**Stel die aktiwiteitstasies bekend**

- Volg die riglyne vir LO-aktiwiteitstasies op bl. 24.
- 'n Kwart van die leerders sal elke dag by Stasie 1 geassesser word, vanaf Dinsdag tot Vrydag.



**Sien na**: Sien bl. 149
**Punte**: 5

# DINSDAG

## LUISTER EN PRAAT ASSESSERING 1

**15 min**

### Mondelinge resensie van 'n storie (vervolg)

**Aanbieding**

- Assesseer die volgende groep leerders.
- Dit kan dalk nodig wees om weer die sinsbeginners op die bord te skryf om die leerders te herinner aan die kriteria vir die assessering.

**Sien na:**
Sien bl. 138
**Punte:** 10

**Storieresensie**
Ek onthou 'n storie genaamd … oor …
(1–2 sinne)
Ek het gehou van die storie/nie gehou van die storie nie, omdat …
(1–2 sinne)

## KLANKE

### Skryf die woorde reg

**BL 139**
**15 min**

Woorde wat eindig op: -le, -se, -te, -we, -pe, -de. (As 'n woord met 'n "e" eindig, klink die "e" soos 'n "i" bome./As 'n woord met 'n "i" eindig, klink die "i" soos 'n "ie".)

- Doen vinnige klankherkenning van klanke wat in Graad 2 aangeleer is.
- Die leerders voltooi die aktiwiteit in die LAB.
- Kontroleer en merk saam.

**Sien na:**
Sien bl. 139
**Punte:** 10




## HANDSKRIF

### Lopende skrif

**BL 134**
**10 min**

- Volg die riglyne vir Handskriflesse op bl. 9.




## GEDEELDE LEES

### Leesbegrip

**BL 128–133**
**15 min**

**Vóór lees**

- Lees en bespreek kortliks die titel.
- Verduidelik: Hierdie is 'n soort tradisionele storie wat ons 'n **mite** noem. 'n Mite is 'n storie wat lank gelede geskryf is toe mense nog in baie verskillende gode geglo het.
- Voorsien 'n doel om te lees: Kom ons kyk of Koning Midas 'n goeie of slegte koning was.

**Gedeelde Lees**

- Lees die storie **saam met** die leerders.
- Stop om enige nuwe woorde of konsepte te verduidelik, bv. deur die prente of sinonieme te gebruik.
- Bespreek die vrae. Kies 'n paar leerders se antwoorde om te kontroleer dat hulle monitor wat hulle lees terwyl hulle lees.

**Ná lees**

- Hoe het Koning Midas verander?
- Hoekom het hy verander?




## LEES ASSESSERING 1

### Leesbegrip

**BL 140**
**10 min**

**Lees die vrae een keer**

- Sê vir die leerders dat dit 'n assesseringsaktiwiteit is.

**Skryf**

- Voltooi die aktiwiteit in die LAB.

**Sien na:**
Sien bl. 140
**Punte:** 10






## GROEPBEGELEIDE LEES EN ONAFHANKLIKE WERK

- **Groepbegeleide Lees:** Groep C en D
- **Onafhanklike Werk:** *Etes weg van die huis*

BL 141

30 min


DATUM

Etes weg van die huis

In Suid-Afrika is daar baie verskillende plekke waar jy klaargaar kosse kan koop.

Baie keer sien ons mense wat gaar kos op straat of langs die pad verkoop. Jy gaan, byvoorbeeld, gaar mielies, shisa nyama of vetkoek te koop sien.

By kitskosrestaurante kan mense klaargaar kosse oor die toonbank koop. Jy kan hoenderstukkies (nuggets), hamburgers of slaptjips by sommige kitskosrestaurante koop.

Ons kry ook restaurante waar jy by 'n tafel kan gaan sit en deur 'n kelner bedien word. Jy kan dan die kos bestel wat jy graag wil eet. Die kos word in die restaurant se kombuis gemaak. 'n Sjef (kok) is in beheer van die voorbereiding van die kos. In Suid-Afrika het ons heelwat beroemde sjefs.

1. Noem twee verskillende werke in 'n restaurant.
2. Watter straatkosse het jy al gesien?

WEEK 7 • DINSDAG • 141



## AANVANGSKENNIS Die voedselpiramide

BL 142

30 min

**Lees en bespreek**

- Gebruik die diagram en teks om die leerders te help om die verskillende voedselgroepe te identifiseer (en te noem).
- Lees die etikette en bespreek die tipes kos, hoe dit ons help, en ook hoe dikwels ons elke tipe moet eet.

**Dink-pare-deel**

- **Dink:** Watter kosse pas in elke deel van die piramide?
- **Pare:** Verduidelik jou antwoorde vir jou maat.
- **Deel** jou antwoorde met die klas.

**Skryf**

- Die leerders teken prente van voedsel in die korrekte spasies van die voedselpiramide.


DATUM

Die voedselpiramide

Hoe groter die spasie in die voedselpiramide is, hoe meer van daardie voedselgroep behoort ons te eet.

**Teken gepaste voedselsoorte in elke spasie.**



142 • WEEK 7 • DINSDAG



## VISUELE KUNSTE Teken 'n simmetriese prent

30 min

**Pare**

- Die leerders praat oor die verskillende vrugte waarvan hulle hou om te eet.

**Aktiwiteit (potlood op papier)**

- Die leerders teken 'n bak of bord in die middel van hul bladsy.
- Hulle voeg verskillende vrugte by hul tekening en maak seker dat die prent gebalanseerd is.

**Bêre dit veilig om volgende week te voltooi.**





## LIGGAAMSOPVOEDING ASSESSERING 2

25 min

### Aktiwiteitstasies

- Volg die riglyne vir LO-aktiwiteitstasies op bl. 24.
- Neem die leerders by Stasie 1 waar en assesseer hulle.

**Sien na**:
Sien bl. 149
**Punte**: 5



# WOENSDAG



## LUISTER EN PRAAT ASSESSERING 1

### Mondelinge resensie van 'n storie (vervolg)

15 min

**Bied aan**

- Assesseer die volgende groep leerders.

**Sien na**: Sien bl. 138
**Punte**: 10





## KLANKE Voltooi die rymsinne

BL 143
15 min

Woorde wat eindig op: -le, -se, -te, -we, -pe, -de. (As 'n woord met 'n "e" eindig, klink die "e" soos 'n "i" bome./As 'n woord met 'n "i" eindig, klink die "i" soos 'n "ie".)

- Doen vinnige klankherkenning van klanke wat in Graad 2 aangeleer is.
- Die leerders voltooi die aktiwiteit in die LAB.
- Kontroleer en merk saam.






## HANDSKRIF Lopende skrif

BL 134
10 min

- Volg die riglyne vir Handskriflesse op bl. 9.






## GEDEELDE LEES Woordeskat

BL 128–133
15 min

**Woordeskatwoorde**

- Wys en lees die week se woordeskatwoorde op die bord of op flitskaarte:

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| gulsig | wese | dwaas | dankbaarheid | sjef |

**Gedeelde Lees**

- Lees weer die teks **saam met** die leerders.
- **Woordsoek:** Die leerders merk die woordeskatwoorde in die LAB-teks terwyl jy lees. Hulle onderstreep of omkring elke nuwe woord.
- Ken een woord vir elke ry toe. Die leerders in die ry dink aan 'n sin met daardie woord en dra dit mondelings oor. Luister na een leerder per ry.

**Die leerders sorteer die flitskaartwoorde alfabeties.**






## SKRYF Woordeskat

BL 144
15 min

**Mondeling**

- Gaan mondelings deur die aktiwiteite in die LAB.

**Skryf**

- Voltooi die aktiwiteit in die LAB. Kontroleer en korrigeer.
- Die leerders kopieer die vyf woordeskatwoorde in hul persoonlike woordeboeke.

**Sit die woordeskatflitskaarte** teen die woordmuur.







## GROEPBEGELEIDE LEES EN ONAFHANKLIKE WERK

- **Groepbegeleide Lees:** Groep E en A
- **Onafhanklike Werk:** *Siba – Suid-Afrikaanse sjef*

**BL 145**
**30 min**


DATUM

Siba – Suid-Afrikaanse sjef

Sibahle Mtongana se mamma was 'n onderwyseres, maar sy het ook daarvan gehou om vir haar familie kos te maak. Sy het 'n klein groentetuin gehad en het vars groente en kruie gebruik.
Dit het Shiba se belangstelling in kos geprikkel en daarom het sy na skool dieetkunde gaan studeer. Sy het geleer hoe kos ons gesond hou. Sy het begin om resepte vir 'n kostydskrif te skryf. Op 'n dag is sy gevra om op TV te verskyn waar sy een van haar eie resepte sou maak. Nie lank daarna nie, het sy haar eie TV-program naamlik **Siba's Table** gehad. In die program wys Siba hoe sy gesonde maaltye vir haar familie in haar huis in Kaapstad kook.

1 Wat leer jy as jy "dieetkunde" studeer?

2 Watter kosmaakprogram het jy al op TV gesien? Watter geregte is gemaak?

WEEK 7 • WOENSDAG • 145



## AANVANGSKENNIS ASSESSERING 1

### 'n Gebalanseerde dieet

**Lees en bespreek**

- Bespreek die formaat van die vrae:
  - Byskrifte
  - Veelkeuse-vrae
  - Langvrae

**Gedeelde skryf**

- Die leerders beantwoord die vrae in die LAB.

**BL 146**
**30 min**

**Sien na:**
Sien bl. 146
**Punte:** 15


DATUM

'n Gebalanseerde dieet

1 Skryf die naam van elke voedselgroep op die regte plek.

koolhidrate proteïne suiwel vrugte en groente olie en vette soet- en southappies

2 Pas die prente by die regte voedselgroep.

3 Omkring die regte antwoorde.
a Ons moet die meeste soet- en southappies / koolhidrate / vrugte en groente eet.
b 'n Gebalanseerde dieet is om van slegs een voedselgroep / gemengde voelselgroepe / twee voedselgroepe te eet.

4 Dink jy dat jy 'n gebalanseerde dieet volg? Hoekom/hoekom nie?

146 • WEEK 7 • WOENSDAG



## UITVOERENDE KUNSTE

**Warm op**

- Die leerders vertel in pare vir mekaar wat hul gunstelingvoedsel is.

**Speel die speletjie**

- Die leerders sit in 'n kring. Begin om 'n ritme te klap, bv. klap dye twee keer en klap hande tesaam.
- Sodra die ritme vasgestel is, sê die naam van 'n kossoort wat met a begin, bv. aartappel terwyl hulle klap.

### Kringspeletjie: voedselalfabet

- Die volgende sal 'n kossoort wees wat met 'n b begin, bv. boontjie.
- Gaan voort in die sirkel, klap en sê die name van kossoorte wat met letters van die alfabet begin.

**Koel af**

- Die leerders lê op hul rûe en asem stadig in en uit terwyl hulle 'n smaaklike maaltyd visualiseer as 'n stimulus.

**30 min**





## LIGGAAMSOPVOEDING ASSESSERING 2

### Aktiwiteitstasies

- Volg die riglyne vir LO-aktiwiteitstasies op bl. 24.
- Neem die leerders by Stasie 1 waar en assesseer hulle.

**25 min**

**Sien na:**
Sien bl. 149
**Punte:** 5



# DONDERDAG

## LUISTER EN PRAAT ASSESSERING 1

### Mondelinge resensie van 'n storie (vervolg)

15 min



**Bied aan**
- Assesseer die volgende groep leerders.

**Sien na**: Sien bl. 138
**Punte**: 10

## KLANKE Skryf jou eie sinne

BL 147
15 min




Woorde wat eindig op: -le, -se, -te, -we, -pe, -de. (As 'n woord met 'n "e" eindig, klink die "e" soos 'n "i" bome./As 'n woord met 'n "i" eindig, klink die "i" soos 'n "ie".)

- Doen vinnige klankherkenning van klanke wat in Graad 2 aangeleer is.
- Die leerders voltooi die aktiwiteit in die LAB.
- Kontroleer en merk saam.

## HANDSKRIF Lopende skrif *x z*

BL 134
10 min

- Volg die riglyne vir Handskriflesse op bl. 9.




## GEDEELDE LEES Taal

15 min

**Stel die sinne bekend**
- Skryf die twee sinne op die bord.
- Lees die sinne stadig saam met die leerders.
- Die leerders vind en onderstreep die sinne in die **storie**.

**Werk met die sinne**
- Identifiseer 'n ander funksie van die **komma** (skei items in 'n lys).
- Hersien waarom die herkenning van leestekens belangrik is wanneer jy lees. (*help ons om vlot en betekenisvol te lees*)
- Hersien: wat moet ons doen wanneer ons by 'n punt kom? (*haal asem*)
- Hersien: wat moet ons doen wanneer ons by 'n komma kom? (*stop kortliks*)
- Hersien die selfstandige naamwoord. Identifiseer sommige selfstandige naamwoorde. (*koning, aandete, hoender, aartappelskryfies, sop*)




## SKRYF Taal

BL 148
15 min




**Skryf**
- Voltooi mondelings die *cloze*-aktiwiteit.
- Die leerders skryf hul eie sinne, vir Magrietjie (gebruik verbeelding) en vir hulself.

**Individueel**
- Voltooi die bladsy in die LAB.
- Van die leerders lees hul sinne hardop vir 'n maat.





## GROEPBEGELEIDE LEES EN ONAFHANKLIKE WERK

BL 149
30 min

- **Groepbegeleide Lees:** Groep B en C
- **Onafhanklike Werk:** *Reuben Riffel – Suid-Afrikaanse sjef*



DATUM

Reuben Riffel
Suid-Afrikaanse sjef

Reuben Riffel se mamma het in 'n restaurant gewerk. Na skool het Reuben as 'n kelner in die restaurant gewerk. Reuben was baie geïnteresseerd in hoe die voedsel voorberei is en het gevra om in die kombuis te werk. Gou-gou het hy die sjef gehelp.

Eendag, toe die sjef siek geraak het, moes Reuben vir al die kliënte kos voorberei. Almal was gaande oor sy kos. Daardie dag het Reuben besluit dat hy wil gaan leer om 'n sjef te word. Vandag is hy een van Suid-Afrika se beste sjefs. Maar hy kook nog soms vir sy mamma kos. Haar gunstelinggereg is geroosterde eend.

1. Hoekom moes Reuben onverwags vir kliënte kosgemaak het?
2. Wat is Reuben se mamma se gunstelinggereg?
3. Wat is jou mamma se gunstelinggereg?

WEEK 7 • DONDERDAG • 149



## AANVANGSKENNIS

### Konsepverslag

30 min

**KWL-kaart (bl. 137)**
- Help die leerders om die laaste ry te voltooi.

**Aanvaar, verwerp**
- Hou drie tweetalige flitskaarte vir elke woord op en vra vrae.

**Vrugte en groente**
1. Ons moet vyf porsies per dag eet.
2. Dit bevat vitamiene en vesel.
3. Dit is ongesond.

**Koolhidrate**
1. Dit gee vir ons energie.
2. Dit is ongesond.
3. Mieliemeel is 'n koolhidraat.

**Proteïne**
1. Dit is sleg vir ons tande.
2. Hoender is 'n proteïn.
3. Proteïene help ons om spiere te bou.

**EAT:** *fruit and vegetables, carbohydrate, protein*
vrugte en groente, koolhidrate, proteïne



## UITVOERENDE KUNSTE

### Sensoriese bewustheid

30 min

**Warm op**
- Vra die leerders om hul oë toe te maak en na die klanke rondom hulle te luister.
- Deel met die groep.

**Speel die speletjie**
- Die leerders sit in 'n kring met geslote oë.
- Noem 'n omgewing hardop, bv. die kombuis gedurende ontbyt.
- Vra hulle om hulle te verbeel hulle is daar en vra wat hulle "hoor".
- Herhaal met ander omgewings: bv. by die vrugte- en groentemark, by die taxistaanplek, pouse by die skool, ens.

**Koel af**
- Die leerders lê op hul rûe en asem in en uit terwyl hulle hul geliefkoosde vrug of groente visualiseer as 'n stimulus.





## LIGGAAMSOPVOEDING ASSESSERING 2

25 min

### Aktiwiteitstasies

- Volg die riglyne vir LO-aktiwiteitstasies op bl. 24.
- Neem die leerders by Stasie 1 waar en assesseer hulle.

**Sien na:**
Sien bl. 149
**Punte:** 5



# VRYDAG



## LUISTER EN PRAAT — Oorsig van die week

15 min



**Dink-pare-deel**
- **Dink:** Gesels oor iets interessants wat jy hierdie week geleer het.
- **Pare:** Deel dit met jou maat.
- **Deel:** Koning Midas het dankbaarder geword. Waarvoor is jy vandag dankbaar? Hoe kan jy volgende week meer dankbaar wees?



## KLANKE — Diktee

BL 150
15 min




- Volg die riglyne vir diktee op bl. 8.

**Sin:** **Sal julle die pille vir die katte en die bulle gee?**



## HANDSKRIF

BL 134
10 min




**Lopende skrif** D G S X Z
- Volg die riglyne vir Handskriflesse op bl. 9.



## LEES — Onafhanklike Werk

15 min



**Lees en beantwoord die vrae**
- Lees hierdie week se OW-teks hardop **vir** die klas. Die leerders volg in hul boeke.
- Lees die vraag/vrae na elke teks. Vir die tekste vir Maandag tot Donderdag, gee die antwoorde en laat die leerders self die antwoorde merk.

**Bespreek die teks**
- Van watter teks het jy die meeste gehou? Waarom?
- Het jy enige nuwe feite geleer? Nuwe woorde?

**Sien na**
- Parafeer net. Let op wie nie in staat is om te lees en die vrae te beantwoord nie.



## ONAFHANKLIKE SKRYF — Storieresensie

15 min

- Lees die onderhofies in 'n storieresensie.
- Herinner die leerders daaraan dat jy reeds oor **opinies/menings** en **titels** en **skrywers** gesels het.
- Vandag gaan ons 'n opsomming van 'n storie skryf.
- In 'n **opsomming** word slegs die belangrikste punte genoem, bv. karakters, hoofgebeure, einde.
- **Let op na:** teenwoordige tydsvorme, volledige sinne, hoofgedagtes, geregverdigde menings.

**Sien na**
- Loop deur die klas en kontroleer. Neem die boeke in.






## GROEPBEGELEIDE LEES EN ONAFHANKLIKE WERK

BL 151

30 min

- **Groepbegeleide Lees:** Groep D en E
- **Onafhanklike Werk:** *Katlego Mlambo – Suid-Afrikaanse sjef*






## AANVANGSKENNIS

**DBO-werkboektyd**

30 min

**Sien na en gee terugvoering**

- Gaan saam deur verlede week se DBO-werkboekbladsye.
- Die leerders korrigeer of voltooi die aktiwiteite.

**Voltooi DBO-werkboekbladsye**

- Lewensvaardigheid Werkboek 1 Werkvel 18, bl. 36 en 37.
- Huistaal Werkboek 1, bl. 124–125.






## LIGGAAMSOPVOEDING ASSESSERING 2

25 min

### Aktiwiteitstasies

- Volg die riglyne vir LO-aktiwiteitstasies op bl. 24.
- Neem die leerders by Stasie 1 waar en assesseer hulle.

**Sien na**: Sien bl. 149
**Punte**: 5



## ONDERWYSER SE WEEKLIKSE OORSIG

**Hierdie week het ek:**

- **die LAB'e, Handskrif- en Skryfboeke ingeneem** en kommentaar oor die skryfwerk geskryf.
- **die werk nagesien en gekorrigeer** en sekere areas geïndentifiseer waar daar leemtes is of waar spesifieke leerders meer ondersteuning nodig het.
- **terugverwys na die Weeklikse Oorsig** en enige les wat ek nie in staat was om te voltooi nie, geïdentifiseer.
- **my aantekeningboek/dagboek deurgegaan** en vasgestel of enige leerders volgende week addisionele individuele onderrigtyd of individuele oefening moet kry.

**Ek het 'n tyd geskeduleer om volgende week:**

- **enige opvangwerk met die klas** te doen of algemene terugvoering soos nodig te gee.
- **individuele** onderrig te doen, bv. as die klas besig is of vroeg in die oggend.

**Ek het vooruit beplan vir volgende week** om te verseker dat ek voorbereid is en alles het wat ek nodig het om die week te begin.

## OORSIG WEEK 8



# Eet gesond

## UITKOMSTE VIR DIE WEEK

**Die leerders sal:**

- Oor enige-tyd-kosse en af-en-toe-kosse leer.
- Die uitwerking wat swak voedselkeuses op die tande het ondersoek.
- Verstaan hoe om beter voedselkeuses te maak.
- Oor 'n geliefkoosde maaltyd en eie voedselvoorkeure gesels.
- Na 'n Afrika-volksverhaal oor hoe om sop te maak, luister.
- Oor verskillende soorte stapelvoedsel lees.
- 'n Resensie oor 'n storie vir assesseringsdoeleindes beplan en skryf.
- Taalkenmerke wat gepaard gaan met die skryf van 'n resensie gebruik: opskrif, teenwoordige tydsvorme, ens.

## VOORBEREIDING

**Flitskaarte**

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **Geletterdheid** | gulsig | wese | dwaas | dankbaarheid | sjef |

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Lewensvaardigheid** | tandarts | verrotting | stopsel |
| | *dentist* | *decay* | *filling* |

**Sin**

*Dit was die koning se gunstelinggereg. Dit het bestaan uit hoender, aartappelskyfies en groentesop.*

## TOERUSTING

- A4-papier, potlode en kryte vir Visule Kunste.
- Benodigdhede vir gekose Liggaamsopvoedingsaktiwiteite.
- Die leerders se skryfboeke.

## ASSESSERING

**Neem in en merk:** Woordeskat en taalwerk (Woensdag)

**Informeel:** Diktee, Begrip, Vlotheidsoefening, AK-aktiwiteite

| **Formele Assesseringsaktwiteite** | | | |
|---|---|---|---|
| Ma.–Vr. | Lees 2: Mondelinge hardoplees | MONDELING | OG, bl. 113, 115, 117, 119, 121 |
| Di. | Luister en Praat 2: Luister met begrip | LAB bl. 157 | OG, bl. 114 |
| Wo. | Aanvangskennis 2: Maak goeie voedselkeuses | LAB bl. 163 | OG, bl. 117 |
| Vr. | Klanke 2 Diktee | LAB bl. 167 | OG, bl. 120 |
| Vr. | Handskrif 1: Hoofletters in lopende skrif en verbinding van klein- en hoofletters | LAB bl. 152 | OG, bl. 120 |
| Vr. | Skryf 2: Storieresensie | PRAKTIES | OG, bl. 120 |

# Klipsop



Mnr. Z was 'n reisiger wat na 'n klein dorpie gereis het. Hy het gesien dat al die deure van die huise gesluit was. Hy het aan 'n paar deure geklop en vir die mense gevra of hy saam met hulle aandete kan geniet, maar niemand wou hom inlaat nie. Hy kom toe agter dat die dorpenaars vergeet het hoe om te deel.

Hy het tot in die middel van die dorpie geloop en hard uitgeroep: "Almal is welkom om van my gratis klipsop te kom geniet! Gratis en verniet! Klipsop vir almal!"

Die deure van die huise het een vir een oopgegaan en die mense het nuuskierig uitgeloer. "Wat is klipsop?" het hulle gevra. Mnr. Z het 'n groot, grys klip uit sy sak uitgehaal. "Dit is 'n towerklip. Ek gaan dit gebruik om klipsop vir die hele dorp te maak."

Almal het gekom om te kyk hoe hy die sop met 'n klip gaan maak.

"Is daar iemand by wie ek 'n groot pot kan leen die klipsop in te maak?" het mnr. Z skamerig gevra.

Een van die dorpenaars het toe 'n groot pot gaan haal.

"Is daar dalk iemand wat hout het om die vuur mee te maak?" het hy nederig gevra.

'n Ander dorpenaar het toe hout gaan haal.

"Is daar dalk iemand wat vars, skoon water het?" het hy beleefd gevra.

Een van die dorpenaars het toe water by die pomp gaan haal en dit gebring.

Toe het mnr. Z die klip in die pot met water op die vuur gesit.

Toe vra hy weer: "Is daar dalk iemand wat so gaaf sal wees om 'n paar wortels vir die klipsop te bring?" het hy saggies gevra.

En ja, natuurlik het iemand.

Hy vra toe verder:
... 'n paar uie?
... 'n lekker vleisbeen?
... 'n paar koolblare?
... 'n pampoentjie?
... 'n paar aartappels?
... droë bone?
... 'n bietjie sout?

Een vir een het die dorpenaars al die bestanddele vir die sop gebring.

Toe het hulle almal belangstellend gesit en kyk hoe die sop kook. Na 'n rukkie het mnr. Z trots aangekondig dat die sop gaar is. Hy het 'n lepel vol van die sop in elkeen se bakkie geskep.

Die dorpenaars het huiwerig begin eet. "Dit moet 'n towerklip wees. Hierdie sop smaak voortreflik," het een dorpenaar opgewonde gesê.

"Dis die beste sop wat ek nog óóit geproe het," het 'n ander een gesê.

Almal het eenparig saamgestem.

Ná afloop van die aand het mnr. Z gesê: "Julle is welkom om my towerklip te gebruik om weer sop te maak, maar julle moet belowe om dit saam te doen. Elkeen moet ook iets bring om in die sop te sit. As julle elke week sop maak, belowe ek julle dat hierdie dorpie binnekort 'n vriendeliker, vreedsamer en gasvryer dorpie sal wees."

# MAANDAG

## LUISTER EN PRAAT — Nuus

**15 min**



**Dink-pare-deel**
- **Dink**: Het jy enige spesiale nuus? Wat het jy oor die naweek gedoen?
- **Pare:** Vertel jou nuus vir jou maat. Reageer gaaf teenoor mekaar.

- **Deel:**
  - 'n Paar leerders deel hul nuus met die klas.
  - Maak seker al die leerders kry 'n geleentheid deur die loop van die kwartaal.
  - Teken jou waarnemings in jou aantekeningboek aan.

**Berei die leerders vir die skoolweek voor** (*wat om te bring, spesiale gebeure, ens.*)

## KLANKE — Soek die woorde

**BL 153**
**10 min**




Woorde met die middelklanke -ng- en -nk-.

- Doen vinnige klankherkenning van klanke wat in Graad 2 aangeleer is.
- Die leerders voltooi die aktiwiteit in die LAB.
- Kontroleer en merk saam.

## HANDSKRIF — Lê hoofletters in lopende skrif vas

**BL 152**
**10 min**




- Volg die riglyne vir Handskriflesse op bl. 9.

## LEES — Onderwyser lees hardop

**OG BL 111**
**15 min**



**Vóór lees**
- Wat sit 'n mens gewoonlik in sop?
- Dink jy ons kan met 'n klip sop maak?
- Voorsien 'n doel om te luister: Luister om uit te vind hoe iemand sop van 'n klip gemaak het.

**Lees die storie vir die leerders**

**Ná lees**
- Was dit 'n towerklip? Wat het die sop so smaaklik gemaak?
- Het mnr. Z vir die dorpenaars 'n poets gebak? Was dit 'n goeie poets wat hy gebak het?

## E-KLASKAMER

**15 min**



- Onderrig 'n les vanuit die E-klaskamer



## LEES ASSESSERING 2 Individuele lees (Groep A)

- Groep A kom na die mat met hul LAB's.
- Gebruik die Gedeelde Lees-storie van Week 1. Dit word deurgaans vir al die groepe gebruik vir kontinuïteit.
- Luister na elke leerder wat hardop vir 1 minuut lees.

**Sien na:**
Sien bl. 140
**Punte:** 10



- **Onafhanklike Werk:** Lees die sinne

BL 154
30 min






## AANVANGSKENNIS Enige-tyd en af-en-toe-kosse

**Dink-pare-deel**
- **Dink:** Dink aan jou gunstelingkos.
- **Pare:** Vertel vir jou maat daarvan.
- **Deel** dit met die klas

**Lees en bespreek**
- Lees die bladsy in die LAB saam met die leerders.

**Dink-pare-deel**
- **Dink:** Hoekom behoort ons sekere kosse enige tyd te eet, en ander kosse net af en toe.
- **Pare:** Vertel vir jou maat.
- **Deel** jou antwoord met die klas.

BL 155
30 min






## VISUELE KUNS 'n Vrugtebak (vervolg)

**Aktiwiteit (verf en kryte)**
- Die leerders voeg enige addisionele besonderhede by soos blare, 'n insek, ens.
- Die leerders kleur die prent met verf of kryte in.

**Bêre dit veilig om die volgende dag te voltooi**

30 min





## LIGGAAMSOPVOEDING Inleiding

- Volg die riglyne vir LO-aktiwiteitstasies op bl. 24.

25 min



# DINSDAG

## LUISTER EN PRAAT — Spesiale maaltyd

**15 min**



Indien die Luister en Praat Assessering 1 nie voltooi is, gebruik hierdie week die Luister en Praat-lesse om dit te doen.

**Dink-pare-deel**

- **Dink:** Kan jy aan 'n spesiale maaltyd dink wat jy al gehad het? Dit was dalk spesiaal omdat dit saam met iemand spesiaal was of miskien was dit 'n spesiale geleentheid. Of dit was dalk spesiaal omdat dit so smaaklik was.
- **Pare:** Vertel vir jou maat van 'n spesiale maaltyd wat jy geëet het, en wie daar was om dit saam met jou te geniet.
- **Deel** jou ervaring met die klas.

## KLANKE — Skryf die klanke neer

**BL 156**
**15 min**

- Doen vinnige klankherkenning van klanke wat in Graad 2 aangeleer is.
- Die leerders voltooi die aktiwiteit in die LAB.
- Kontroleer en merk saam.




## HANDSKRIF — Lê hoofletters in lopende skrif vas

**BL 152**
**10 min**

- Volg die riglyne vir Handskriflesse op bl. 9.




## GEDEELDE LEES — Begrip

**BL 128–133**
**15 min**

**Gedeelde Lees**

- Lees ten minste twee bladsye van die storie saam met die leerders.
- Demonstreer **vlotheid en uitdrukking** (let op na leestekens, uitspraak, uitdrukking, goeie tempo).

**Lees in Pare**

- Die maats lees die teks om die beurt terwyl hulle leesvlotheid en lees met uidrukking oefen.
- Luister en gee terugvoering terwyl jy deur die klas loop of gebruik hierdie tyd vir een-tot-een ondersteuning.




## LUISTER EN PRAAT ASSESSERING 2

**BL 157**
**15 min**

### Luisterbegrip

Hierdie begripstaak is gebaseer op die hardopleesstorie *Klipsop*. Dit is in die vorm van 'n *cloze*-aktiwiteit.

**Bespreek die taak**

- Verduidelik dat dit 'n opsomming van 'n storie is.
- Kies die korrekte woord vir elke spasie.
- Merk die woorde af sodra jy hulle gebruik.

**Skryf**

- Voltooi die aktiwiteit in die LAB.

Kontroleer en korrigeer, en laat ruimte vir verskille in die opsomming.

**Sien na:**
Sien bl. 138
**Punte:** 5





## LEES ASSESSERING 2 Individuele lees (Groep B)

**Sien na:**
Sien bl. 140
**Punte:** 10

- Groep B kom na die mat met hul LAB's.
- Gebruik die Gedeelde Lees-storie van Week 1.
- Luister na elke leerder wat hardop vir 1 minuut lees.



- **Onafhanklike Werk:** *Stapelvoedsel*

**BL 158**
**30 min**



DATUM

Stapelvoedsel

Stapelvoedsel is voedsel wat 'n belangrike deel vorm van mense se daaglikse lewe. Dit bevat baie koolhidrate wat vir ons energie gee en ons versadig laat voel. Dit bevat nie baie proteïne en vitamiene nie, so ons kan nie nét dit eet nie.
Verskillende lande se stapelvoedsel is verskillend, afhangende van wat goed in daardie land groei.
Die meeste stapelvoedsel, soos mielies, rys en koring, is graangewasse. Ander soorte is wortelgewasse, soos jams of aartappels. Al hierdie kossoorte kan vir lang tye gestoor word en hoef nie in yskaste gehou te word nie.

1 Noem drie soorte stapelvoedsel.

2 Wat is jou stapelvoedsel?

158 • WEEK 8 • DINSDAG



## AANVANGSKENNIS Saeed leer om goeie besluite te neem

**BL 159**
**30 min**

**Dink-pare-deel**
- **Dink:** Het jy al ooit tandpyn gehad? Hoe voel dit?
- **Pare:** Vertel vir jou maat.
- **Deel** jou ervaring met die klas.

**Lees en bespreek**
- Lees die storie vir en saam met die leerders.
- Bespreek wat met Saeed gebeur het.
- Gesels oor hoe goeie keuses, bv. om nie te veel lekkers te eet nie, hom sou gehelp het.

**Skryf**
- Help die leerders om 'n sin te skryf.



DATUM

Saeed leer om goeie besluite te neem

Saeed het 'n vreeslike tandpyn.

Sy mamma het hom na die tandarts geneem.

Daar was gaatjies in sy tande.

Die tandarts het 'n paar stopsels ingesit.

Sy het gesê: "Eet net af en toe lekkers. Eet eerder vrugte."

"Borsel jou tande, drink melk, eet jogurt en groen groente."

WEEK 8 • DINSDAG • 159



## VISUELE KUNS 'n Vrugtebak (vervolg)

**30 min**

**Voltooi die prente**

**Stal uit en bespreek**
- Die leerders beskryf die verskillende vrugte in hul bakke.





## LIGGAAMSOPVOEDING Aktiwiteitstasies

**25 min**

- Volg die riglyne vir LO-aktiwiteitstasie op bl. 24.



# WOENSDAG



## LUISTER EN PRAAT Menings oor voedsel

15 min



**Verduidelik**

- Ons het alreeds oor jou menings oor stories gepraat. Vandag gaan ons oor jul menings oor voedsel praat.

**Dink-pare-deel**

- **Dink** oor kos waarvan jy regtig hou of nie hou nie en kosse wat jy sal eet as jy moet.
- **Pare:** Verduidelik dit waarvan jy hou/nie hou nie aan jou maat. Sê waarom jy daarvan hou of nie.
- **Deel** jou antwoorde met die klas.
- Lewer kommentaar oor duidelike uitgespreekte menings.
- Teken jou waarnemings in jou aantekeningboek aan.



## KLANKE Skryf sinne

BL 160
15 min

- Doen vinnige klankherkenning van klanke wat in Graad 2 aangeleer is.
- Die leerders voltooi die aktiwiteit in die LAB.
- Kontroleer en merk saam.






## HANDSKRIF Lê hoofletters in lopende skrif vas

BL 152
10 min

- Volg die riglyne vir Handskriflesse op bl. 9.






## LEES Woordeskat en taal

15 min

**Woordeskat (LAB, bl. 144)**

- Lees verlede week se flitskaarte:

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| gulsig | wese | dwaas | dankbaarheid | sjef |

- Die leerders kontroleer verlede week se woordeskataktiwiteit in die LAB en korrigeer dit.

**Sinswerk (LAB, bl. 148)**

- Skryf die korrekte sin op die bord. Die leerders kontroleer hul sin.
- Die leerders lees hul eie sin vir 'n maat.









## SKRYF Oorbrugging na Engels

BL 161
15 min

**Woordeskat**

- Praat oor hoe om die flitskaartwoorde in Engels te sê.

**Sin**

- Bespreek hoe om die sleutelsin in Engels uit te druk.

**Skryf**

- Voltooi die aktiwiteit in die LAB.
- Kontroleer en korrigeer antwoord met die klas.



## LEES ASSESSERING 2 Individuele lees (Groep C)

- Groep C kom na die mat met hul LAB's.
- Gebruik die Gedeelde Lees-storie van Week 1.
- Luister na elke leerder wat hardop vir 1 minuut lees.

**Sien na:**
Sien bl. 140
**Punte:** 10

- **Onafhanklike Werk:** *Mielies*

BL 162
30 min


DATUM

Mielies

Mielies is 'n tipe gras met eetbare vrugte. Dit is 'n belangrike stapelvoedsel in baie dele van die wêreld. Mieliesade is ongeveer 500 jaar gelede vanaf Suid-Amerika na Suid-Afrika gebring. Hierdie sade het baie verskillende kleure gehad. Vandag word wit of geel mielies verbou en oral in Afrika geëet. Gemaalde droë mielies word gebruik om pap mee te maak en staan bekend as isidudu, mieliepap, sadza, nshima of ugali. Mielies word ook gemaal tot meel om verskillende soorte brode mee te bak.

Sekere mieliepitte ontplof as dit verhit word, wat vir ons 'n heerlike happie gee, naamlik springmielies. Graanvlokkies word ook van mielies gemaak.

1 Is mielies inheems aan Afrika?
2 Word mieliemeel van mielies gemaak?
3 Springmielies word van mielies gemaak, maar is dit 'n stapelvoedsel? Waarom?

162 • WEEK 8 • WOENSDAG

## AANVANGSKENNIS ASSESSERING 2

### Maak goeie keuses

**Lees en bespreek**

- Lees weer die storie **Saeed leer om goeie besluite te maak** saam met die klas.
- Lees die vrae vir die klas. Herinner leerder aan die verskillende vraagtipes.

**Skryf**

- Die leerders voltooi die aktiwiteit in die LAB.

**Sien na:**
Sien bl. 146
**Pubte:** 15

BL 163
30 min


DATUM

Maak goeie keuses

Lees die storie op bladsy 159. Beantwoord die vrae.

1 Omkring die regte woorde.
a Saeed het tandpyn omdat **hy 'n gat in sy tand gehad het** / **iemand hom geslaan het** / **hy op iets hard gebyt het**.
b Saeed se mamma het hom na **die dokter** / **die tandarts** / **die skool** geneem.
c Die tandarts het 'n **boor** / **spieel** en **'n skerp lig** / **'n vergrootglas** gebruik om in Saeed se mond te kyk.
d Die tandarts het Saeed se **tande uitgetrek** / **gaatjies oopgelos** / **gaatjies gestop**.
e Die tandarts het vir Saeed **'n lekker** / **'n vrug** / **'n glas melk** gegee nadat sy tande gestop is.

2 Die tandarts het vir Saeed gesê om "goeie koskeuses" te maak. Omkring die kosse wat goed is vir ons tande.

3 Hoe kan jy jou tande gesond hou? Voltooi hierdie sinne.
a Ek moet ______ en ______ eet om gesonde tande te hê.
b Die ______ in hierdie kosse help dat die tande sterk groei.
c Ek moet lekkers net ______ eet.

WEEK 8 • WOENSDAG • 163

## UITVOERENDE KUNSTE Groepdramatisering

30 min



**Berei voor**

- Deel die klas in groepe van drie of vier.

**Bespreek**

- Hersien die storie **Saeed leer om goeie keuses te maak**.
- Bespreek die verskillende tonele en aksies in die storie.

**Doen**

- Die leerders oefen in hul groepe 'n toneel uit die storie.

## LIGGAAMSOPVOEDING Aktiwiteitstasies

25 min



- Volg die riglyne vir LO-aktiwiteitstasies op bl. 24.

# DONDERDAG

## LUISTER EN PRAAT — Berei storieresensie voor

**15 min**



**Dink-pare-deel**

- **Dink:** Kies 'n storie wat jy al gehoor of gelees het om 'n resensie daaroor te skryf. Dit moet een wees wat jy baie goed kan onthou. Dit **mag nie** een wees waaroor jy alreeds geskryf het nie, maar dit **kan** een wees waaroor jy al gepraat het of in Luister en Praat-lesse van gehoor het. Jou resensie gaan geassesseer word.
- **Pare:** Vertel vir jou maat watter storie jy gekies het en waarom.
- **Deel** jou keuse met die klas.
- Teken jou waarnemings in jou aantekeningboek aan.

## KLANKE — Voltooi die sinne

**BL 164**
**15 min**

- Doen vinnige klankherkenning van klanke wat in Graad 2 aangeleer is.
- Die leerders voltooi die aktiwiteit in die LAB.
- Kontroleer en merk saam.




## HANDSKRIF — Lê hoofletters in lopende skrif vas

**BL 152**
**10 min**

- Volg die riglyne vir Handskriflesse op bl. 9.




## LEES — Oefen vlotheid

**BL 165**
**15 min**

**Lees deur die teks saam met die leerders**

- Die leerders gebruik 'n potlood om die teks in logiese korter frases te "sny" voordat hulle dit lees. Byvoorbeeld: Op daardie oomblik/het klein Magrietjie/ingehardloop gekom/om vir haar pappa'n drukkie te gee./"Moenie aan my raak nie, Magrietjie!"/het hy geskree./ Maar dit was te laat!/...

**Lees in Pare**

- Die maats lees die teks om die beurt.
- Hou tyd vir elke leesbeurt (1 min elk). Skryf neer hoeveel reëls hulle gelees het.
- Herhaal.

**Gee terugvoering**

- Lees die teks saam met die leerders.
- Die leerders omkring enige woorde wat hulle verkeerd gelees het.
- Moedig hulle aan om die leesteks vir 'n gehoor by die huis te lees.




## SKRYF — Berei voor vir assessering

**15 min**

**Bespreek die taak**

- Beplan die skryf van 'n storieresensie vir assessering.
- Beplan
  - Hoe sal jy die storie **opsom**? Skryf 'n paar woorde of frases neer, bv. twee kinders, woud, huis gemaak van lekkers, mensvreter, ontsnap, les geleer.
  - Dink oor jou eie mening van die storie. Skryf 'n paar woorde of frases neer, bv. gehou van/nie gehou van nie, bangmaak, laat my dink dat ek daarvan sal hou om in 'n huis van lekkers te woon, gelukkige einde.
- Wanneer jy 'n plan het, begin om jou resensie skryf. Jy gaan dit môre voltooi.

**Storieresensie**
**Titel:** Hansie en Grietjie
**Skrywer:** Funda Wande
**Opsomming:** Hierdie storie gaan oor ... (2–3 sinne)
**Mening:** (1–2 sinne)



## LEES ASSESSERING 2 Individuele lees (Groep D)

- Groep D kom na die mat met hul LAB's.
- Gebruik die Gedeelde Lees-storie van Week 1.
- Luister na elke leerder wat hardop vir 1 minuut lees.

**Sien na:**
Sien bl. 140
**Punte:** 10



- **Onafhanklike Werk:** *Rys*

BL 166
30 min


DATUM

Rys

Rys is 'n soort gras met eetbare sade. Dit is die stapelvoedsel vir meer as die helfte van die mense in die wêreld, veral in Asië en Noord-Afrika. Rys groei in warm, nat klimate en in plat landerye vol water. Daar is verskillende soorte rys. Bruinrys is rys waarvan die harde, buitenste laag verwyder is. Dit bevat meer vesel en voedingstowwe as witrys. Rys kan tot meel gemaal word om ryskoekies en pasteikors te maak. Die dele van die plant wat nie geëet word nie, kan gebruik word om matte, klere, kunsmis en brandstof te maak.

1 Skryf die woord neer wat vir ons sê dat ons die sade van die rysplant eet.

2 Omkring al die regte antwoorde: Rys is 'n stapelvoedsel in China / Indië / Noorweë.

3 Is bruinrys gesonder as witrys?

166 • WEEK 8 • DONDERDAG



## AANVANGSKENNIS Konsepverslag

30 nin

**KWL-kaart (LAB, bl. 137)**
- Help die leerders om die laaste ry te voltooi.

**Aanvaar, verwerp**
- Hou drie tweetalige flitskaarte vir elke woord op en vra die vrae.

**Tandarts**
1. 'n Dokter wat jou oë gesond maak.
2. 'n Dokter wat jou tande gesond maak.
3. Gebruik 'n spieël om na jou tande te kyk.

**Verrotting**
1. Tande is sterk en gesond
2. Daar is gaatjies in die tande.
3. Jy het tandpyn.

**Stopsels**
1. Iets wat gebruik word om 'n gaatjie in 'n tand te vul.
2. Iets wat jou maag laat vol voel.
3. 'n Tandarts plaas 'n stopsel in jou tande.

**EAT:** *dentist*, *decay*, *filling*
tandarts, verrotting, stopsel



## UITVOERENDE KUNSTE Voer op

30 min



**Voer op**
- Groepe maak beurte om hul tonele vir die klas uit te voer.

**Evalueer**
- Moedig positiewe kommentaar na elke uitvoering aan.
- Lewer kommentaar op woordeskat, gevoelens gewys en aksies.



## LIGGAAMSOPVOEDING Aktiwiteitstasies

25 min



- Volg die riglyne vir LO-aktiwiteitstasies op bl. 24.

# VRYDAG

## LUISTER EN PRAAT — Oorsig van die week

15 min

**Dink-pare-deel**

- **Dink:** Gesels oor iets interessants wat jy hierdie week geleer het.
- **Pare:** Deel dit met jou maat.
- **Deel:** Wat gaan jy volgende week anders doen?



## KLANKE ASSESSERING 2 — Spoedlees woorde

BL 167

10 min

- Volg die riglyne vir spoedlees van woorde op bl. 8.

**Sien na:**
Sien bl. 139
**Punte**: 5



DATUM

Spoedlees woorde

Lees vir een minuut.

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| klits | serp | niks | arm | skaars |
| klomp | kaart | self | dors | skelm |
| kramp | help | dalk | maats | smelt |
| swerm | sink | dans | nerf | trots |
| kring | dorp | kant | warm | grond |
| brand | kort | kamp | mors | drank |
| plank | skulp | terg | boks | frank |
| stamp | lank | park | sing | prent |
| stert | slurp | fluks | kerm | streng |
| tronk | bang | kolf | gerf | skerp |

Hoogste telling: ______ woorde

WEEK 8 • VRYDAG • 167

## HANDSKRIF ASSESSERING 1

### Hoofletters in lopende skrif en verbinding van hoof- en kleinletters

BL 152

10 min

- Volg die riglyne vir Handskriflesse op bl. 9.

**Sien na:**
Sien bl. 141
**Punte**: 5




## LEES — Onafhanklike Werk

15 min

**Lees en beantwoord die vrae**

- Lees hierdie week se OW-teks hardop **vir** die klas. Die leerders volg in hul boeke.
- Lees die vraag/vrae na elke teks. Vir die tekste vir Maandag tot Donderdag, gee die antwoorde en laat die leerders self die antwoorde merk.

**Bespreek die teks**

- Van watter teks het jy die meeste gehou? Hoekom?
- Het jy enige nuwe feite geleer? Nuwe woorde?

**Sien na**

- Parafeer net. Let op wie nie in staat is om te lees en die vrae te beantwoord nie.



## SKRYF ASSESSERING 2 — Storieresensie

15 min

- Die leerders gebruik hul plan om ’n resensie oor die storie te skryf.

**Sien na**:
Sien bl. 142
**Punte**: 10





## LEES ASSESSERING 2 — Individuele lees (Groep E)

- Groep E gaan na die mat met hul LAB's.
- Gebruik die Gedeelde Lees-storie van Week 1.
- Luister na elke leerder wat uit die hardopleesteks vir 1 minuut lees.

**Sien na:** Sien bl. 140
**Punte:** 10



- **Onafhanklike Werk:** *Koring*

**BL 168**
**30 min**






## AANVANGSKENNIS — DBO-werkboektyd

**30 min**

**Sien na en gee terugvoering**

- Gaan saam deur verlede week se DBO-werkboekbladsye.
- Die leerders korrigeer of voltooi die aktiwiteite.

**Voltooi DBO-werkboekbladsye**

- Lewensvaardigheid Werkboek 1 Werkvel 19 Eet gesond, bl. 38 en 39.
- Huistaal Werkboek 1, bl. 128–129.






## LIGGAAMSOPVOEDING — Aktiwiteitstasies

**25 min**

- Volg die riglyne vir LO-aktiwiteitstasies op bl. 24.



## ONDERWYSER SE WEEKLIKSE OORSIG

**Hierdie week het ek:**

- **die LAB'e, Handskrif- en Skryfboeke ingeneem** en kommentaar oor die skryfwerk geskryf.
- **die werk nagesien en gekorrigeer** en sekere areas geïndentifiseer waar daar leemtes is of waar spesifieke leerders meer ondersteuning nodig het.
- **terugverwys na die Weeklikse Oorsig** en enige les wat ek nie in staat was om te voltooi nie, geïdentifiseer.
- **my aantekeningboek/dagboek deurgegaan** en vasgestel of enige leerders volgende week addisionele individuele onderrigtyd of individuele oefening moet kry.

**Ek het 'n tyd geskeduleer om volgende week:**

- **enige opvangwerk met die klas** te doen of algemene terugvoering soos nodig te gee.
- **individuele** onderrig te doen, bv. as die klas besig is of vroeg in die oggend.
- **Ek het vooruit beplan vir volgende week** om te verseker dat ek voorbereid is en alles het wat ek nodig het om die week te begin..

## OORSIG WEEK 9



# Meer oor insekte

### UITKOMSTE VIR DIE WEEK

**Die leerders sal:**

- Meer omtrent insekte verstaan.
- Oor ongewone insekte en ongewone feite oor insekte leer.
- Lees en gesels oor die betekenis van ses gedigte.
- In groepe ’n gedig vir die klas opvoer.
- Eenvoudige dagboekinskrywings lees en ’n dagboek byhou vir ’n week.
- Taalkenmerke wat met die skryf van ’n dagboek gepaard gaan identifiseer en oefen.
- Sommige kenmerke van ’n dagboek identifiseer.

### VOORBEREIDING

**Flitskaarte**

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **Geletterdheid** | strofe/vers | gedig | dagboek | dagboekinskrywing | observasies (waarnemings) |

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Lewensvaardigheid** | spinnekop | spuit | platdruk |
| | *spider* | *spray* | *squash* |

**Sinne**

*Vandag is sonnig en warm. Daar is ’n ligte windjie. Die weer is mooi.*

### TOERUSTING

- Versamel skoon herwinbare materiale, bv. papier of plastiekstrooitjies, leë toiletrolletjies of leë handdoekrolle, eierboksies, jogurtbakkies, botteldoppies, ens.
- Verf en/of kryte
- Benodigdhede vir gekose Liggaamsopvoedingsaktiwiteite
- Die leerders se skryfboeke

### ASSESSERING

**Neem in en merk:** Woordeskat (Woensdag); Sinne (Donderdag); Handskrif (Vrydag)

**Informeel:** Spoedlees van woorde (Vrydag); Skryf (dagboekinskrywing); Handskrif; Begrip (oorsig van gedig); Woordeskat en taalwerk, AK-bladsye, daaglikse dagboekinskrywings.

# Mandla en die klein, swart spinnekop

*Hierdie storie sluit aan by die Lewensvaardigheid tema oor insekte. Die onderwyser lees dit op Maandag (sien OG, bl. 124)*

Mandla het 'n klein swart-en-wit spinnekop wat op die muur geloop het, dopgehou. Dit was nie die soort spinnekop wat 'n web gespin het nie. Dit was 'n spinnekop wat gespring en insekte gevang het. Die spinnekop het 'n lekker vet vlieg wat op die tafel gesit het, gesien. Die spinnekop het stadig nader aan die vlieg gekruip. Toe spring dit op die vlieg. "Kyk!" het Mandla gesê. "Die spinnekop is besig om te jag!"



Mandla se ma het ingekom "'n Spinnekop!" het sy gesê. "Waar is die Doom sodat ek dit kan dood spuit!"

"Nee, Ma," het Mandla verontwaardig gesê. "Hy help vons. Kyk, hy is besig om 'n vieslike vlieg wat op my brood en konfyt gesit het, te eet. Gogo het gesê dat vlieë kieme op ons kos oordra wat ons baie siek kan maak."

"Dit is die reine waarheid," het Mandla se ma geantwoord. Hulle het saam die spinnekop dopgehou.

"Dit was nou aangenaam, maar ek sal daarvan hou om nóg so 'n smaaklike, vet vlieg te vang," het die spinnekop gesê, alhoewel Mandla en sy ma hom natuurlik nie kon hoor nie. Hulle het gesien hoe die spinnekop 'n ander vlieg volg.



"Kyk, Ma, kyk," het Mandla opgewonde gesê, "die spinnekop is besig om te jag! Dit is soos 'n jagluiperd wat besig is om die rooibokke te jag, net soos op TV." Mamma het spontaan hande geklap.

"Jy en jou klein jagter!" het sy glimlaggend gesê. "Nou ja, laat hy maar al die vlieë vang. Ek hou in elk geval nie daarvan om Doom te gebruik nie. As Doom giftig is vir insekte, is dit skadelik vir ons ook."

Op daardie oomblik het Mandla se ouer broer in die kombuis ingekom. Hy het gesien dat Mandla en sy ma die spinnekop dophou. "'n Spinnekop!" het hy geskree. "Wag, laat ek dit platdruk!" het hy gesê.

"Nee, nee, Boeta!" het Mandla en sy ma saam uitgeroep. "Los dit, asseblief, Boeta," het Mandla beangs gesê. "Dit vang die vlieë wat op ons kos sit, net soos 'n jagluiperd."

"Soos 'n jagluiperd?" het Mandla se broer verbaas gesê. "Is jy nou stapelgek, Mandla?"



Mamma het lekker gelag. "Dit is waar," het sy laggend gesê. "Kom hou hom net dop. Dit is soos 'n klein jagluiperd wat vir ons help."

So het hulle drie gesit en met groot verwondering die klein spinnekop dopgehou. Die spinnekop het nog 'n vlieg gevang. Dit het ook 'n muskiet gevang.

"Sjoe!" het Mandla se broer verstom uitgeroep. "Ek hoop dit is die muskiet wat my laasnag wakker gehou het. Wel gedaan, klein spinnekop. Jy jag soos 'n jagluiperd. Ek sal van nou af nie meer vir jou of jou familie platdruk nie!" Mandla het trots geglimlag.

Die klein spinnekop het glad nie gehoor wat Mandla se boeta gesê het nie. Hy het net die muskiet opgeëet. "Dit was nou smaaklik!" het die spinnekop gesê. Natuurlik kon Mandla, sy boeta en sy ma hom nie hoor nie.

# MAANDAG



## LUISTER EN PRAAT Nuus

15 min

**Dagboeke**
- Verduidelik, oordat die naweeknuus gedeel word, dat die leerders hierdie week 'n dagboek gaan lees en self dagboekinskrywings gaan skryf.
- Verduidelik wat 'n dagboek is (byhou van gebeure, gedagtes, gevoelens, waarnemings). Dit kan daagliks, weekliks of net wanneer jy 'n behoefte het, ingeskryf word.
- Verduidelik dat 'n dagboek ons help om gebeurtenisse en ook hoe ons op sekere tye gevoel het, te onthou.

**Dink-pare-deel**
- **Dink:** Het jy enige spesiale nuus oor die naweek wat jy in jou dagboeke kan skryf?
- **Pare:** Vertel jou nuus vir jou maat. Reageer gaaf teenoor mekaar.

**Deel nuus met die klas**
- Teken jou waarnemings in jou aantekeningboek aan.

**Berei die leerders vir die skoolweek voor** (*wat om te bring, spesiale gebeure, ens.*).



## KLANKE Voltooi die blokkiesraaisel

BL 177
15 min




Samestellings – Woorde wat saam gebruik word om een woord met 'n nuwe betekenis te vorm.

- Doen vinnige klankherkenning van klanke wat in Graad 2 aangeleer is.
- Die leerders voltooi die aktiwiteit in die LAB.
- Kontroleer en merk saam.



## HANDSKRIF Lê verbindings vas

BL 176
10 min




- Volg die riglyne vir Handskriflesse op bl. 9.



## LEES Onderwyser lees hardop

OG
BL 123
15 min



**Vóór lees**
- Wat doen jy as jy 'n vlieg sien? 'n Muskiet? 'n Spinnekop?
- Voorsien 'n doel om te luister: Luister om uit te vind hoe spinnekoppe help om ons te beskerm teen party ander insekte.

**Lees die teks vir die leerders**

**Ná lees**
- Wat het die klein spinnekop geëet?
- Wat wou Mandla se ma aan die spinnekop doen?
- Wat wou sy broer doen?
- Waarom het Mandla hulle gekeer om nie die spinnekop dood te maak nie?
- Waarmee het hy die spinnekop vergelyk? Hoekom?
- Sal jy van nou af na spinnekoppe omsien?

## LUISTER EN PRAAT BEGRIP

15 min



- Onderrig 'n les wat op klankleesboeke gebaseer is.




## GROEPBEGELEIDE LEES EN ONAFHANKLIKE WERK

**BL 178**
**30 min**

- **Groepbegeleide Lees:** Groep A en B
- **Onafhanklike Werk:** *Daaglikse dagboek*






## AANVANGSKENNIS Nog wesens

**BL 179**
**30 min**

**Stel die konsep bekend**
- Hoeveel weet jy reeds van insekte en ander goggas? Sal jy graag nog wil leer?

**Dink-pare-deel**
- **Dink:** Wat weet jy van insekte en ander goggas?
- **Pare:** Vertel vir jou maat.
- **Deel** jou kennis met die klas.

**Gedeelde Skryf: KWL-kaart**
- Skryf die leerders se bydrae in ry 1 van jou KWL-kaart op die bord.
- Vra: Wat wil jy graag hierdie week van insekte en ander goggas leer? Skryf dit in ry 2.
- Die leerders kies een item in elke ry om in hul KWL-kaart te skryf.






## VISUELE KUNSTE Insekkuns

**BL 180**
**30 min**

**Oor die beeldhouwerk**
- Hierdie groot beeldhouwerke van 'n spinnekop, 'n kakkerlak en 'n paar miere is op die muur van die KwaZulu-Natal Museum in Pietermaritzburg.
- Dit is graveer uit veselglas ('n spesiale soort plastiek wat in 'n vorm gegiet kan word en wat baie sterk is) en metaal.
- Dit is ontwerp om mense se nuuskierigheid oor die museum te prikkel.

**Pare**
- Kyk na die prente van die wesens van naby.
- Beantwoord die vrae in die LAB.

**Klasbespreking**
- Kom ons ontwerp 'n groot gogga deur afvalmateriaal soos bokse, eierdosies, plastiekbottels, jogurthouertjies, ou plastiekstrooitjies, ens. te gebruik.
- Watter soort wesens kan ons maak? Hoeveel pote? Hoeveel oë? Hoeveel liggaamsdele?
- Teken 'n skets van jou gogga.






## LIGGAAMSOPVOEDING Inleiding

**30 min**

- Volg die riglyne vir LO-aktiwiteitstasies op bl. 24.



# DINSDAG

## LUISTER EN PRAAT — Lees en dra ’n gedig voor

15 min



**Voer gedigte op**

- Gesels oor hoe ’n gedig in ’n spreekkoor uitgevoer word.
- Demonstreer met ’n klein groep. (Posisie, groter die leerders agter, lees uit boeke maar maak gereeld oogkontak, leier begin, lees saam met uitdrukking, een of twee versreëls kan deur een leerder gelees word/seuns lees/meisies lees/hard of sag, ens.)

**Groep**

- Deel die klas in groepe van 5–6 leerders. Wys ’n leier aan.
- Groepe bespreek en stem oor watter gedig hulle uit die LAB (bl. 170–175) gaan lees.

## KLANKE — Skryf die woorde reg

BL 181
15 min




Samestellings – Woorde wat saam gebruik word om een woord met ’n nuwe betekenis te vorm.

- Doen vinnige klankherkenning van klanke wat in Graad 2 aangeleer is.
- Die leerders voltooi die aktiwiteit in die LAB.
- Kontroleer en merk saam.

## HANDSKRIF — Lê verbindings vas

BL 176
10 min

- Volg die riglyne vir Handskriflesse op bl. 9.




## GEDEELDE LEES — Leesbegrip

BL 170–175
15 min




**Vóór lees**

- Verduidelik dat vir hierdie week jy gedigte gaan lees.
- Hoe verskil dit van ’n storieteks?
- Hoe is dit saamgestel/georganiseer? (*daar is versreëls en strofes of verse*)
- Is die leestekens dieselfde as in ’n storie? (*Nee, baie keer begin ’n versreël met hoofletter, of daar is kommas tussen die versreëls.*)

**Gedeelde Lees**

- Lees die gedigte **saam met** die leerders.
- Verduidelik nuwe woorde of konsepte.
- Vra vrae ná die lees van elke gedig en laat ’n paar leerders daarop reageer.
- Lees die finale bladsy wat ’n oorsig van ’n gedig is. Bespreek of die leerders saamstem.

**Ná lees**

- Van watter gedig het *jy* die meeste/minste gehou? Hoekom?

## SKRYF — Resensie van ’n gedig

BL 182
15 min




**Lees en bespreek vrae**

- Hierdie is die *op jou eie*-vrae. Daar is geen regte of verkeerde antwoord nie.
- Die leerders moet hul opinies regverdig. Byvoorbeeld:
- Ek hou van die gedig omdat daar mooi woorde in is/dit mooi klink/dit snaaks is/dit die waarheid is, ens.
- Ek hou nie van gedig nie omdat dit vir babas is/nie waar is nie/ek dit nie verstaan nie/dit vervelig is.

**Skryf**

- Die leerders skryf ’n kort opsomming van ’n gedig.

**Kontroleer en korrigeer**



## GROEPBEGELEIDE LEES EN ONAFHANKLIKE WERK

**BL 183**
**30 min**

- **Groepbegeleide Lees:** Groep C en D



- **Onafhanklike Werk:** *Daaglikse dagboek*






## AANVANGSKENNIS

### Interessante feite oor insekte

**BL 184**
**30 min**

**Lees en bespreek**
- Hersien die storie van Mandla en die klein, swart spinnekop. Oor watter wesens het jy gelees?
- Het jy al ooit só 'n spinnekop gesien?
- Lees die bladsy in die LAB vir en saam met die leerders.

**Dink-pare-deel**
- **Dink:** Watter feit was die interessantste?
- **Pare:** Verduidelik in jou eie woorde vir jou maat.
- **Deel** die feit met die klas.

**Skryf**
- Voltooi die aktiwiteit in die LAB.






## VISUELE KUNSTE

### Insektekuns (vervolg)

**30 min**

**Die leerders het die volgende nodig:** Skoon herwinbare materiale (sien bl. 122), verf en/of kryte.

**Stel die taak bekend**
- In groepe, maak 'n groter-as-lewensgrootte grootte gogga/insek met herwinbare materiale.

**Demonstreer die boks beeldhouwerktegnieke voordat hulle begin**
- Stapel een stuk materiaal bo-op die ander om tekstuur te skep, bv. 'n botteldoppie bo-op 'n eierdosie om oë te skep.
- Verbind die pote of voelhorings deur klein gaatjies in die beeldhouwerk te maak en strooitjies of pypskoonmakers in die gaatjies te druk en dit van binne af te versterk. Verpakkingskleefband kan ook gebruik word.
- Gebruik papier, dik verf en ander materiale om die oppervlak te versier.

**Groep**
- Die leerders beplan 'n gogga en kies die materiale.
- Hulle begin om die gogga te maak deur die tegnieke te gebruik wat aangeleer is.

**Bêre dit veilig om gedurende die laaste week van die kwartaal te voltooi.**





## LIGGAAMSOPVOEDING

### Aktiwiteitstasies

**25 min**

- Volg die riglyne vir LO-aktiwiteitstasies op bl. 24.



# WOENSDAG



## LUISTER EN PRAAT Lees en dra ’n gedig voor

15 min



**Groep**

- Elke groep kies een gedig op bl. 170 tot 174 in die LAB.
- Lees jou gekose gedig twee tot drie maal saam deur. Sommige versreëls kan deur individue gelees word.
- Beweeg van groep tot groep om die leerders te ondersteun.



## KLANKE Voltooi die rymsinne

BL 185

15 min

Samestellings – Woorde wat saam gebruik word om een woord met ’n nuwe betekenis te vorm.

- Doen vinnige klankherkenning van klanke wat in Graad 2 aangeleer is.
- Die leerders voltooi die aktiwiteit in die LAB.
- Kontroleer en merk saam.






## HANDSKRIF Lê verbindings vas

BL 176

10 min

- Volg die riglyne vir Handskriflesse op bl. 9.






## GEDEELDE LEES Woordeskat

BL 170–175

15 min

**Gedeelde Lees**

- Lees weer die gedigte **saam met** die leerders.
- Eie woorde: Die leerders onderstreep die vyf woorde waarvan hulle die meeste hou terwyl jy lees.
- Die leerders deel hul woorde met ’n maat.
